

WILLIAM SHAKESPEARE

HAMLET

PRINS VAN DENEMARKE

IN AFRIKAANS VERTAAL DEUR
D. P. DE KLERK

MET 'N VOORWOORD DEUR
OUD-HOOFREGTER H. A. FAGAN



TAFELBERG-UITGEWERS (EDMS.) BEPERK
KAAPSTAD

1959



X
PR
2798



G.
3451/60

VOORWOORD

Senator D. P. de Klerk het my die voorreg en die genoeë gegun om nie alleen sy vertaling van *Hamlet* te mag lees toe dit nog maar in manuskripvorm bestaan het nie, maar ook om insae te hê in aantekeninge wat hy gemaak het terwyl hy met die vertaalwerk aan die gang was.

Dié aantekeninge het blyke gegee van onvermoeide ywer aan die kant van die vertaler om in alle gevalle waar daar duisterheid mog wees omtrent die betekenis van die taal van driehonderd-en-vyftig jaar gelede wat Shakespeare gebruik het, of onsekerheid omtrent die strekking van sy sinwendings en sy beeldspraak, die mees gesaghebbende verklarings na te gaan en te sorg dat die Afrikaans 'n juiste weergawe van die skrywer se gedagtes is. Die Senator sê my dat hy o.m. voor hom gehad het 'n uitgawe van Shakespeare se werke wat omtrent honderd-en-vyftig jaar gelede verskyn het, en wat 'n deurtastende studie van *Hamlet* bevat, met vertolkings van Samuel Johnson, Warburton, Steevens, Malone en andere. Hy het 'n Nederlandse vertaling van Burgersdijk en 'n Duitse van Schlegel by die hand gehad, en sê daarvan: „Dit was my tot groot hulp by die vertolking van moeilike passasies, hoewel ek probeer het om die oorspronklikheid van my vertaling geen geweld aan te doen nie.”

Ek weet ook, uit gesprekke wat ek van tyd tot tyd met senator De Klerk gehad het, dat hy jare lank aan hierdie vertaling gewerk het en hom met liefde en geesdrif aan die werk gewy het. Toe hy die eindresultaat in my hande stel, het hy gesê: „Drie vorige manuskripte is agtereenvolgens voltooi en vernietig; hierdie is die vierde en, hoop ek, die laaste poging.”

Die vertaler het hom toegelê op 'n getroue weergawe nie alleen van die betekenis nie, maar ook — wat by 'n vertaling baie moeilik is — van die ritme van die oorspronklike. Ek wil 'n voorbeeld noem wat sy sukses in beide opsigte illustreer. Shakespeare laat vir Hamlet sê:

O, that this too too solid flesh would melt,
Thaw, and resolve itself into a dew!
Or that the Everlasting had not fix'd
His canon 'gainst self-slaughter!

Die aantekeninge toon dat die vertaler hier sorgvuldige studie gewy het aan die woorde „resolve” en „canon”. Laasgemelde woord staan in die eerste uitgawes as „cannon”. Daar is kommentators gewees wat dit werklik as 'n verwysing na 'n stuk artillerie gelees het: „Or that the Almighty had not planted his artillery, or arms of vengeance, against selfmurder” (Theobald). Maar Malone sê dat in Shakespeare se tyd

„canon” (*norma*) algemeen „cannon” gespel was. Senator De Klerk gee hierdie vier reëls dan ook as volg weer:

O dat die al te vaste vlees wou smelt,
vervloei en tot 'n dou verdamp; of dat
die Ewige Voorsienigheid selfmoord
ons nie verbied het nie.

Dit lees mooi, dit volg Shakespeare se ritme, en dit gee 'n betekenis weer waarvan die vertaler hom deur sorgvuldige navorsing vergewis het.

Sulke nougesette juistheid verleen aan die werk meer waarde as bloot dié van 'n vertaling; dit dien tot toeligting van die oorspronklike wanneer dit daarnaas gelees word.

Hierdie vertaling van *Hamlet* het my groot genot verskaf, en ek vertrou dat dit genoeg sal gee aan vele andere, aan wie die uitgawe daarvan die geleentheid bied om daar kennis mee te maak.

H. A. FAGAN

20 April 1959

P e r s o n e

Claudius: koning van Denemarke

Hamlet: seun van die vorige en neef van die teenswoordige koning

Horatio: vriend van Hamlet

Polonius: opperkamerheer

Laertes: seun van Polonius

Voltimand

Cornelius

Rosenkrantz

Guildenstern

Osrice

'n Heer

'n Priester

Marcellus

Bernardo

Francisco: 'n soldaat

Reynaldo: bediende van Polonius

Toneelspelers

Twee grafdelwers

Fortinbras: prins van Noorweë

'n Kaptein

Engelse afgesante

Gertruida: koningin van Denemarke en moeder van Hamlet

Ophelia: dogter van Polonius

Howelinge, hofdames, offisiere, matrose, boodskappers en andere

Die toneel is in Denemarke, te Elsinoor.

ERRATA

- Bl. 1. Haal deur *Horatio en Marcello* op in 22ste reël van bo.
- Bl. 12. Geen komma na *oordeelsdag* nie, maar 'n kommapunt na *verduistering*.
- Bl. 13. In die voorlaaste passasie, 4de reël (*Horatio*): *Vir Ons wagstaan is ten einde: neem my raad* lees *Ons wag word afgelas; neem nou my raad*.
- Bl. 15. (*Koning aan Laertes*): *Vir hand* in 6de reël lees *hart*. Voeg 'n daaropvolgende 7de reël by (per abuis uitgelaat): *die hand nie aan die mond diensvaardiger*.
- Bl. 15. (*Polonius*): *Vir ontwrig* in 2de reël lees *onttering*.
- Bl. 26. (*Horatio*) 3de reël van laaste passasie: *Vir waarvan die voetstuk oorhel na die see* lees *wat van sy voetstuk oorhel na die see*.
- Bl. 32. Laaste passasie: Die eerste 4 reëls van hierdie passasie moet soos volg lees:
*HAMLET: Rus, rus, versteurde gees. En nou my vriende
beveel ek my met alle liefde by
jul aan, en wat 'n arme man soos Hamlet
kan doen om jul sy liefde en vriendskap te betuig—en wat volg.*
- Bl. 47. (11de reël van bo): *Vir was* lees *wat*.
- Bl. 55. (*Ophelia aan Hamlet*): Vul volgende ontbrekende reël na die 5de reël in (laaste passasie): *Hier, neem hul, prins*.
- Bl. 58. Laaste passasie 6de reël: Vul *die* in voor *deug*. Vervang *haar* in selfde reël deur *sy*. Vul *menslike* in voor *natuur* in laaste reël.
- Bl. 62. *Vir Spelerkoning en Spelerkoningin* lees *Toncelkoning en Toneelkoningin*.
- Bl. 63. (17de reël van bo): *Vir meesal* lees *meestal*.
- Bl. 87. In 23ste reël van bo lees *Koningin* vir *Koning*.

EERSTE BEDRYF

EERSTE TONEEL

(*Elsinoor: 'n Terras voor die kasteel. Francisco op wag.
Bernardo op.*)

BERNARDO: Wie's daar?

FRANCISCO: Nee, antwoord my, bly staan, sê wie jy is.

BERNARDO: Lank lewe die koning.

FRANCISCO: Jy, Bernardo?

BERNARDO: Hy.

FRANCISCO: Jy kom presies op die afgesproke tyd.

BERNARDO: Twaalfuur het pas geslaan. Na bed, Francisco.

FRANCISCO: Vir die aflossing dank; dis bitter koud
en ek is mat en moeg.

BERNARDO: En was jou wagstaan stil?

FRANCISCO: Geen muis gewaar nie.

Nou, goeie nag.

BERNARDO: As jy my waggenote teëkom,

Horatio en Marcellus, spoed hul hierheen.

FRANCISCO: Ek dink ek hoor hul reeds. Staan stil! Wie's daar?

(*Horatio en Marcellus op*)

HORATIO: Landgenote.

MARCELLUS: En dienaars van die koning.

FRANCISCO: Goeie nag.

MARCELLUS: O, kranige soldaat, vaarwel!

Wie het jou afgelos?

FRANCISCO: Bernardo het.

Wel, goeie nag.

(*Francisco af*)

(*Horatio en Marcellus op*)

MARCELLUS: Hoor hier, Bernardo.

BERNARDO: Wat? Horatio daar?

HORATIO: 'n Stuk van hom. ¹

BERNARDO: Welkom, Horatio, welkom, vriend Marcellus.

MARCELLUS: Sê, het die ding al weer vannag verskyn?

BERNARDO: Ek 't niks gesien nie.

MARCELLUS: Horatio sê dis ons verbeelding slegs;

geloof aan hierdie skrikbeeld — twee maal reeds

deur ons gesien — laat hy nie posvat nie.

Ek het hom dus oorreed om saam met ons

deur hierdie nag se trae ure te waak,
sodat, as hierdie spooksel weer verskyn,
hy dan ons oë kan glo en met hom praat.

HORATIO: Ag kom, hy sal nie weer verskyn nie.

BERNARDO: Sit

'n rukkie dan: laat ons jou oor nog eens
bestorm — so goed verskans teen ons verhaal
van wat ons twee maal reeds aanskou het.

HORATIO: Kom

ons sit en laat Bernardo ons vertel.

BERNARDO: Die pas vergange nag

toe gindse ster daar weswaarts van die pool
daardie hemeldeel verlig het in sy baan
waar hy tans gloei, het Marcellus en ek —
die klok slaan toe juis een —

(Die spook verskyn)

MARCELLUS: O stil; hou op met praat; daar kom hy weer!

BERNARDO: Presies die afgestorwe koning self!

MARCELLUS: Jy is geleerd; praat jy met hom, Horatio.

BERNARDO: Lyk hy nie soos die koning nie? Merk, Horatio!

HORATIO: Ja, sprekend; vrees, verbasing, teister my.

BERNARDO: Hy wil graag aangespreek word.

MARCELLUS: Vra hom uit, Horatio.

HORATIO: Wat is jy wat jou hierdie naguur toe-eien,

saam met die fiere krygsgestalte waarin
die hoë begrawe Deense vors die aarde
eens betree het? Spreek, spreek om hemelsnaam!

MARCELLUS: Hy is beledig.

BERNARDO: Kyk, daar stap hy weg.

HORATIO: Bly staan, spreek, spreek, ek besweer jou, spreek!

(Die spook af)

MARCELLUS: Hy's weg en wil nie antwoord nie.

BERNARDO: Hoe nou, Horatio? Jy beef, jy's bleek.

Is dit nie meer as net verbeelding nie?

Wat dink jy nou daarvan?

HORATIO: Voor God, ek kon dit nooit geglo het nie

as ek hom met my eie oë nie
gesien het nie.

MARCELLUS: Lyk hy nie op die koning nie?

HORATIO: Soos jy lyk op jouself.

So was presies sy wapenrusting in

sy stryd teen die eergierige Noor. So het
hy eens gefrons toe hy, na kwaai getwis,
die beslede Pool die ys laat meet het.

Dis vreemd.

MARCELLUS: Hy't twee maal reeds op hierdie doodstil uur,
in krygsdrag by ons wag verby gestap.

HORATIO: Wat ek daarvan moet dink, dit weet ek nie;
maar my gevoel en mening is, dit spel
beroering en vreemde dinge in ons staat.

MARCELLUS: Nou goed, sit hier en sê my, hy wat weet,
waarom dieselfde wag, so streng noulettend,
die landsbevolking elke nag laat swoeg.
Waarom word daaglik brons kanonne gegiet?
Van waar die vreemde mark vir wapentuig?
Waartoe die druk van skeepsbouwerkliede
wat met hul sure taak geen Sondag ooit
gegun word nie? Wat is dan gaande dat
hierdie beswete haas die nag tot arbeid
keten aan die dag? Wie kan my sê?

HORATIO: Ek kan,
ten minste volgens gerug. Ons voor'ge vors —
sy skim het hier so pas aan ons verskyn —
is, soos jy weet, deur Fortinbras, die Noor,
daartoe deur ongekende trots geprik,
tot stryd getart, waarin ons dapp're Hamlet —
want so is hy in die bekende wêreld
alom geroem — dieselfde Fortinbras
gedood het, wat kragtens verseëld verdrag,
bekragtig deur die heraldiese wet²
sy grondgebied aan die oorwinnaar met
sy lewe moes verbeur, waarteen ons vors
'n billike deel van sy land moes verpand
om by die erfenis van Fortinbras
te voeg as dié sou seëvier, soos tans,
na sin en letter van hierdie verdrag,
geheel sy land aan Hamlet toebehoor.
Die jonge Fortinbras, vol vuur'ge moed
en onbeproof, het op die Noorse grense,
vir kos en onderhoud, 'n bende van
losbandige waaghalsiges geraap
vir 'n avontuur wat moed vereis. En dit,

na mening van ons staat, beoog geen doel
anders as om deur wapengeweld en dwang
dieselfde grondgebied te verower wat
sy vader prys moes gee nie; dít, meen ek,
is oorsaak van ons voorbereidings,
die bron van wagstaan hier en rede vir
die spoed en ommekeer in hierdie land.

BERNARDO: Nooit anders nie, dink ek. Dit mag wel wees
dat hierdie skrikbeeld, so die ewebeeld
van onse koning, wat die oorsaak was
en is van hierdie kryg, ons wag besoek.

HORATIO: Dis 'n splinter om die geestesoog te ontrus.^{3a}

In die grootse seëvierende Romeinse ryk,^{3b}
kort voor die magtige Julius se val,
staan graftes leeg, omhulde dodes skrei
in Rome se strate skril en jammerend;

.....⁴

soos sterre met vuur'ge sterte, bloedbedou;
die son verflou deur vlekke; die bleke ster
wat deur haar mag die ryk van Neptunus
beheers, gans krank soos voor die oordeelsdag,
met verduistering en dieselfde voortekens —
die voorspel van wat onheilspellend kom,
soos bodes wat ons komende lot verkond,
het hemel en aarde tesame weer getoon
aan ons geweste en landgenote hier. (*Die spook daag weer op*)

Maar stil! kyk, daar kom hy al weer! Kos dit⁵
my dood, ek kruis sy pad. Gedaante, staan!
Het jy geluid of stem om te gebruik,
praat dan met my;

en is daar een'ge goeie daad te doen,
wat rus aan jou en roem aan my kan bring,
praat dan met my;

As jy bekend is met jou land se lot
wat deur voorwetendheid besweer kan word,
o praat!

Of het jy in jou lewe skatte af-
gepers en in die aardse skoot vergaar,
wat dikwels, sê hul, julle laat dool na dood,
bly staan dan, praat daarvan!

(*Die haan kraai*)

Keer voor, Marcellus.

MARCELLUS: Sal 'k met my hellebaard na hom toe slaan?

HORATIO: Ja, as hy nie wil staan nie.

BERNARDO: Hy 's hier!

HORATIO: Hy 's daar!

MARCELLUS: Hy 's weg!

Ons krenk hom in sy grootste majesteit
as ons hom met geweldvertoon wil dwing;
want hy is onverwondbaar soos die lug,
ons yd'le slae kwaadwillige gespot.

BERNARDO: Hy wou net praat toe kraai die haan.

HORATIO: En toe het hy soos 'n skuldige geskrik
wat 'n vreesaanjaende oproep kry. Ek hoor
dat die haan, trompetter van die daeraad,
met hoë, skrille stem die daggod wek;
en op sy waarskuwing yl elke gees —
ter see, in vuur, op land of in die lug —
wat dan nog rust'loos, swerwend, dwalend is,
na sy verblyf terug. Dat dit waar is,
daarvan het die Verskyning tans getuig.

MARCELLUS: Met hanekraai het hy verdamp. Hul sê
dat telkens in die jaargety as ons
die Heiland se geboorte vier, die daeraadsvoël
die ganse nag deur sing. Geen gees, sê hul,
waag dan om rond te dwaal nie; die nagte is
dan heilsaam; geen planeet het trefkrag dan,
geen elf verlok; geen heks het toormag nie,
so heilig en genadig is die tyd.

HORATIO: Ek het dit al gehoor en glo dit deels.

Maar kyk, die daeraad in roeskleur mantel omhul,
betree die dou van gindse oosterbult.

Ons wagstaan is ten einde; neem my raad,
en laat ons aan die jonge Hamlet meld
wat ons vannag gesien het; want, so waar ek leef,
die Gees, hoe stom vir ons, sal met hom praat.
Keur jy dit goed dat ons dit aan hom meld
soos vriendskap eis en plig gebied?

MARCELLUS: Ja, ek bid jou, laat ons dit doen: ek weet
waar ons vanoggend hom gemaklik vind.

TWEEDE TONEEL

'n Kamer in die Kasteel.

*Die Koning, Koningin, Hamlet, Polonius, Laertes,
Voltimand, Cornelius, Lords en gevolg.*

KONING: Hoewel Hamlet, ons geliefde broer, se dood
nog vars in ons geheue is en dit
betaam om 'n skyn van harteleed te dra
terwyl ons hele Ryk 'n frons van rou
betoon, het rede die natuur so ver
bedwing dat ons met wyse droefheid hom
gedenk maar tog onsselwe ook onthou.
Daarom het ons die hoë deelgenote
van hierdie krygshaftige staat — eertyds ons suster,
tans gade — as 't ware met beklemde vreugde,
met heil in die een en wee in die ander oog,⁶
met rougejubel en bruilofsklaaggesang,
met ewe swaar gewoë lief en leed
tot vrou geneem, maar is u ryp're wysheid
geensins misken nie, want uit vrye wil
het u ons bygestaan. Vir alles dank
ons u, maar weet: dat dié jong Fortinbras
miskennende ons krag en denkende
dat ons geliefde broer se dood die staat
ontwrig en uit verband geruk het, en
deur hierdie droom van eie voordeel gestut,⁷
nie nagelaat het nie om ons te teister
met sy verdoë om afstand weer te doen
van daardie lande wat sy vader wettig
moes inboet aan ons dapper broer. Genoeg
van hom; tans oor onself en dié byeenkoms.
Die saak is so: hier het ons aan die vors
van Noorweë — die oom van Fontinbras —
geskryf, wat, swak en bedlënd, skaars kon
gehoor het van sy neef se doel, dat hy
sy verd're voortgang stuit, daar al sy troepe
gekeur en gewerf is uit sy eie volk;
nou stuur ons u, ons vriend Cornelius,
en u, Voltimand, as draers van
ons groete aan die oue Noor,
maar sonder volmag om met daardie vors

te onderhandel behalwe soos in die
verdragsartikele aan u verleen.

Vaarwel — laat spoed u pligsbesef bewys!

VOLTIMAND en CORNELIUS: Tans en immer bly ons pliggetrou.

KONING: Daar twyfel ons nie aan nie; van harte, vaarwel!

KONING

aan *Laertes*: En toe, *Laertes*, wat deel jy ons mee? ⁸

Jy het 'n saak genoem; wat is dit *Laertes*?

Jy kan die Deense vors niks redeliks

versoek nie en woorde verspil. Is daar iets

wat ek nie graag jou aanbied eer jy vra nie?

Die hoof is aan die hand nie nader verwant,

as aan jou vader Denemarke's kroon is nie.

Wat is jou wens *Laertes*?

LAERTES: Gestrenge vors,
verlof van u om terug te gaan na Frankryk,
van waar ek hierheen gekom het om my by
u kroning van my plig te kwyt. My plig
vervul, so neig my wense en gedagtes,
ek wil erken, na Frankryk weer terug
en smeeke hul nederbuigend u verlof.

KONING: Het jy jou vader se verlof? Wat sê
Polonius?

POLONIUS: My heer, hy 't trae verlof
deur uitgerekte bede van my ontwrig,
en eindelijk het ek skoorvoetend sy wil
beseël en smeeke ek u, gee hom verlof.

KONING: Jou vrye uurtjie lag jou toe, *Laertes*;
bestee dit na jou gawes en eie wil.

En nou *Hamlet*, my waarde neef en seun:

HAMLET

tersyde: 'n *Weinig* meer as neef en minder kind. ⁹

KONING: Van waar die wolke wat nog om jou hang?

HAMLET: Tog nie, my heer, ek staan te veel in sonlig.

KONINGIN: My goeie *Hamlet*, skud jou nagkleur af;

beskou die koning as jou beste vriend.

Moenie altyd met neergeslane blik

jou eed'le vader in die stof gaan soek nie.

Jy weet dis algemeen: wat leef moet sterf;

deur die natuur word die ewigheid verwerf.

HAMLET: Ja, moeder, algemeen.

KONINGIN:

Indien dit is,

waarom skyn dit dan wonderbaar vir jou?

HAMLET: „Skyn”, moeder? Nee, dit is: ek ken geen „skyn” nie.

Dis nie alleen my inkswart mantel, moeder,

nòg die gewone drag van plegtige swart,

nòg diepe gesug met sware asemhaal,

nee, nòg die oog se traneryke beek

of terneergedruktheid op die aangesig,

nòg droefheidsvorms, stemmings, rouvertoon,

wat my na waarheid teken nie: dis „skyn”;

dis handeling wat 'n mens kan speel.

Meer dan vertoon dra ek hier in my hart;

Hierdie is slegs die tooisel, die gewaad van smart.

KONING: Dis lief van jou en prysenswaardig, Hamlet,

om vir jou vader pligsgetrou te rou:

maar weet, jou vader het 'n vader ook

verloor, en die oorlewende is weer

uit kinderplig vir seek're tyd gedwing

tot egte roubetoon; maar om onbuigsaam

in droefheid te volhard, is leedvertoon

wat heiligskendend is — lafhartige verdriet.

Dit toon 'n wil wat die hemelse wil trotseer,

'n gemoed onvas, weerspannigheid van gees,

en 'n verstand, onnosel, ongeskoold.

Want weet ons iets gewoons moet tog gebeur,

gewoon soos die gewoonste wat ons sien,

waarom met prikkelbare weerstand dit

ter harte neem? Dis immers 'n vergryp

teen die hemel, teen die dode, teen die natuur;

dit verloën die rede wat gedurig tot ons spreek

van afgestorwe vaders, en vanaf

die eerste lyk tot hom wat hede hier

gestorwe is, roep dit: „so moet dit wees”.

Ons bid jou, laat die nuttelose smart¹⁰

en dink aan ons soos aan 'n vader steeds;

want laat die wêreld weet dat aan ons troon

jy naaste staan — met liefde teenoor jou

nie minder eg as die beste vader s'n

teenoor sy eie seun nie. Omtrent jou plan

om t'rug te keer na skool op Wittenberg,

dis heeltemal in stryd met ons verlange.

Ons bid jou dringend: bly hier en geniet
die troos en vreugde van ons oog en wees
ons eerste howeling, ons neef en seun.

KONINGIN: Vergeefs bid ek, jou moeder, jou nie, Hamlet,
om hier te bly; gaan nie na Wittenberg nie.

HAMLET: Moeder, graag wil ek u gehoorsaam wees.

KONING: Voorwaar 'n antwoord liefdevol en mooi!

Wees soos ons self in Denemarke. Kom, ¹¹
my gade: Hamlet se sagte, vriend'like antwoord
verbly my hart en daarom sal vandag
by elke heildronk van die Deense vors
die grofgeskut dit aan die wolke meld;
die koning's fuif laat dan die hemel dreun,
nasprekend aardse donder. Kom nou weg.

(Trompetgeskal; almal af behalwe Hamlet)

HAMLET: O dat die alte vaste vlees wou smelt, ¹²

vervloei en tot 'n dou verdamp; of dat
die Ewige Voorsienigheid selfmoord
ons nie verbied het nie. O God, o God,
hoe moeisaam, futloos, muf en laf kom al
die werke van die wêreld my tog voor!
Ag, walglik! Dis 'n tuin vol onkruid wat
sy saad skiet. Net wat grof en geil is
neem dit in beslag. Dat dit daartoe moes kom!
Twee maande dood; nee, skaars so lank, nie twee nie!
En so 'n goeie vors! Naas hierdie een
Hyperion by 'n sater. Vir my moeder
so teer, hy wou nie toelaat dat die wind
te ru in haar gesig blaas nie. Hemel en aarde,
moet ek onthou? O, sy 't hom aangehang
asof haar lus met elke bevrediging
gestyg het! En tog, binne 'n maand — ek wil
daar nie aan dink nie; swakheid, jou naam is vrou —
'n korte maand, nog eer die skoene slyt was
waarmee sy met betraande oë soos dié
van Niobe, my arme vader se lyk
gevolg het, trou sy weer. O God, 'n dier
wat reed'loos is sou langer getreur het — trou
sy met my oom, my vader se broer — hy wat
so min op hom as ek op Hercules
gelyk; ja, binne 'n maand, nog eer die silt

van haar onegte trane uit haar rooi-
gevyfde oë verdwyn het, trou sy weer!
O snoodste spoed om so te yl na 'n
bloedskendige bed! Dis nie goed en kan nooit
goed wees nie; maar breek my hart, my tong moet swyg.
(*Horatio, Marcellus en Bernardo op*)

HORATIO: U hoogheid, heil!

HAMLET: Bly om jou wel te sien.

Horatio, as ek my nie vergis nie?

HORATIO: Ja, prins, en steeds u nederige dienaar.

HAMLET: My vriend, die naam verwissel ek met jou.

En wat maak jy uit Wittenberg, Horatio?

Marcellus?

MARCELLUS: My eed'le prins?

HAMLET: Ek is verheug om jou te sien.

(*Aan Bernardo*) Goei-'naand, meneer.

In erns, maar wat maak jy uit Wittenberg?

HORATIO: Neiging tot stokkiesdraai, my waarde prins.

HAMLET: Ek sou dit van jou vyand nie wou hoor nie.

Jy mag my oor dus geen geweld aandoen

om dit so teen jouself te laat getuig nie.

Ek weet heel goed jy is geen drentelkous nie;

maar wat maak jy nou hier in Elsinoor?

Ons leer jou om diep te drink voor jy vertrek.

HORATIO: My prins, ek wou u vader se uitvaart sien.

HAMLET: Bespot my nie, medestudent, ek dink

jy wou maar graag my moeder se bruilof sien.

HORATIO: My prins, ja, dit het kort daarop gevolg.

HAMLET: Spaarsin, Horatio, spaarsin; die vleisgebak

van die begrafnismaal was koudgereg

by daardie bruilofstafel. Had ek liewers

my aartsvyand in die hemel ontmoet

as dié dag ooit belewe, Horatio!

My vader — dis of ek my vader sien!

HORATIO: O waar my prins?

HAMLET: In my geestesoog, Horatio.

HORATIO: Ek het hom een keer gesien, 'n waardige vors.

HAMLET: Hy was 'n man, alles in ag geneem,¹³

sien ek nie sy gelyke ooit weer nie.

HORATIO: Prins, ek glo ek het hom gist'raand gesien.

HAMLET: Gesien? Wie?

HORATIO: Die koning, prins, u vader.

HAMLET: Die koning, my vader?

HORATIO: Prins, temper u verbasing vir 'n wyl
met aandagtige oor tot ek hierdie wonder
waarvan die manne hier getuie is,
aan u ontvou.

HAMLET: In godsnaam, laat ek hoor.

HORATIO: Twee nagte agtereën, op nagwaak, het
Marcellus en Bernardo, hierdie twee,
in doodse stilte van die middernag,
dit wedervaar: toe 'n gestalte soos
u vader s'n voor hul verrys, presies
soos hy van kop tot toon geharnas, en
ststig, plegtig, langsaam, drie maal voor
hul vreesverbysterde oë verby gaan op
'n afstand korter as sy staf kon reik.
Uit vrees byna tot jellie verstol, bly staan¹⁴
hul stom en spreek hul hom nie aan nie. Dit
het hul as bange geheim vertel, en op
die derde nag was ek met hul op wag —
waar elke woord, na tyd en voorkoms van
die ding, soos meegedeel, bewaarheid, weer
die spook verskyn. Ek het u vader geken,
meer eenders lyk hierdie twee hande nie.

HAMLET: Maar waar was dit?

MARCELLUS: Op die terras, my heer,
daar by ons wagpos.

HAMLET: En het jul hom dan nie¹⁵
daar aangespreek nie?

HORATIO: Dit het ek, my heer,
maar antwoord was daar nie; en tog het hy —
so het dit my gelyk — eenkeer sy hoof
gelig met handgebaar, of hy wou praat.
Maar luid het toe die daeraadsvoël gekraai
en haastig met hierdie geluid het hy
uit die gesig verdwyn.

HAMLET: Dis baie vreemd.

HORATIO: Sowaar ek leef, geëerde prins, dis waar.
Ons het dit voorgeskrewe plig geag
om u dit mee te deel.

HAMLET: Voorwaar, menere, ja, dit hinder my.

Staan jul vannag op wag?

MARCELLUS en BERNARDO: Jawel, my heer.

HAMLET: Geharnas, sê julle?

MARCELLUS en BERNARDO: Geharnas, prins.

HAMLET: Van kop tot toon?

MARCELLUS en BERNARDO: Van kop tot toon, my heer.

HAMLET: Dan het jul sy gelaat dus nie gesien nie?

HORATIO: O ja, my prins, sy visier was opgeslaan.

HAMLET: Was sy gelaat gefronst?

HORATIO: 'n Gelaat van droefheid eerder as van toorn.

HAMLET: Bleek of blosend?

HORATIO: Baie bleek.

HAMLET: En was sy blik op jou gevestig?

HORATIO: Ja, gedurigdeur.

HAMLET: Was ék tog ook maar daar!

HORATIO: Dit sou u baie ontstel het dan.

HAMLET: Waarskynlik, seer waarskynlik; het hy lank vertoef?

HORATIO: Mens kon miskien met matige spoed 'n honderd tel.

MARCELLUS en BERNARDO: Nee, langer, langer.

HORATIO: Nie toe ek hom gesien het nie.

HAMLET: Sy baard was skimmelgrys, nie waar?

HORATIO: Dit was soos ek hom in sy lewe geken het,
gesilwerde swart.

HAMLET: Vannag staan ek op wag.
Miskien marsjeer hy weer.

HORATIO: Dit waarborg ek.

HAMLET: Verskyn hy in my eed'le vader se
persoon, ek spreek hom aan al blaak die hel,
al dwing hy my tot swye; ek bid jul almal,
het jul tot nou toe hierdie gesig verswyg,
bewaar dan die geheim steeds in jul siel;
en wat vannag ook mag gebeur, verleen
dit jul begrip, maar tog geen tong nie. Ek
sal steeds jul liefde beloon. En so, vaarwel;
op die terras dan, tussen elf en twaalf,
besoek ek jul.

ALMAL: Ons plig wy ons u edele.

HAMLET: En ook jul liefde, soos myne aan jul.

(Almal af, behalwe Hamlet)

My vader se Gees, gewapend! Alles is¹⁸
nie plus nie: ek vermoed gemene spel.

O was die nag reeds daar! Tot dan, my siel,
wees stil; 'n bese daad kom aan die lig
al dek die aarde dit met sy gewig.

DERDE TONEEL

(*'n Kamer in die huis van Polonius. Laertes en Ophelia op.*)

LAERTES: My bagasie is aan boord; dis tyd; vaarwel!

En suster, as die winde gunstig waai
en skeepsvervoer beskikbaar is, slaap nie,
maar laat ek van jou hoor.

OPHELIA: Twyfel jy daaraan?

LAERTES: Wat Hamlet en sy minnespraak betref,
beskou dit 'n modegril, 'n spel van die bloed,
'n viooltjie in sy prille jeug; vroeg,
nie duursaam, soet maar nie bestendig nie,
die geur en wierook van 'n oomblik slegs;
niks meer nie.

OPHELIA: Niks meer as dit nie?

LAERTES: Nee niks meer nie.

Want nie alleen ontwikkel die natuur
die spier en liggaam nie, maar groei die tempel,
dan neem die innerlike diens van gees
en siel ook toe. Hy min jou tans miskien
en geen arglistigheid of klad beplek
die reinheid van sy doelwit nie; maar vrees
sy hoë stand, hy het geen eie wil nie;
want, onderworpe aan sy herkoms self,
mag hy, soos 'n gewone man, nie self
sy eie toekoms soek nie, want sy keuse
bepaal die veiligheid en welstand van
die ganse Staat. Sy keuse word aldus
deur daardie Staat se wil en stem beperk
waar hy die hoof van is. Betuig hy jou
sy liefde dus, dan doen jy wyslik om
geloof daaraan te heg in sover hy,
na plig en rang, sy woord gestand kan doen,
en verder as die volkstem strek dit nie.
Oorweeg die skade wat jou eer kan ly
om liggelowig na sy minnesang

te luister, jou hart verloor, jou kuise skat
te ontsluit vir sy onstuimige dwang! Vrees dit,
vrees dit, Ophelia, my suster lief.

Weerhou jou van jou toegeneëtheid
en bly steeds uit gevaar van vuur'ge lus.
'n Maagd, hoe karig, is te kwistig reeds
as sy haar skoonheid aan die maan ontbloot.
Die deug ook self ontsnap die slae van
beswadd'ring nie. Die kankerwurm knaag dikwels
die prilste lenteknop voor dit ontvou.
Die jeug se vroegbedoude môrestond
is vatbaar allermees vir gifwalms.
Versigtig dus, die vrees bied sekerheid;
die jeug voer teen sigself 'n boesemstryd.

OPHELIA: Die indruk van jou goeie les sal ek
as wagter van my hart bewaar. Maar broer,
moenie, soos soms onvrome leraars doen,
die steile, hemelwaartse doringweg
aan my toon en dan self die blommepad
van sonde, soos 'n eervergete woest'ling
of roekelose libertyn, betree nie
en eie raad verloën.¹⁷

LAERTES: Wantrou my nie;
te lank vertoef ek hier: daar kom my vader

(Polonius op)

'n Dubb'le seën is 'n dubb'le heil!
Die toeval lag 'n tweede afskeid toe.

POLONIUS: Nog hier, Laertes! Skande, aan boord, aan boord!
die wind blaas smekend in die skouer van¹⁸
jou seil, hul wag op jou. Hier, neem my seën
en grif hierdie paar reëls in jou geheue:¹⁹
Verleen geen tong aan jou gedagtes nie,
geen daad aan onoorwoë denke nie.
Wees minsaam maar nie te gemeensaam nie;
die vriende wat jy het, beproef en trou,
klem hul met stale bande aan jou hart,
maar moenie jou hand 'n eelt veroorsaak nie
deur elke pasgebroeide kuiken te
begroet as kameraad. Hoed jou vir twis;
raak jy daarin gesleep, staan dan jou man,
sodat jou vyand vir jou ontsag kan hê.

Leen iedereen jou oor, aan min jou woord;
hoor ieders oordeel aan, bewaar jou eie;
klee jou so duur as immer jou beurs kan dra —
nooit weeld'rig nie; en ryk, nooit spogg'rig nie;
want aan sy klere ken ons vaak die man
en hul in Frankryk van die beste stand ²⁰
is keurig op hul klere en fyn van smaak.
Wees nie 'n lener of 'n uitlener;
wie geld uitleen, verloor lig vriend en geld;
wie leen, verstomp die punt van spaarsaamheid.
Maar bowe alles: bly jouself getrou,
en hieruit volg dit soos die dag die nag
jy kan teenoor geen mens ooit vals wees nie.
Vaarwel; my seën maak dit ryp in jou. ²¹

LAERTES: Eerbiedig neem ek afskeid van u, my heer.

POLONIUS: Die tyd is dringend; gaan, jou dienaars wag.

LAERTES: Vaarwel, Ophelia, onthou nou goed
wat ek gesê het.

OPHELIA: Toegesluit is dit
in my geheue, self dra jy die sleutel.

LAERTES: Vaarwel.

POLONIUS: Wat het hy jou gesê, Ophelia?

OPHELIA: Met u verlof, iets wat die prins betref.

POLONIUS: Voorwaar, dis welbedag.

Ek hoor hy het jou in die laaste tyd
nogal besoek, en dat jy self aan hom
mildadig en te vry jou aandag gee.
As dit so is — en dit word my vertel
as waarskuwing — dan moet ek aan jou sê
jy weet nie reg nog wat jy as my dogter
verplig is aan jouself en aan jou eer nie.
Wat is daar tussen jul? Sê my die waarheid.

OPHELIA: Hy't dikwels, vader, in die laaste tyd
my blyke van sy liefde getoon. ²²

POLONIUS: Blyke! Kom! Kom! So praat 'n grasgroen kind
nog onervare, in 'n noodtoestand.

Die sogenaamde blyke — glo jy dit?

OPHELIA: Wat ek moet dink, my vader, weet ek nie.

POLONIUS: Nou ja, dan leer ek jou. Dink jy's 'n kind
wat „blyke” pleks van egte munt aanvaar.
Bied liefs jouself 'n bietjie duurder aan

of jy bied my — weg met die woordespel —
'n dwaas.

OPHELIA: My vader, hy het op eerb're wyse my
betuigings van sy liefde aangebied.

POLONIUS: Ja, „eerb're wyse" soos jy sê: kom, kom!

OPHELIA: En krag aan sy betuiginge verleen
met eed op eed, by al wat heilig is.

POLONIUS: Ja, strikke vir die snippe. Ek weet goed²³

hoe mild die siel die tong geloftes leen
wanneer die bloed verhit is. Hierdie gloed,
my dogter, gee meer lig as warmte en
word reeds geblus as die geloftes nog
gebore word; hou hul tog nie vir vuur nie!
Wees tog voortaan wat minder kwistig met
jou maagdelike guns; wees nie bereid
tot onderhoud met hom nie. Stel jou guns
op hoër prys as dit. Onthou prins Hamlet
is jonk; sy leiband laat hom vryer beweeg
as jy; kortom, Ophelia, glo sy
geloftes nie; hul is bemiddelaars —
nie van die kleur van hul gewaad nie, maar
slegs voorbidders van al wat sondig is,
skynheil'ge koppelaars wat vroom voordoen²⁴
om des te beter te bedrieg. Eens en
vir altyd — ek praat reguit — ek verlang
dat jy voortaan jou vrye tyd nie sal
misbruik deur praatjies met prins Hamlet nie.
Onthou, dit is my wil; kom, laat ons gaan.

OPHELIA: Ek gee gehoor, my heer.

(Beide af)

VIERDE TONEEL

(Die terras voor die kasteel. Hamlet, Horatio en Marcellus op.)

HAMLET: Die lug is bytend skerp; dis bitter koud.

HORATIO: Dis 'n nypende, snerpende lug.

HAMLET: Hoe laat is dit?

HORATIO: Ek dink dis kort voor twaalf.

MARCELLUS: Nee, reeds geslaan.

HORATIO: Werklik? Ek 't nie gehoor nie; dan genaak

die tyd waarop die Gees gewoon is om
hier rond te dwaal.

(Trompetgeskal en kanongebulder)

HAMLET: Wat beteken dit, my prins?

Die koning hou vannag 'n drinkparty,²⁵
'n fuif, en spogg'rig dans hy die opspringriel,
en wyl hy volle teue Rynwyn swelg,
balk die tamboer en blaas trompette luid
sy drinktriomf.

HORATIO: Is dit 'n ou gebruik?

HAMLET: Gewis dit is;

Maar hoewel ek hier gebore is en daarmee
grootgeword het, is dit na my mening,
'n gebruik eervoller in die skending daarvan
as in die nakoming. Deur hierdie dronk
gefuif, oos, wes, word ons deur ander volke
beswadder, verag; hul noem ons dronkaards, en
beklad ons naam met swynetaal; en dit
ontneem aan ons prestasies, hoe roemryk ook
hul wese, hul waarde, die pit en murg daarvan.
En so gebeur dit vaak dat sommige mense
deur een of ander aangebore smet —
wat nie hul skuld is nie, want die natuur
kan nie sy eie oorsprong kies nie — waar
hul eie neigings die oorwinning behaal en dikwels
die bolwerk van die rede afbreek, of
deur 'n gewoonte te veel deurtrokke van
die skyn van mooi maniere, dat die mense,
sê ek, wat by geboorte die stempel dra
van één gebrek, of later soos hul lot
bepaal, al is hul ander deugde vlek'loos
en onbeperk soos die genade self,
deur hierdie één gebrek so algemeen
veroordeel en bedorwe word. 'n Grein
van kwaad steek alle eed'le gawes aan
met eie skande.

HORATIO: Kyk, prins, hy kom.

(Spook op)

HAMLET: O, eng'le en genadebodes, hoed ons!

Al is u 'n gees, geseënd of doemwaardig;
al bring u hemellug of helse damp,

al is u doel ook boos of liefderik,
u kom in 'n gedaante so vraagwaardig²⁶
dat ek met u gaan praat. Ek noem u Hamlet,
Koning, Vader, Deense Vors; o antwoord my,
laat ek nie deur onsekerheid vergaan nie;
maar meld waarom u geheiligde gebeente,
so goed gekis, hul lykekleed laat bars het;
en waarom die graf, waarin ons u so stil
te ruste weggeleë het, sy sware marmersuil
geopen het om u daaruit te werp?
En wat is dit dat u, 'n lyk, volmaak
in staal, die skynsel van die maan besoek,
die nag afgryslik maak en ons, die narre
van die natuur, laat ril met skrikgedagtes,
uit die bereik uit van ons sintuie?
Sê, waarom so? Waartoe? Wat moet ons doen?

(Spook wink vir Hamlet)

HORATIO: Hy wink vir u om met hom mee te gaan
asof hy iets aan u alleen wou sê.

MARCELLUS: Kyk hoe hy u met vriend'like gebaar
na 'n meer afgeleë plek toe wink.
Maar moenie meegaan nie.

HORATIO: Nee, geensins nie.

HAMLET: Hy wil nie praat nie; daarom volg ek hom.

HORATIO: Moenie, my prins.

HAMLET: Wat is daar dan te vrees?

Ek ag my lewe nie 'n strooitjie werd nie;
en wat my siel betref — onsterflik soos
die wese self — wat kan hy daaraan doen?
Kyk, daar wink hy nou weer; ek gaan hom volg.

HORATIO: Sê nou hy lok u na die vloed, my prins,
of na die gru'bre kruin van gindse rots
waarvan die voetstuk oorhel na die see,
en neem 'n ander skrikgestalte aan
wat u die heerskappy van u verstand
ontroof, tot waansin dryf? Bedink dit tog,
die einste plek wek sonder oorsaak self
'n wanhoopsgevoel in iedereen se brein
wat soveel vaders neerkyk op die see,
en die golfgehuil daar hoor.

HAMLET: Hy wink nog steeds.

Gaan voort. Ek sal jou volg.

MARCELLUS: U durf nie gaan nie, prins.

HAMLET: U hande af!

HORATIO: Wees kalm; u durf nie gaan nie.

HAMLET: My noodlot roep

en maak die kleinste aartjie van my liggaam

sterk soos die spiere van Nemea's leeu.

Hy roep my steeds. Menere, laat my los.

By God, ek maak van hom wat my belet

'n Gees. Weg, sê ek, weg. *(Hy ruk hom los)*

Gaan voort. Ek volg.

(Die spook en Hamlet af)

HORATIO: Hy raak deur sy verbeelding radeloos.

MARCELLUS: Hom volg? So kan ons nie gehoorsaam nie.

HORATIO: Hom volg, ja! waarnatoe lei dit ons dalk?

MARCELLUS: Daar's iets verrots in Denemarke's staat.

HORATIO: Die hemel sal hier uitkoms gee! ²⁷

MARCELLUS: Gaan voort, volg hom.

(Beide af)

VYFDE TONEEL

('n Ander deel van die terras.

Die spook en Hamlet op.)

HAMLET: Waarheen voer u my? Spreek! Ek gaan nie verder nie.

SPOOK: Hoor my!

HAMLET: Ek hoor.

SPOOK: My uur is byna daar

om weer na folterende swawelvlamme

terug te gaan.

HAMLET: Ag, arme gees, helaas!

SPOOK: Bejammer my tog nie, maar luister nou

na wat ek u ontvou.

HAMLET: Spreek; om te luister is my plig.

SPOOK: En ook te wreek nadat u geluister het.

HAMLET: Wat?

SPOOK: Ek is u vader se gees,

gedoem om snags 'n vaste tyd te dwaal,

bedags gekerker in die gloed te vas

tot elke vuige misdaad van my lewe

verbrand, gelouter is. Was ek vergun
my kerker se geheime te onthul,
sou die geringste woord van my verhaal
u siel verskeur, u jonge bloed laat stol,
u oë soos sterre uit hul kaste ruk,
u dik bos saamgevegte lokke skei
en elke haar laat oprys penorent
soos penne op 'n kwaai ystervark:
maar so 'n verhaal van die ewigheid is nie
vir menslike ore nie. O luister, Hamlet!
het u u liewe vader ooit bemin?

HAMLET: O God!

SPOOK: Nou wreek sy vuige, onnatuurlike dood!

HAMLET: Moord!

SPOOK: Ja, geen snoder nie; die minste is snood,
maar hierdie is uiters vuig, onmenslik, vreemd!

HAMLET: Meld dit met spoed dat ek op vleuels so snel
as denke of 'n dart'le liefdesdroom
kan afstorm op my wraak.

SPOOK: Ek vind u flink,
maar traer as die welige onkruid sou
u wees wat wortel aan die Letheskaai,²⁸
as dit u nie tot dade dryf nie. Hoor, Hamlet,
dit word vertel dat toe ek in my lushof
aan slape was, 'n slang my pik. So word
die ganse Deense volk mislei met vals
gerugte van my dood. Maar, eed'le jong'ling,
weet dat die slang wat u vader sy lewe kos,
sy kroon tans dra.

HAMLET: O my profetiese hart!
My oom!

SPOOK: Ja, die bloedskendige, oorspelige bees,
betower deur vernuf en valse gawes —
o, bese gawes en vernuf wat mag het om
so te verlei! —, het vir sy vuige lus
my skynbaar kuise koningin gewin:
O, Hamlet, watter afval was dit nie
van my nie, wie se liefde so waardig was
dat by ons huwelik dit hand in hand
gegaan het met my eed! Om dan te daal
tot 'n ellend'ling wat, ver'gelyk met my,

natuurlike gawes ontbreek!

Maar ewe as die deug onwrikbaar bly,
al lok die wulpsheid met 'n vroom gelaat,
sal wellus, skoon aan 'n stralende engel
verbind, haar neervlei op 'n hemelse bed
en aas op afval.

Maar stil! ek dink ek ruik die môrelug.
Kortom: toe ek aan 't slaap was in my lushof —
my ou gewoonte in die namiddag —
het u oom my argelose rus besluip
met 'n fles van die vervloekte ebbesap,
en in die ingang van my ore die
melaatse brou gegooi. Sy uitwerking
is teen die mensebloed so fel dat dit
deur die kanale van die liggaam snel
soos kwik versprei en plotseling die dun
gesonde bloed laat stol soos suur druppels
die melk verdik; so het dit ook met my
gegaan; en op dieselfde oomblik het
'n hardgekorste uitslag, vuil en walglik
soos die van 'n melaatse, oor geheel
my gladde liggaam uitgebreek.

So is ek in my slaap deur 'n broer se hand
van lewe, kroon en koningin beroof;
ja, in die bloei van sonde afgesny
sonder sakrament, onvoorberei, sonder bieg,
sonder afgeslote reek'ning, swaar belas
met sondeskuld na die gerig gestuur.

O gruwelik, hoe allergruweliks!

Laat Denemarke se koningsponde nie
deur wellus en vervloekte bloedskande
besoedel word nie, maar hoe u u taak
ook al volbring, bevlek tog nie u siel nie;
nòg mag u teen u moeder iets versin nie,
maar laat haar aan die hemel oor en laat
die skerpe doring skuilend in haar boesem
haar priem en steek. En nou nogmaals vaarwel!
Die gloeiwurm toon vroegmette is naby
en bleek word reeds sy yd'le gloedlose vuur.

Adieu, adieu, bly my gedagtig steeds.

HAMLET: O, hemelse heirskaar! O, aarde! wat meer?

Sal ek die hel byvoeg? Wees sterk, my hart!
En jul, my spiere, word nie plotseling oud nie,
maar hou my kragtig staande. Jou gedenk!
Ja, stomme gees, so lank geheue setel
in dié versteurde bol. Ek jou gedenk!
Weg uit die boek van my geheue met al
die dwase, nietige herinnerings,
met elke boekespreuk en spoor van die
verlede in my jeug daarin gegrif.
Ja, jou bevel alleen sal voortleef in
die boek en omvang van my brein, onvermeng
met minder eed'le dinge. Ja, by die Hemel!
O uiters verderfelike vrou!
O skurk, skurk, laggende, vervloekte skurk!
My aantekenboek; dis reg, ek skryf dit neer.

(Hy bring sy aantekeningboekie te voorskyn en skryf)

Dat 'n mens al laggende 'n skurk kan wees!
Dis seker so alleen in Denemarke. *(Hy skryf)*
Daar, oom, ja, daar staan dit. My wagwoord is
vaarwel, vaarwel; dink tog aan my.
Ek het dit tans gesweer.

HORATIO en MARCELLUS: *(Van agter die toneel)* My prins, my prins!

MARCELLUS: *(Agter die toneel)* Prins Hamlet!

HORATIO: *(Agter die toneel)* Mag God hom tog bewaar.

HAMLET: Mag dit so wees!

MARCELLUS: Illo, ho, ho, my prins.

HAMLET: Ho, ho, ha, ha, my knaap! Kom, voël, kom.

(Horatio en Marcellus op)

MARCELLUS: Hoe is dit, eed'le prins?

HORATIO: Watter nuus, my prins?

HAMLET: O, wonderbaarlik.

HORATIO: Vertel ons, prins.

HAMLET: Nee, jul sal dit verraai.

HORATIO: By die hemel, ek nie, prins.

MARCELLUS: Ek ook nie, prins.

HAMLET: Wat sê jul? Mag 'n mensiesiel dit dink?

Maar jul sal swyg? —

HORATIO en MARCELLUS: Ja, by die hemel, my prins.

HAMLET: Daar leef geen sluwe skurk in Denemarke
wat nie 'n booswig is nie.

HORATIO: En geen gees

hoef uit sy graf te kom, my prins, om dit
aan ons te sê nie.

HAMLET: Presies, jy het gelyk;
en dus, om kort te gaan, ag ek dit beter
dat ons mekaar die hand skud en dan skei.
Jy gaan waar sake of begeertes roep —
want sake en begeertes het iedereen,
hoe dan ook al; — en ek, armsalige,
kyk, ek gaan bid.

HORATIO: Dis dolle warrelwoorde dié, my prins.

HAMLET: Dit spyt my erg dat hul jou krenk, ja erg,
van harte erg.

HORATIO: Hul krenk my nie, my prins.

HAMLET: By Sint Patrick, dit doen hul wel, Horatio,
en baie diep ook; wat die verskyning betref —
dit is 'n egte spook, laat ek jou sê.
Wil jy meer weet wat tussen ons bestaan,
oorwin dan jou begeerte. En goeie vriende,
vergun my as vriende, krygers en geleerdes
'n klein versoekie.

HORATIO: Meld dit, prins, ons sal.

HAMLET: Maak nooit bekend wat jul vannag gesien het nie.

HORATIO en MARCELLUS: My prins, dit sal ons nie.

HAMLET: Nee, sweer.

HORATIO en MARCELLUS: My prins,
nie ek nie ooit.

MARCELLUS: En ek ook nie, my prins.

HAMLET: Kom, op my swaard.

MARCELLUS: Ons het al reeds gesweer, my prins.

HAMLET: Nee hier, hier op my swaard, asseblief.

SPOOK: (*benede*) Ja, sweer.

HAMLET: Ha, ha, vriend; spreek jy mee? Jy daar, aardgees?

Toe, kom; jul hoor wat sê die kelderknaap.

Kom neem 'n eed.

HORATIO: Deel ons die eed mee, prins.

HAMLET: Om nooit 'n woord te rep van wat jul hier
gesien het nie. Sweer op my swaard.

SPOOK: Toe, sweer!

HAMLET: Hic et ubique? Dan verskuif ons maar.

Hierheen, vriende; kom

en lê jul hande nou weer op my swaard:

Geen woord van wat julle gehoor het nie!
Sweer op my swaard.

SPOOK: Toe, sweer.

HAMLET: Reg gepraat, ou mol! Graaf jy so snel in die aarde?
'n Flukse delwer! Nog eens verskuif, vriende.

HORATIO: O nag, o dag, dis wonderbaarlik vreemd.

HAMLET: Verwelkom dit dan as 'n vreemdeling:

Hemel en aarde hou meer in, Horatio, ²⁹

as in jou skoolse wysheid ooit van gedroom.

Maar kom;

dat jul, so help jul die genade Gods,

hoe vreemd of dwaas ek my ook al gedra —

daar ek miskien dit hierna goed mag vind

om my potsierlik voor te doen — dat jul,

as jul my dan mag sien, jul arms nooit

aldus sal kruis of so jul hoof sal skud nie,

of om deur twyfelagtige uitdrukings

soos „wel, wel, ons weet”, of „ons kan as ons wil”,

of „as ons kan praat”, of „daar is diegene”,

of so iets dubbelsinnigs, te laat blyk

jul weet iets van my af nie. Sweer, jul sal

dit nie doen nie, so waar jul heil en genade

in bange nood verwag.

SPOOK: (*benede*) Sweer!

HAMLET: Rus, rus versteurde gees.

(*hul sweer*)

En nou vriende, beveel ek my met alle liefde aan

by jul, en wat 'n arm man soos Hamlet

kan doen om liefde en vriendskap jul te betuig

ontbreek, as God wil, nooit nie. Kom, laat ons gaan.

Ek bid jul, steeds die vingers op jul lippe.

Die tyd is ontwrig; dat ek, o vloekb're wraak ³⁰

ooit gebore is om dit weer reg te maak!

Kom nou, laat ons tesame gaan.

(*Almal af*)

TWEEDE BEDRYF

EERSTE TONEEL

(’n Kamer in die huis van Polonius.

Polonius en Reynaldo op.)

POLONIUS: Reynaldo, gee hom hierdie geld en brief.

REYNALDO: Ek sal, my heer.

POLONIUS: Jy sal besonder wyslik handel, Reynaldo,
voordat jy hom besoek, om navraag te doen
na sy gedrag.

REYNALDO: Dit was my plan, my heer.

POLONIUS: Goed, baie goed geantwoord. Maar luister vriend,
doen navraag eers na Dene in Parys,
en hoe en waar hul woon; hul middele,
met wie hul omgaan; hul uitgawes; en vind jy
langs hierdie omweg en die navrae
dat hul my seun ken, kom jy nader aan
die waarheid as deur regstreekse navrae;
maar maak asof jy hom slegs verlangs ken
soos: „Ek ken sy vader en sy vriende,
en hom ook enigins”. Begryp, Reynaldo?

REYNALDO: Volkome, my heer.

POLONIUS: „Hom enigins”, maar voeg daarby: „nie goed nie”.
„Maar is dit hy wat ek bedoel, dan is hy
baie losbandig en verslaaf aan dit en dat”.
Dig wat jy wil hom toe, natuurlik niks
so erg nie dat dit hom tot skande strek;
pas hiervoor op; maar kwaaijongstreke, ja,
vergrype welbekend en passend by
die jeug en vryheid.

REYNALDO: Soos dobbelspel, meneer?

POLONIUS: Ja, of dat hy drink,
skerm, vloek, twis, bordele besoek;
tot so ver mag jy gaan.

REYNALDO: Maar waarde heer,
dit sal hom tog tot oneer strek!

POLONIUS: Wel, nee; jy kan die aantygings versag.
Betig hom nie van erger ondeug nie,
soos dat hy bereid is tot ontugtigheid:

dit meen ek nie; skets sy gebreke fyn,
dat hul na smette van die vryheid lyk,
die flikk'ring van 'n gees wat vurig is,
die drang van woeste, ongetemde bloed
wat iedereen oorval.

REYNALDO: Maar, eed'le heer, —

POLONIUS: Waarom sou jy dit doen?

REYNALDO: Presies, my heer,
dis wat ek graag wil weet.

POLONIUS: My goeie, man,
kyk, dis my doel — en dis 'n slim plan hierdie:
as jy my seun so effentjies beklad,
soos iets wat vlekies verkry het deur gebruik,
let wel:
maak seker dan dat hy, met wie jy praat
en wat die jongeling waaroor dit gaan
op sulke wangedrag betrap het, afsluit
in hierdie trant: „my beste heer,” of „vriend”,
of „eed'le heer” of so iets, na gelang
van daardie man se spreekwyse of titel
of van sy landgenote.

REYNALDO: Juis, my heer.

POLONIUS: En dan, meneer doen hy — hy doen — wat wou
ek sê? Wel, deksels, ek wou tog iets sê —
waar het ek opgehou?

REYNALDO: Of so iets, by
„in hierdie trant”, by „vriend”,
by „eed'le heer”.

POLONIUS: By „afsluit in hierdie trant”, by „vriend”, Ja, ja.
aldus sluit hy dan af: „Ek ken die heer.
„Ek het hom gister nog gesien, of onlangs
„of toe, of toe, met die of die”, sê dan:
„daar het hy gedobbel, daar in 'n roes geraak,
of daar by tennisspeel getwis”; of dalk:
„Ek het hom 'n berugte huis sien binnegaan.”
Verstaan wel: 'n bordeel, of so wat meer.
Nou sien jy,
jou leuenlokaas vang 'n waarheidskarper;
en so stuur ons wat wys is en bekwaam,
langs kronkelweë en skuinstes, onregstreeks
op die eindpaal regstreeks af. En so sal jy,

as jy my onderrig en raad gaan volg,

op my seun se spoor kan kom. Jy verstaan, nie waar nie?

REYNALDO: Ja wel, meneer.

POLONIUS: God seën jou, vaarwel!

REYNALDO: My beste heer!

POLONIUS: Hou jy sy neigings dop.

REYNALDO: Ek sal, my heer.

POLONIUS: En gee hom maar sy sin.

REYNALDO: Nou goed, my heer.

POLONIUS: Vaarwel.

(Reynaldo af, Ophelia op)

Wat nou, Ophelia? Wat skort?

OPHELIA: O, liewe vader, ek 't so geskrik!

POLONIUS: Om hemelsnaam, waarvoor?

OPHELIA: Toe 'k in my kamer sit en naaiwerk doen

daag die prins Hamlet op met doeblet los;
op sy hoof geen hoed; sy kouse vuil bespat
en los, soos boeie om sy enkels;
bleek soos sy hemp, met knieë rillend
en met 'n blik so jammerlik asof
hy uit die hel gelaat was om aan ons
verskrikings mee te deel. Ja, só kom hy.

POLONIUS: Waansinnig verlief?

OPHELIA: Nee, dit weet ek nie, vader;
maar ek vrees dit is wel so.

POLONIUS: Wat sê hy toe?

OPHELIA: Hy gryp my aan die pols en hou my vas

en tree 'n volle armlengte t'rug —
sy ander hand oor sy hoof aldus: en toe
beloer hy so aandagtig my gelaat
of hy dit teken wou. Lank staan ek so
tot eind'lik hy my arm 'n weinig ruk
en drie maal op en af sy hoof skud, aldus.
Toe slaak hy 'n sug so jammerlik en diep
wat skynbaar sy hele lyf verpletter
en hom sy lewe ontnem. Toe los hy my
en met sy hoof na agtertoe gedraai,
was dit asof hy sonder oë sy weg kon vind,
want sonder hulle hulp is hy na buite,
sy blik tot op die laatste strak op my.

POLONIUS: Kom saam met my, ek gaan die koning spreek;

dis skone liefdeswaansin hierdie wat
sigself vernietig deur geweld en so
die wil tot kwaai wanhoopsdade spoor
soos dikwels enige hartstog wat bestaan
ons eie natuur kasty. Dit spyt my: wat?
het jy hom harde woorde onlangs toegevoeg?

OPHELIA: Nee, vader, ek het slegs op u bevel
sy briewe van die hand gewys en hom
toegang tot my ontsê.

POLONIUS: Vandaar sy waansin.
Dit spyt my dat ek hom nie beter, fyner,
beoordeel het nie; 'k was bang dit was 'n spel;
sy doel, jou ondergang. Verwens my agterdog!
Hemel, dis net so eie aan ons tyd
dat ons die perke van agterdog oorskry
as dat die jeug gesonde oordeel mis.
Dit moet bekend word; kom na die koning toe.
Om dit bedek te hou baar groter kwaad
as openbaring van die liefde, haat.
Kom.

(Uit)

TWEEDE TONEEL

(*'n Kamer in die Kasteel. Die Koning, Koningin, Rozenkrantz, Guildenstern en gevolg op.*)

KONING: Wees welkom Rozenkrantz en Guildenstern! ³¹

Hoewel ons sterk verlang het om u hier te sien, was ons behoefte aan u hulp die oorsaak van ons haastige ontbieding. U het gehoor van Hamlet se vervorming: noem dit maar so, want nog sy uiterlike of innerlike is dieselfde man as voorheen. Wat, behalwe sy vader se dood, hom so vervreem het van homself, kan ek nie droom nie. Ek versoek u beide dus: dat, waar u grootgeword het saam met hom en in u jonglingsjare so aan hom verbonde was, u nog 'n tydjie rus hier in ons hof, dat deur u omgang hy getrek word na begeerlike genot. Op 'n gelegener tyd vind u dan uit of enigiets, ons onbekend, hom kwel wat ons, indien bevind, nie kan verlig nie.

KONINGIN: Hy t' dikwels van u, geagte vriende, gepraat: ek weet voorwaar daar leef geen twee aan wie hy meer geheg is nie: en gelief dit u om ons welwillend die vriendskap te betoon, deur aan ons hof 'n tydjie te vertoef tot die versterking van ons hoop, sal u besoek opregte dank verdien, soos dit 'n koning pas.

ROZENKRANTZ: U beide majesteite kan deur u soewereine mag oor ons u hoë wil ons eerder oplê as ons te versoek.

GULDENSTERN: Maar ons gehoorsaam u en hier bied ons ons dienste vryelik aan en lê hul tot beskikking van u troon afwagend u bevel.

KONING: Dank, Rozenkrantz, en waarde Guildenstern.

KONINGIN: Dank, Guildenstern, en waarde Rozenkrantz: ek bid u gaan besoek my seun meteens,

helaas te veel verander.

(Tot dienaars)

Gaan u mee, bring hierdie here na prins Hamlet toe.

GULDENSTERN: Die hemel gee dat ons geselskap hom
behaaglik is en opbeur.

KONINGIN: Amen, ja.

(Rozenkrantz, Guildenstern, met enige uit
die gevolg uit; Polonius op)

POLONIUS: Goeie vors, u afgesante uit Noorweë
het uiters voldaan teruggekeer.

KONING: U is die vader steeds van goeie nuus.

POLONIUS: Is ek? Wees dan verseker, goeie vors,
my plig tot God en my genadige vors
skat ek so hoog as welstand van my siel.
En ook meen ek — of anders volg my brein
nie meer so seker op die voetspoor van
die speursin nie — ek het die ware oorsaak
van prins Hamlet se waansin tans ontdek.

KONING: O meld dit tog: graag sou ek dit wil hoor.

POLONIUS: Ontbied u afgesante eers; my nuus
moet nagereg tot die groot feesmaal wees.

KONING: Bewys hul self die eer en bring hul in:

(Polonius uit)

Hy sê, my liewe Gertruida, hy het die bron
en oorsaak van u seun se kwaal ontdek.

KONINGIN: Ek vrees die hoofbron is sy vader se dood
en ons oorhaastige huwelik.

KONING: Ons sal hom sif.

(Polonius met Voltimand en Cornelius op)

Welkom, goeie vriende.

Spreek, Voltimand! Wat van ons broer, die Noor?

VOLTIMAND: Sy vriendelike wedergroete en wense.

Hy 't na ons eerste onderhoud beveel
dat werwing deur sy neef gestaak moes word.

Hy 't gemeen dit was teen Pole slegs gerig,
maar nader ondersoek het dit laat blyk
dit was teen u hoogheid gemik; en diep
gegrief dat misbruik so gemaak was van
sy siekte, ouderdom en onmag, daag
hy Fortinbras om rekenskap te gee,
wat daar gehoor aan gee, om daarop 'n skerp
berisping te ontvang en voor sy oom

te sweer dat hy nooit weer die wapens teen
u majesteit sal opneem nie; waarop
die oue Noor, oorstelp van blydskap, hom
drieduisend krone jaargeld skenk, met opdrag³²
om sy troepemag, alreeds gewerf,
teen Pole te gebruik; met 'n versoek
hierin vollediger omskryf,

(*hy oorhandig die dokument*)

dat dit
u mag behaag hom stille deurtog deur
u landstreke vir hierdie krygstog toe
te staan, met sulke waarborge, en met
vergoeding, soos daarin vermeld.

KONING: Ons neem
daarmee genoeë, en te gelegener tyd
sal ons dit lees, oorweeg, en antwoord gee.
Intussen, dank vir u volbragte taak;
rus uit; vanaand vier ons tesame fees:
Seer welkom tuis.

(*Voltimand en Cornelius uit*)

POLONIUS: Die saak het mooi verloop.
My vors en my vorstin, om te redetwis
wat koningsreg en 'n onderdaan se plig is,
waarom dag dag, nag nag is én tyd tyd,
is net om nag en dag en tyd te mors.
Daarom, daar korthed die siel van wysheid is,
langdradigheid die litte en die tooisels,
sal ek kort gaan: U eed'le seun is dol:
dol noem ek dit, want om dolheid te omskryf —
wat anders is dit dan om dol te wees?
Maar laat dit daar.

KONINGIN: Meer inhoud, minder kuns.

POLONIUS: Vorstin, geen kuns gebruik ek hoegenaamd nie.

Hy 's dol, dis waar; dis waar, dis jammer, en
dis jammer dat dit waar is; 'n dwase sin —
maar weg daarmee; geen kuns gebruik ek nie.
Laat ons dan aanneem hy is dol: resteer,
dat ons die oorsaak vind van die effek
of liewers, die oorsaak van hierdie defek;
effek word kragtens oorsaak defektief,
dus bly dit oor en die restant is dus:

Oorweeg:

Ek het 'n dogter — het, wyl sy myne is —,
wat, gehoorsaam aan haar plig, my dit
oorhandig het: hoor en oorweeg dit goed.

(Hy lees)

„Aan die hemelse, die afgod van my siel, die skoonheidrykste
Ophelia” —

Swak uitgedruk: 'n lelike uitdrukking.

Maar hoor verder — hier volg nog:

„vir haar voortreflike blanke boesem, dit” —

KONINGIN: Het Hamlet dit aan haar gestuur?

POLONIUS: 'n Oomblik, goeie vorstin, ek meld u alles

(Hy lees)

„Twyfel dat die sterre vuur is,
twyfel aan die son se loop,
twyfel dat die waarheid puur is,
maar twyfel nooit my liefdeshoop.”

„O dierb're Ophelia, met poësie kom ek maar sleg tereg: ek besit
die kuns nie om my sugte op die maat te tel nie; maar dat ek u,
o, allerbeste, innig liefhet, glo dit tog. Adieu. Vir altyd, dierb're
jonge dame, die uwe, solank hierdie liggaam hom toebehoort,
Hamlet.”

Dit het my dogter my uit plig getoon;
nog meer, sy het sy liefdebedes, soos
hul hom na tyd en plek ontval het, aan
my meegedeel.

KONING: Maar hoe het sy
sy liefde beskou?

POLONIUS: Wat dink u dan van my?

KONING: Ek ag u 'n man van eer en pligsgetrou.

POLONIUS: Graag wil ek dit bewys; maar wat sou u
gedink het as ek, toe 'k die warme liefde
in vlug sien kom — ek het dit opgemerk
voordat my dogter my vertel het — wat
sou u, of u vorstin, my liewe koningin
gedink het as 'k die rol van lessenaar
of notaboek gespeel, my hart aan 't slaap
gesus het, doof en stom; of hierdie liefde
met yd'le blik aanskou het; wat sou u
gedink het? Nee, ek het te werk gegaan
en my jong dogter aangespreek aldus:

„Lord Hamlet is 'n prins te hoog vir jou;
dit mag nie wees nie"; toe skryf ék haar voor
geen omgang met hom te hou, geen bodes of
geskenke te ontvang nie; dit gedoen,
het sy my raad gevolg; en hy, terug-
gedryf — ek maak dit kort — het in droefheid
verval, gerus, toe slapeloos en swak,
daarna lighoofdig geword; hierdeur is hy
tot daardie dolheid waarin hy tans verkeer
gedryf, wat almal grief.

KONING: Dink u dis dit?

KONINGIN: Heel moontlik kan dit wees.

POLONIUS: Het dit al ooit gebeur — ek wil graag weet —
dat ek oortuigend sê „dis so" en dit
val anders uit?

KONING: Wat ek van weet, nee, nooit nie.

POLONIUS (*wysende op sy hoof en skouers*):

Skei dié van hierdie indien dit anders is.
Lei my 'n spoor, so vind ek die waarheid waar
dit ook al skuil, al skuil dit hoe diep ook
in die middelpunt.

KONING: Maar hoe vind ons dit uit?

POLONIUS: Weet u, soms loop hy vier uur lank aaneen
hier in die voorsaal rond.

KONINGIN: Ja, inderdaad.

POLONIUS: As dit gebeur laat ek my dogter vry
om hom te gaan besoek; dan skuil ons twee
agter die wandtapyt en slaan hul gade;
toon hy geen liefde nie en is hy nie
sy sinne kwyd nie, laat ek geen staatshulp wees nie,
maar boer of karrekneg.

KONING: Dan beproef ons dit.

KONINGIN: Daar kom hy, arme drommel, bedruk, al lesende.

POLONIUS: Ek bid u albei, gaan tog weg; terstond
spreek ek hom toe.

(*Koning, koningin en gevolg uit; Hamlet op, al lesende*)

Vergun my tog: hoe gaan dit u, prins Hamlet?

HAMLET: Goed, goddank.

POLONIUS: Herken u my, my prins?

HAMLET: Besonder goed. U is 'n vishandelaar.

POLONIUS: Nie ek nie, prins.

HAMLET: Dan wens ek u was net so 'n eerlike man.

POLONIUS: 'n Eerlike man, my prins?

HAMLET: Ja, vriend, want om eerlik in hierdie wêreld te wees, is om een uit tienduisend gekeurdes te wees.

POLONIUS: Dis baie waar, my prins.

HAMLET: Want as die son maaiers in 'n dooie hond verwek — aas wat 'n godryke kus werd is — het u 'n dogter?

POLONIUS: Ja, my prins, ek het.

HAMLET: Laat haar dan nie in die son loop nie. Om te ontvang is 'n seën, maar nie soos u dogter kan ontvang nie; vriend, pas daarvoor op.

POLONIUS: Wat wil u daarmee sê? (*Tersyde*): Hy maal nog altyd oor my dogter; tog het hy my eers nie geken nie; hy 't gesê ek is 'n visventer; hy is ver heen, ver heen; en tog het ek in my jeug ook ontsettende liefdesmarte gely, aan hierdie byna gelyk. Ek gaan weer met hom praat; wat lees u, my prins?

HAMLET: Woorde, woorde, woorde.

POLONIUS: Maar waarom gaan dit, prins?

HAMLET: Oor wie, met wie?

POLONIUS: Ek bedoel, die inhoud van die boek, my Prins.

HAMLET: Oor lasteringe, vriend, want die satiriese skurk sê hier dat ou manne grys baarde het, dat hul gelaat gerimpeld is; dat hul uitpeuloë het wat draend is van dik harpous en pruimboomgom; dat hul 'n oorfloedige gebrek aan verstand paar met uiters swakke lendene; en hoewel ek dit alles van harte glo, meen ek tog dat dit nie welvoeglik is om dit te vermeld nie; want u self sal oud word, vriend, soos ek is, as u, soos 'n kreef, agteruit kon loop.

POLONIUS: (*tersyde*) Hoewel dit waansin is, het dit tog sin. Sal u tog uit die trek loop, my heer?

HAMLET: En in my graf?

POLONIUS: Dit sou inderdaad uit die trek uit wees. (*tersyde*) Hoe gevat is sy antwoorde soms nie! — 'n gawe, wat dikwels deur malheid gekenmerk word en rede en gesonde verstand nie so maklik oplewer nie. Ek sal hom verlaat en onmiddellik maatreëls tref om hom en my dogter mekaar te laat ontmoet.

(*Luid*)

My eerbare prins, need'rig neem ek afskeid van u nou.

HAMLET: U kan niks van my neem nie, vriend, wat ek met groter bereidwilligheid sou wil afgee nie — uitgesonder my lewe, uitgesonder my lewe, uitgesonder my lewe!

POLONIUS: Vaarwel, my prins.

HAMLET: Dié vervelige ou gekke.

(Rosenkrantz en Guildenstern op)

POLONIUS: Jul gaan prins Hamlet soek; kyk, daar is hy.

ROSENKRANTZ:

(Aan Polonius) God seën u, meneer.

(Polonius uit)

GULDENSTERN: My geëerde prins.

ROSENKRANTZ: My seer beminde prins.

HAMLET: My beste goeie vriende. Hoe gaan dit met jou Guildenstern?

A, Rosenkrantz! Hoe gaan dit, kêrels, met jul albei?

ROSENKRANTZ: Soos dit met onverskillige sterwelinge gaan.

GULDENSTERN: Ons is gelukkig omdat ons geluk nie buitensporig is nie; ons is geen pronkjuwele op die Geluksgodin se mus nie.

HAMLET: Nög die sole van haar skoene?

ROSENKRANTZ: Nee, dit ook nie, my prins.

HAMLET: Jul reik tot by haar gordels dan, of tot die middel van haar gunste.

GULDENSTERN: Waarlik, ons is slegs haar lyfwagte.

HAMLET: Geheime wagte oor die Gluksgodin se lyf? O, dis waar, sy is 'n slet. Wat is die nuus?

ROSENKRANTZ: Geen nuus nie, prins, dan dat die wêreld eerlik word.

HAMLET: Dan is die oordeelsdag naby; maar jul nuus is nie waar nie. Laat ek jul nader ondervra; wat het julle die Geluksgodin aangedoen dat sy jul hierheen na die gevangenis stuur?

GULDENSTERN: Na die gevangenis, my prins?

HAMLET: Denemarke is 'n gevangenis.

ROSENKRANTZ: Dan is die wêreld een.

HAMLET: 'n Redelik doeltreffende een, met baie afdelings, selle en kerkers, waarvan Denemarke een van die ergste is.

ROSENKRANTZ: Ons dink nie so nie, my prins.

HAMLET: Dan is dit nie vir julle so nie, want niks is goed of kwaad nie op sigself; dis hoe ons daarvoor dink; vir my is dit 'n gevangenis.

ROSENKRANTZ: Wel, dan maak u eersug dit vir u tot 'n gevangenis; vir u gees is dit dan te eng.

HAMLET: O, God! ek kon in 'n neutedop gekerker wees en nog myself 'n koning van onbegrensde ruimtes noem, was dit nie dat ek slegte drome het nie.

GULDENSTERN: Sulke drome inderdaad is eersug; want wat die eersugtige ooit vermag, bly steeds die skyn van 'n droom.

HAMLET: 'n Droom self is maar net 'n skim.

ROSENKRANTZ: Dis waar; maar ek ag eersug van so 'n vlugtige en yle

geaardheid, dat dit maar slegs die skim van 'n skim is.

HAMLET: Dan is ons bedelaars liggame en ons konings en hooggeroemde helde die skimme van bedelaars. Sal ons ons by die hof voeg? Want op my woord, ek kan nie redeneer nie. —

ROSENKRANTZ en GULDENSTERN: Tot u diens, my prins.

HAMLET: Niks daarvan nie; ek wil julle nie by my ander dienaars voeg nie. Want, om die waarheid te sê, ek word onsettend afskuwelik hier bedien. Maar tussen vriende, wat doen jul hier in Elsinoor?

ROSENKRANTZ: Ons kom by u besoek aflê, my prins; niks anders nie.

HAMLET: Bedelaar wat ek is, het ek selfs aan dankbaarheid gebrek. Maar ek dank julle; en werklik, liewe vriende, my dank is te duur teen 'n stuiwer. Is julle nie ontbied nie? Is dit uit eie beweging? Is hierdie besoek vrywillig? Kom, wees reguit met my; komaan, spreek.

GULDENSTERN: Wat sal ons sê, my prins?

HAMLET: Nou, enigiets, maar ter sake. Julle is ontbied en daar is 'n soort bekentenis op jul gelaat wat julle nie geslepe genoeg is om te verberg nie; ek weet die goeie koning en koningin het julle ontbied.

ROSENKRANTZ: Met watter doel, my prins?

HAMLET: Dit moet julle my vertel. Maar laat ek julle besweer, by die regte van ons kameraadskap, by die eenderse geaardheid van ons jeug, by die verpligtings van ons beproefde vriendskap, by alles, nog heiliger, wat 'n beter besweerder as ek jul kan opdra, wees openhartig en opreg met my, of julle ontbied is, of nie.

ROSENKRANTZ: (*tersyde aan Guildenstern*) Wat sê jy?

HAMLET: (*tersyde*) Toe nou, ek hou my oog op julle. As julle my liefhet, geen ontduiking nie.

GULDENSTERN: My prins, ons is ontbied.

HAMLET: Ek sal julle sê waarom, so sal ek by voorbaat dit onnodig vir julle maak om te ontdek wat ek julle sal meedeel, en so sal julle belofte van geheimhouding teenoor die koning en die koningin geen veer verloor nie. Ek het in die laaste tyd — waarom weet ek nie — al my vrolikheid verloor, my gewone oefeninge nagelaat; en my stemming is so swarmoedig dat hierdie skone struktuur, die aarde, vir my na 'n kaal voorgebergte lyk; hierdie heerlike gewelf, die lug; hierdie grootse, oorhangende uitspansel; hierdie majestueuse dak met sy mosaïek van goue vuur; kyk, dit alles skyn my niks anders te wees nie as 'n vieslike versameling van verpestelike dampe. Watter meesterstuk is die mens nie! deur sy rede, hoe edel! deur sy aanleg, hoe oneindig ryk! in sy gestalte en beweging,

hoe doelbewus en bewonderingswaardig! deur sy handeling en houding, hoe aan 'n engel, in sy begrip, hoe aan 'n god gelyk! die sieraad van die wêreld! die voortreflikste toonbeeld van alle diere! En tog wat beteken hierdie fynste kern van die stof vir my? Die mens behaag my nie, man en vrou ewe min, ofskoon dit aan jul glimlag skyn asof julle anders dink.

ROZENKRANTZ: My prins, so 'n gedagte het nie by my opgekom nie.

HAMLET: Waarom lag julle dan as ek sê dat die mens my nie behaag nie?

ROSENKRANTZ: Om te dink, my prins, as man nòg vrou u behaag, watter skrale onthaal die spelers van u kan verwag: ons het hulle op weg hierheen getref; hulle kom hierheen om hul dienste u aan te bied.

HAMLET: Hy wat die rol van die koning speel, is welkom; sy majesteit sal skatting van my ontvang; die waaghalsige ridder kan sy skerm-sabel en skild gebruik; die minnaar sal nie verniet sug nie; die luimige man sal enduit sy rol in vrede kan speel; die hanswors sal diegene laat lag³³ wat nie maklik vir elke grap lag nie; en die „dame” kan haar stuk vry en sonder volkome juistheid voordra, al moet die rymlose vers ook daardeur geweld aangedoen word. Watter toneelspelers is hulle?

ROSENKRANTZ: Dieselfde van wie u so baie gehou het, die treur-spelers van die stad.

HAMLET: Hoe kom dit dat hulle op toer is? Hul verblyf in die stad was beter — sowel vir hul naam as vir hul voordeel.

ROSENKRANTZ: Ek dink hulle word verbied as gevolg van die jongste nuwigheid.

HAMLET: Behou hulle nog dieselfde agting as toe ek in die stad was? Het hulle nog dieselfde toelae?

ROSENKRANTZ: Nee, inderdaad nie.

HAMLET: Hoe kom dit? Raak hulle dan verroes?

ROSENKRANTZ: Nee, hul pogings hou nog tred met vorige prestasies: maar, prins, daar is 'n nes van kinders, jong snuiters, wat in 'n hoë sopraan uitskree en die allergruwelikste applous uitlok! Hul is nou die toonaangewendes, en in so 'n mate kekkel hulle teen die gewone skouburg — soos hul dit noem — dat baie van hulle wat rapiere dra, bang is vir gansvere en skaars 'n skouburg durf besoek.

HAMLET: Wat! kinders, sê u? Wie onderhou hulle, en hoe word hul besoldig? Sal hulle die toneelkuns beoefen slegs solank as hul kan sing? Sal hulle nie naderhand sê — wanneer hul tot gewone

spelers uitgegroeï het, soos heel waarskynlik sal gebeur as hulle nie beter afgerig word nie — dat die toneelskrywers hul 'n onreg aandoen deur hulle teen hul eie toekoms te laat uitvaar nie?

ROSENKRANTZ: Daar was inderdaad aan beide kante 'n groot lawaai, en die volk sien daar geen sonde in om hul tot redekaweling aan te hits nie; en 'n tyd lank was daar geen geld vir 'n toneelstuk te verkry tensy die digter en die speler mekaar te lyf gegaan het nie.

HAMLET: Is dit moontlik?

GULDENSTERN: O, daar is nogal heelwat harsingverspilling oor die saak gewees.

HAMLET: En dra die seuns nogal die oorwinning weg?

ROSENKRANTZ: O, ja, prins: selfs Herkules met sy vrag en al.

HAMLET: Dis niks vreemds nie, want my oom is koning van Denemarke en dieselfde persone wat gedurende my vader se leeftyd die neus vir hom opgetrek het, gee vandag twintig, veertig, vyftig, 'n honderd dukate stuk vir 'n miniatuur van hom. Deksel, daar is iets bonatuurliks in, as die wysbegeerte dit maar kon ontrafel.

(Trompetgeskal van binne)

GULDENSTERN: Daar is die toneelspelers.

HAMLET: Menere, ek verwelkom jul in Elsinoor. Laat ek jul hand skud, komaan; verwelkoming gaan gepaard met mode en vormlikheid; laat my toe om jul op dié wyse te begroet sodat my gedrag teenoor die spelers, wat 'n goeie vertoon moet maak, nie dalk meer hoflik is dan my ontvangs deur julle nie. Julle is welkom; maar my oomvader en tante-moeder vergis hulle.

GULDENSTERN: Hoe so, my prins?

HAMLET: Ek is net dol as die wind noord-noord-wes waai; as die wind van die suide kom, kan ek 'n valk van 'n reier goed onderskei.

(Polonius weer op)

POLONIUS: Ek hoop dit staan jul goed, menere.

HAMLET: Luister, Guildenstern; en jy ook: aan elke oor 'n hoorder; daardie groot suig'ling wat jul daar sien, is nog nie uit sy luierdoeke uit nie.

ROSENKRANTZ: Miskien is hy vir die tweede keer daarin; want 'n ou man, sê hulle, word mos weer 'n kind.

HAMLET: Ek voorspel hy kom my van die toneelspelers vertel; let net op: U het gelyk, meneer; dit was op Maandagmôre, reg genoeg.

POLONIUS: My prins, ek het nuus vir u.

HAMLET: My prins, ek het nuus vir u. Toe Roscius 'n toneelspeler in Rome was —

POLONIUS: Die toneelspelers het aangekom, my heer.

HAMLET: Toe nou, toe nou!

POLONIUS: Op my erewoord.

HAMLET: „Het elke speler op sy esel aangery gekom” —

POLONIUS: Die beste toneelspelers ter wêreld, ditsy vir treurspel, blyspel, historiespel, herderspel, herder-klugspel, histories-herderspel, treur-historiespel, treur-klug-histories-herderspel of vir onverdeelde vertoning of onbepaalde voordrag en digstukke: Seneca kan nie te moeilik en Plautus nie te lig wees nie. In spele volgens geskrewe rol en voor die huis, is hulle sonder weerga.

HAMLET: O, Jefta, rigter van Israel, watter skat het jy besit!

POLONIUS: Was se skat het hy besit, my prins?

HAMLET: Wel:

„Slegs één mooi dogter en nie meer,
hy het haar reed'lik goed bemin”.

POLONIUS: (*tersyde*) Hy maal nog altyd oor my dogter.

HAMLET: Het ek dan nie gelyk, ou Jefta?

POLONIUS: As u my Jefta noem, my prins, kan ek u sê ek het 'n dogter wat ek reed'lik goed bemin.

HAMLET: Nee, dit volg glad nie.

POLONIUS: Wat volg dan, my prins?

HAMLET: Wel:

„Volgens lot, weet God”.

en dan volg:

„het pas gebeur wat moes gebeur”.

Die eerste reëls van die gewyde lied sal u meer sê. Slaan dit na, want kyk hier kom my afkorters.

(*Vier of vyf spelers op*)

Julle is welkom, meesters; almal welkom. Dit verheug my om jul wel te sien. Welkom, goeie vriende. A, my ou vriend! Jou gesig het fraaiings aangekry vandat ek jou laas gesien het. Kom jy na Denemarke om my baard te pluk? En toe, my jonge dame en gebiedster! By ons liewe vrou, vandat ek u laas gesien het, is u met die hoogte van 'n steltskoen nader aan die hemel. Mag God gee dat u stem nie soos 'n ongangbare goudstuk binne die ring gekraak word, en sy heldere klank kwyt raak nie. Meesters, julle is almal welkom. Soos Franse valkeniers sal ons alles bevlie wat ons sien; kom gee ons 'n proef van jul kuns; kom, 'n roerende voordrag.

EERSTE TONEELSPELER: Watter een verlang u, geëerde prins?

HAMLET: Ek het julle eenmaal 'n stuk hoor voordra wat nooit opgevoer

is nie; of indien wel, nie meer as een maal nie; want die spel, sover ek my herinner, het nie by die massa byval gevind nie; dit was kaviaar vir die gewone mense; maar vir my en andere wie se oordeel in sulke sake bokant myne uitblink, was dit 'n uistekende spel, met goed-deurdagte tonele, met ewe veel eenvoud as kuns uitgewerk. Ek onthou, daar was een wat gesê het dat die verse nie gekruie was om aan die inhoud geur te gee nie, of niks in die uitdrukking was om die skrywer van gekunsteldheid te beskuldig nie; hy het dit 'n deeglike poging genoem; so gesond as aangenaam, en eerder mooi as pronkerig. Van een voordrag het ek besonder veel gehou: dit was die verhaal van Aeneas aan Dido; en veral waar hy van die slagting van Priamus praat: as jul dit nog onthou, begin by die reël: laat ek sien, laat ek sien:

„Die woeste Pyrrhus, soos die Hyrcaanse monster.”

Nee, nie so nie, dit begin by „Pyrrhus”:

„Die woeste Pyrrhus, hy wie se sabelrusting,
swart soos sy doel, gelyk het soos die nag
toe hy verskuil was in die onheilsperd,
het nou sy grusaam swarte lyf besmeer
met wapenkleur meer somber; van kop tot toon
is hy afskuwelik nou rooi beplak
met bloed van vaders, moeders, dogters, seuns,
gedroog, verhard deur skroeiing van die strate
wat deur hul gloed 'n wrede, vervloekte lig
werp op hul heer se moord: in woede en vuur
ontvlam en met geronne bloed bedek,
soek die helse Pyrrhus met oë soos karbonkels
die oue vader Priamus.”

So gaan nou voort.

POLONIUS: By God, prins, goed voorgedra met die regte klem
en met gevoel.

EERSTE TONEELSPELER:

„Hy vind alras dat hy,

te kort na Grieke mik; sy aloue swaard
gehoorsaam nie sy arm; lê waar dit val
onagsaam sy bevel; ongelyk portuurd
stort Pyrrhus op Priamus; in sy woede kap
hy mis, maar die suising van sy felle swaard
trek die verswakte vader neer. Skynbaar
voel dwase Ilium ook self die slag: hy buk
met vlamme hoof tot op die grond en boei
met skriklike gedreun die oor van Pyrrhus,

want kyk, die swaard gemik op die eerwaarde
Priamus se melkwit hoof bly, soos dit lyk,
in die lug gerem, en so staan Pyrrhus daar
'n geverfde dwingeland, wat wil en taak versaak
en niks doen nie.

Maar ewe as ons dikwerf voor 'n storm
die hemel swygsaam sien, die swerk in rus,
die woeste winde spraakloos en die aarde
stil soos die dood, tot plots'ling skrik'bre donder
die lug deurklief, só het Pyrrhus se wraak
weer opgelaai en hom aan werk gesit;
en nooit het die Cycloophamers met minder berou
op Mars se pantsertuig — vir die ewigheid
gesmee — geval, as Pyrrhus se bloedige swaard
toe op Priamus val nie.

Weg, weg, jou slet Fortuna! En gode, julle
in sinode byeen, ontnem van haar haar mag,
verbreek die speke en vellings van haar wiel
en rol die ronde naaf die hemelberg af,
tot in die diepste hell!

POLONIUS: Dis glad te lank.

HAMLET: Dan moet dit met jou baard haarkapper toe. Gaan voort, ek
bid jou; hy moet lawwe grappe of 'n gewaagde verhaal van ontug
hoor, anders slaap hy. Gaan voort, ³⁴ kom by 'Hecuba'.

EERSTE TONEELSPELER: „Maar wie, o wie, die bedekte koningin,”

HAMLET: „Die bedoekte koningin?”

POLONIUS: „die bedoekte koningin” is goed.

EERSTE TONEELSPELER: „blootsvoet heen en weer sien hardloop het
die vlamme met haar trane dreigende
en op haar hoof 'n doek wat onlangs nog
'n kroon gedra het, haar gewaad 'n laken
inderhaas uit angs gegryp en om haar maer
en uitgeputte lende gedraai — wie dit
gesien het, sou in gifgedoopte taal verraad
verklaar het teen Fortuna se heerskappy.
Maar had die gode haar gesien toe Pyrrhus
met bose hoon haar eggenoot se lyk
in stukke kerf, sou haar luidrugtige
geskrei — tensy niks mensliks hul ooit roer nie —
die gode se brandende oë verteder en
die hemel se afsku gewek het.”

POLONIUS: Kyk, het hy nie van kleur verander nie,
en is daar nie trane in sy oë nie?
Ek bid u, hou op.

HAMLET: Genoeg; hy kan die res later voordra.

(Aan Polonius)

Sal, u edelagbare heer,
asseblief toesien dat die spelers goed gehuisves word? Hoor u?
Laat hulle goed behandel word, want hulle is die kort begrip en
die kronieke van die tyd. Dit sou beter wees om na u dood eerder
'n slegte opskrif op u grafsteen te hê, as onder hulle 'n slegte naam
gedurende u leeftyd.

POLONIUS: My prins, ek sal hulle na verdienste behandel.

HAMLET: Nee, deksels, man, baie beter. As elkeen na verdienste be-
handel moes word, wie ontkom dan ooit aan lyfstraf? Behandel
hul ooreenkomstig jou eie eer en waardigheid: hoe minder hul
verdienste, hoe groter jou weldadigheid. Neem hul na binne.

POLONIUS: Kom, menere.

HAMLET: Volg hom, vriende, môre luister ons na jul toneelstuk.

(Polonius met alle spelers behalwe die eerste uit)

Hoor net, ou vriend, kan jy „die moord op Gonzago” speel?

EERSTE TONEELSPELER: Ja, my prins.

HAMLET: Dit wil ons môreaand opgevoer sien. Jy sou tog, indien nodig,
'n voordrag van 'n dosyn of sestien reëls kan instudeer wat ek sal
afskryf en inlas, nie waar nie?

EERSTE TONEELSPELER: O, ja, my prins.

HAMLET: Nou goed dan. Volg daardie heer, maar pasop dat jy nie die
spot met hom drywe nie.

(Eerste Toneelspeler uit)

tot Rosenkrantz en Guildenstern

My goeie vriende, ek neem nou afskeid tot vanaand. Jul is wel-
kom in Elsinoor.

ROSENKRANTZ: Goed, waarde prins.

HAMLET: Ja so! God sy met u.

(Rosenkrantz en Guildenstern uit)

Nou 's ek alleen

O wat 'n skurk en bose slaaf is ek!
Is dit nie gruwelik dat hierdie speler
in 'n versinsel, in 'n droom van hartstog,
sy siel na eie skepping so kon dwing
dat sy gelaat geheel verbleek het; met
oë vol trane; sy uitsig radeloos;

sy stem gebroke; sy houding en gebaar
bepaal deur sy verbeelding; en dit om niks nie:
Om Hecuba!

Wat is Hecuba vir hom of hy vir haar
dat hy oor haar sou ween? Wat sou hy doen
had hy die dryfveer, die prikkel tot ontroering
soos ek? Hy sou die toneel in trane drink,
en elke oor met gruweltaal deurboor;
wie skuldig is, waansinnig maak; wie vry is,
ontstel; onwetendes sou hy verwar;
ja selfs die oog en oor verdof, verdoof.

Maar ek,

verstompte vent, dool troebelsinnig hier
soos Jan die Dromer, doelloos rond
en kan niks sê nie, selfs nie vir 'n koning nie,
wat skand'lik van besitting en van sy lewe
berowe is. Is ek 'n lafaard dan?

Wie noem my skurk; wie klief my harspan, ruk
my baard uit, blaas dit in my aangesig;
wie trek my neus; druk die leuen af in my keel
tot in my longe? Wie doen dit aan my?

Ha!

Vervloeks of ek dit duld; dit kan nie wees nie
of anders het ek duiwemoed en -lewer,
geen gal om dwang deur bitterheid te wek nie,
en sou ek lank eer nou die roofvoëls vet
gevoer het op hierdie slaaf se afval! Skurk,
meedoënlose, valse, onmenslike skurk!

O wraak!

O watter esel is ek tog! Hoe braaf dat ek —
die seun van 'n vermoorde, dierb're vader,
deur hel en hemel tot my wraak gespoor —
my hart met woorde soos 'n slet verlig,
en soos 'n regte straatvrou vloek en swets,
ja, soos 'n staljong!

Skande, skande! Aan 't werk, my brein. Ha, ha!
Ek hoor dat skuldiges, na bywoning
van 'n toneelspel, soms in hul hart so diep
getref word dat hul daar en dan gaan bieg
en al hul euweldade openbaar;
want moord, al het dit nie 'n tong nie, spreek

soms wonderbaar. Ek sal die spelers hier
iets soos my vader se moord laat opvoer voor
my oom; ek slaan sy blik dan gade en skrik
of deins hy t'rug, weet ek wat om te doen.
Die gees deur my gesien kan net sowel
die duiwel wees: die duiwel het die mag
om hom aanloklik voor te doen. Ja, en
miskien omdat ek swak en droewig is
en hy groot mag oor sulke geeste het,
lê hy hom toe op my verderf. Ek moet
op vaster grond beweeg. Die spel's die ding
om 'n koning se gewete te bedwing.

DERDE BEDRYF

EERSTE TONEEL

(*'n Kamer in die Kasteel. Die Koning, Koningin, Polonius, Ophelia, Rosenkrantz en Guildenstern op*).

KONING: En kan u deur 'n omweg nie verneem
waarom hy so verward en vreemd hom hou,
so kras sy rus van dag tot dag versteur
deur hierdie waansin, woes en so gevaarlik?

ROSENKRANTZ: Dat hy verbysterd voel, erken hy self,
maar oor die oorsaak laat hy hom nie uit nie.

GULDENSTERN: Nog is hy geneë om uitgevra te word
maar ontwyk met 'n sluwe waansin elke vraag
wanneer ons poog om hom sy ware toestand
te laat bely.

KONINGIN: Hoe het hy u ontvang?

ROSENKRANTZ: Heel vriend'lik — soos 'n edelman.

GULDENSTERN: Maar wat sy stemming kragtig moes bedwing.

ROSENKRANTZ: Met stel van vrae karig, maar wanneer
hy ons moes antwoord, gul.

KONINGIN: Het u probeer
om hom tot tydverdryf te lok?

ROSENKRANTZ: Vorstin, toevallig het ons onderweg
'n toneelgeselskap ingehaal en hom
van hul vertel. Skynbaar het hy die nuus
met vreugde ontvang. Hul is nou aan die hof
gehuisves met bevel, meen ek, om vanaand
voor hom iets op te voer.

POLONIUS: Ja, alte waar!
My het hy opgedra u majesteite
te smee om hierdie spel te sien en hoor.

KONING: Van ganser harte; en ek verheug my om
te hoor dat hy belang in so iets stel.
My waarde here, wek sy lus nog op
en spoor hom aan tot dié genietinge.

ROSENKRANTZ: Ons sal, u majesteit.

(*Rosenkrantz en Guildenstern af*)

KONING: Verlaat ons ook
lieuwe Gertruida, want ons het Hamlet heimelik

hierheen laat roep dat hy as 't ware by toeval
Ophelia hier kan ontmoet:

Haar vader en ons self, uit plig spioene,
sal ons so gaan versteek dat ongesien
ons hom kan sien en uit hul houding ons,
as hul mekaar ontmoet, kan oordeel of
dit smarte van die liefde is of nie
waaraan hy ly.

KONINGIN: Ek voldoen aan u versoek.
Wat u betref, Ophelia, wens ek van harte
u skoonheid mag die blye oorsaak wees
van Hamlet se dolheid. So wil ek hoop u deugde
voer hom weer t'rug na sy gewone weg
tot eer van beide.

OPHELIA: Só sy dit, u majesteit.

(Koningin af)

POLONIUS: Ophelia, kom loop hier op en af.
Behaag dit u, my vors, dan kruip ons weg.

(Aan Ophelia)

Lees hierdie boek dat so 'n vroom vertoon
jou eensaamheid 'n doel gee. Dikwels dra
ons self die blaam dat ons met vroom gelaat
en met skynheiligheid die duiwel self
oorsuiker.

KONING: *(tersyde)*

O dis alte waar! Hoe fel
striem hierdie woorde nie my gewete nie!
Die slet se wang, verfraai met pleisterkuns,
is nie afsigt'liker vir daardie hulp
as vir my mees versierde woord my daad nie.

POLONIUS: Ek hoor hom kom: laat ons versteek, my heer.

(Koning en Polonius af; Hamlet op)

HAMLET: Te wees of nie te wees nie, dis die vraag:

Of dit, ja, eed'ler van gemoed is om
die slingerstene en die pyle van
die wreedste lot te duld, of wapens teen
'n see van plaë neem en deur verset
'n end daaraan te maak. Te sterf, te slaap,
niks meer nie; en stel 'n slaap beëindig dan
die hartseer en die duisend skokke wat
die vlees se erf'nis is, dis 'n einddoel om

met vroomheid te begeer. Te sterf — te slaap —
 te slaap, miskien te droom: daar lê die knoop;
 want wat vir drome daardie doodslaap bring
 na ons die aardse greep ontworstel het,
 dwing ons tot aars'ling: dis waarom die rampspoed
 so 'n hoë leeftyd het; want wie verdra
 die smaad en slae van die tyd, die tiran
 se onreg, die trotsaards hoon, die steke van
 versmaaide liefde, die getalm van die reg,
 onbeleefdheid van die gesag, die veragting wat
 die nikswerdiges stille verdienste toon,
 as hy sy kwyting met 'n ontblote dolk
 vanself kan kry? Wie dra laste en kreun en sweet
 onder die lewensjuk as nie die vrees
 vir iets, iets na die dood — die onontdekte land
 van waar geen reisiger ooit terugkeer nie —
 die wil verwar nie en die laste wat
 ons het ons liever laat verduur as heen
 te vlug na ander, onbekend. Aldus
 maak die gewete lafaards van ons almal
 en die aangebore blos van 'n besluit
 versieklik deur die bleekheid van ons denke,
 en ondernemings van die grootste gewig
 stroom skeef, verloor die naam van handeling.
 Maar stil! die skoon Ophelia! Nimf, in u bede
 herdenk tog al my sondes.

OPHELIA: Eed'le heer!

Hoe het dit u so 'n lange tyd gegaan?

HAMLET: Ek dank u needrig, goed, goed, goed.

OPHELIA: Ek het nog aandenkings van u, my heer,

wat ek al lank aan u terug wou gee:

ek bid u, neem hul nou terug.

HAMLET: Nie ek nie;

Nooit het ek iets aan u gegee nie, nooit.

OPHELIA: Geëerde prins, u weet tog wel u het,

en dit met woorde so soet van geur dat hul

in waarde hoog gestyg het. Hul geur tans heen,

so neem hul t'rug; vir die eed'le van inbors is

ryk gifte arm as gewers onvriendlik is.

HAMLET: Aha, is u eerbaar?

OPHELIA: Maar prins!

HAMLET: Is u skoon?

OPHELIA: Wat bedoel u edele?

HAMLET: Dat as u eerbaar is en skoon, u eerbaarheid geen omgang met u skoonheid behoort te hê ne.

OPHELIA: Kan skoonheid, prins, beter omgang hê as met eerbaarheid?

HAMLET: Ja, seker; want die mag van skoonheid sal eerder eerbaarheid tot koppelaarster verlaag as dat die invloed van eerbaarheid die skoonheid tot haar gelyke sou maak; voorheen was dit 'n paradoks, maar nou word dit deur die tyd bevestig. Ek het u eenmaal liefgehad.

OPHELIA: Dit het u, prins, my inderdaad laat glo.

HAMLET: U moes my nie geglo het nie; want die deug self kan nie so op ons ou stam ingeënt word dat ons daar geen smaak van sal oorhou nie; ek het u nie liefgehad nie.

OPHELIA: Des te meer was ek bedroë.

HAMLET: Maak dat u in 'n nonneklooster kom: waarom sou u sondaars in die wêreld bring? Ek self is taamlik deugsaam: nogtans sou ek my self van sulke dinge kon beskuldig dat dit beter was dat my moeder my nie in die wêreld gebring het nie. Ek is baie trots, wraaksugtig, eergierig; met meer sondes op my kerf as gedagtes om hul uit te dink, verbeeldingskrag om aan hulle gestalte te gee, of tyd om hulle uit te voer. Waarom sou sulke verskynsels soos ek tussen hemel en aarde rondkruip? Ons is ellendige skurke almal; glo nie een van ons nie. Loop na 'n klooster toe. Waar is u vader?

OPHELIA: Tuis, my prins.

HAMLET: Laat die deure agter hom gesluit word dat hy nêrens as in sy eie huis die gek kan skeer nie. Vaarwel!

OPHELIA: O, help hom, liewe hemel, tog!

HAMLET: As u trou, gee ek u hierdie plaag tot bruidskat: wees kuis soos ys, rein soos sneeu, u sal aan laster tog nie ontkom nie. Weg, na 'n klooster toe; loop; vaarwel! Of, as u dan moet trou, trou 'n sot; want verstandige manne weet maar alte goed watter monsters u van hulle maak. Wég, na 'n klooster toe: loop: en sommer dadelik ook. Vaarwel!

OPHELIA: O hemelse magte herstel hom tog.

HAMLET: Ek het gehoor en ek weet ook alte goed hoe u gesigte beskilder word; God het u een gesig gegee en u maak 'n ander een; u huppel en trippel en lispel en aan Gods skepsels gee u byname, en u laat u wulpsheid deurgaans vir onkunde. Loop, ek wil daar niks mee te doen hê nie; dit maak my gek. Ek sê u, ons wil geen

verdere huwelike hê nie; die wat reeds gehuud is, mag almal, op een na, bly lewe; die orige moet bly soos hul is. Wég, na 'n klooster: Gaan!

(Hamlet af)

OPHELIA: O wat 'n eed'le gees is hier verpletter!

Die howelings-, krygers-, denkersoog, -tong, -swaard!
die hoop en fleur van die so ryke Staat,
die weerspieëling van die mode, die modél,
die gesiene van gesienes — terneer, terneer!
En ek ellendigste van vroue wat
sy heuningsoete, strelende ede gesuig het,
sien hierdie eed'le, aller soew'reine verstand
vol wanklanke soos van ontstemde klokke;
sien die weergaloos frisse gestalte van jeug
deur waansin ontwrig — O, wee my, dat ek gesien het
wat ek gesien het, sien wat ek hier sien.

(Die koning en Polonius weer op)

KONING: Liefde! Nee, liefde is nie sy dryfveer nie!

Nòg lyk wat hy gesê het, al klink dit kras,
na waansin nie. Daar is iets in sy siel
waar sy swaarmoedigheid op broei en 'k vrees
die broeisels, as dit aan die lig kom, kan
nogal gevaarlik wees. Om dit te keer
het ek na kort en ryp beraad aldus
besluit: hy moet na Engeland met spoed
om ons opeis'bre skatting in te vorder.
Miskien verdryf die seereis en die reis
deur ander lande, met wiss'lende toneel,
dit wat hom nog so kwel en wat sy brein
bevange hou; — wat dink u van my plan?

POLONIUS: U plan is goed, maar tog hou ek nog vol

die begin en oorsprong van sy droefheid is
versmaaide liefde. Toe maar, Ophelia:
U hoef ons nie te meld wat prins Hamlet
aan u gesê het nie; ons het dit alles
gehoor. Maak soos u wil, my vors, maar as
dit u behaag, laat dan sy koningin-moeder
alleen met hom na afloop van die spel;
laat sy alleen hom smeek om haar sy leed
te openbaar; ek skuil dan so dat ek
hul heim'lik hoor. Misluk sy, stuur hom weg

na Engeland of sluit hom op waar dit
u wysheid pas.

KONING: Ja wel, want hoe dit sy,
waansin by grotes mag onbewaak nie bly.

TWEEDE TONEEL

(’n Saal in die Kasteel; Hamlet en die Spelers op)

HAMLET: Dra die alleenspraak asseblief voor soos ek dit aan julle voorgesê het, glad van die tong; maar as jul dit uitbolk, soos baie van julle spelers doen, sou ek net so lief sien dat die stadsomroeper my verse uitbasuin. En moenie die lug te veel met jul hande klowe nie, so; maar laat alles saggies geskied; want selfs te midde van die stortvloed, storm en, mag ek sê, dwarrelwind van hartstogtelikheid moet julle ’n besadigde, ja selfs beheerste houding aanneem wat jul voordrag sal afrond; o, ek vererg my in my siel om na ’n luidrugtige gepruikte vent te luister wat ’n stuk, vol hartstog, aan flenters skeur net om die parterregangers te bevredig, wat meestal nie in staat is om iets anders dan onverklaarbare gebaarspel en geraas te waardeer nie: ek sou so ’n kêrel graag laat gêsel omdat hy Termagent oorbulder, Herodus oorherood. Ek bid jul, vermy dit tog.

EERSTE SPELER: Ek gee u die versekering, prins.

HAMLET: Maar moenie daarenteen te mat wees nie; laat jou eie oordeel jou lei; reël jou gebaar na die woord, jou woord na die gebaar; en pas veral op dat jy nie die gematigdheid van die natuur oortref nie; want alle oordrywing is in stryd met die doel van die toneel, wat van oudsher tot nou was en is: ’n weerspieëling as’t ware, van die natuur; — om aan deug haar eie trekke te toon, aan die verworpenheid sy eie beeld en aan elke geslag en gemeenskap hul eie gedaante en afdruk. Sulke oordrywing mag die oningewyde laat lag, maar dit grief die verstandiges; en die oordeel van laasgenoemdes moet na oorweging swaarder weeg as ’n skouburg vol van die ander. O, daar is spelers wat ek sien speel en ander nogal hoë lof hoor toeswaai het wat — ek sê dit sonder heiligskenis — nòg die taal nòg die gang van ’n Christenmens besit het, ja selfs nie aan ’n gewone mens of ’n heiden gelyk was nie, en tog so gepronk en gebulder het dat ek gedink het sommige van die natuur se handlangers het ook probeer om mense te maak maar hulle verknoei het; so afskuwelik het hulle die natuur nageboots.

EERSTE SPELER: Ek hoop, prins, ons het daarin geslaag om dit taamlik te hervorm.

HAMLET: O, hervorm dit geheel en al! En laat tog die harlekyn op die toneel niks meer sê as in die rol voorgeskryf is nie; want daar is onder hulle wat self lag net om 'n hoop onnosele toeskouers te laat lag, al moet die aandag juis op daardie moment op 'n belangrike deel van die stuk gevestig wees. Dis skandelik en dit toon 'n jammerlike eersug in die nar. Gaan, en maak jou gereed.

(Spelers af; Polonius, Rosenkrantz en Guildenstern op)

POLONIUS: Ja, en ook die koningin; hulle sal binnekort hier wees.

HAMLET: Sê aan die toneelspelers om gou te maak.

(Polonius uit)

Sal jul twee help om hul haastig te maak?

ROSENKRANTZ, GULDENSTERN: Ons sal, my prins.

(Rosenkrantz en Guildenstern af)

HAMLET: A, Horatio!

(Horatio op)

HORATIO: Hier, beste prins, en tot u diens.

HAMLET: Horatio, jy is 'n man so reggesind
as ek ooit in my omgang nog ontmoet het.

HORATIO: Maar beste prins, —

HAMLET: Nee moenie dink ek vlei nie,

want watter voordeel kan ek uit jou trek
wat slegs jou wakk're gees besit as bron
om van te lewe? Waarom die armes vlei?
Laat heuningtonge dwase praal belek
en die knie gereed'lik buig waar kruipery
gewin beloof. Hoor jy? Sodra my siel
sy eie meester was om self te kies
en mens van mens te onderskei, het hy
sy stempel op jou geplaas; deur alles te ly
was jy soos een wat nooit gely het nie —
'n man wat guns en onguns van die geluksgodin
met gelyke dank kon dra:, en geseënd is hul
wie se hartstog en oordeel so goed verenig is
dat hul geen fluit is vir Fortuin se vinger
om 'n toon na luim daaruit te lok nie. Gee my
die man — geen slaaf van drifte nie — en 'k sal
hom koester in my hart, my hart se hart,
soos ek jou koester; maar te veel hiervan.

'n Spel word vanaand voor die koning opgevoer;
in één toneel is daar 'n voorstelling
gelykend op wat ek jou van my vader se dood
vertel het. Ek bid jou, as jy dit sien
let op my oom met die speurkrag van jou siel.
As sy verborge skuld op een plek in
die voordrag niet tot uiting kom nie, dan
is dit wat ons gesien het 'n vloek'bre spook
en my verbeelding is berook soos die
Vulkanus-smedery. Gee noulettend ag;
want ek gaan vestig my blik op sy gelaat;
daarna kan ons ons oordeel verenig om
hom op die proef te stel.

HORATIO: Ja goed, my prins.
Besteel hy my vanaand 'n enk'le blik
wat 'k nie betrap nie, ek vergoed die diefstaf dan.

HAMLET: Daar kom hul om die spel te sien; ek moet
weer gek wees. Gaan sit iewers.

*('n Deense mars. Trompetgeskal. Die koning,
Koningin, Polonius, Ophelia, Rosenkrantz,
Guildenstern, Lords en gevolg op. Die lyfwag
dra fakkels.)*

KONING: Hoe gaan dit met ons neef Hamlet?

HAMLET: Uitstekend, op my woord; ek leef van kameleonkos: ek eet die
lug, propvol met beloftes: só voed jy kapoene nie.

KONING: Aan daardie antwoord het ek niks nie, Hamlet: my woorde is
dit nie.

HAMLET: Nee, myne ook nie. *(Aan Polonius)* Meneer, u sê u het ook
eenkeer aan die universiteit toneel gespeel?

POLONIUS: Dit het ek, my prins, en hul het my nogal 'n goeie speler
beskou.

HAMLET: Watter rol het u vertolk?

POLONIUS: Die rol van Julius Caesar; ek is in die kapitoel gedood;
Brutus het my gedood.

HAMLET: Dit was 'n brutale daad om so 'n gawe kalf te dood. Is die
spelers gereed?

ROSENKRANTZ: Ja, my prins. Hul wag u welgevalle af.

KONINGIN: Kom hier, my liewe Hamlet, sit langs my.

HAMLET: Nee liewe Moeder, hier is 'n sterker magneet.

POLONIUS: *(Aan die koning)* Aha, en het u dit gehoor?

HAMLET: Juffrou, mag ek in u skoot lê?

(Hy lê aan die voete van Ophelia)

OPHELIA: Nee, my prins.

HAMLET: Ek bedoel met my hoof op u skoot?

OPHELIA: Ja wel, my prins.

HAMLET: Dink u ek het verkeerde bedoelings gehad? ³⁵

OPHELIA: Ek dink niks nie, my prins.

HAMLET: Dis 'n bekoorlike gedagte om tussen 'n dame se bene te lê.

OPHELIA: Wat bedoel u, my prins.

HAMLET: Niks nie.

OPHELIA: U is vrolik, my prins.

HAMLET: Wie, ek?

OPHELIA: Ja, my prins.

HAMLET: O, God, die enigste grapmaker. Wat kan ³⁶ 'n mens anders doen as om vrolik te wees? Want kyk net hoe opgeruimd my moeder lyk, en my vader is skaars twee uur gelede dood.

OPHELIA: Nee, dis twee maal twee maande gelede, prins.

HAMLET: So lank gelede? Nee, laat die duiwel dan in swart gekleed gaan; ek verkies sabelbont. O hemel, al twee maande gelede dood, en nog nie vergeet nie? Dan is daar hoop dat die nagedagtenis van 'n beroemde man hom 'n halwe jaar sal oorlewe; maar, by ons liewe Vrou, dan moet hy kerke bou; so nie, ontkom hy aan die vergetelheid nie, ewe as die hobbelperd, waarvan die grafskrif lui: „Want o, want ag, die hobbelperdje is vergeet.”

Hobospel. Daarna gebarespel. Die koning en koningin kom op, baie toegeneë tot mekaar, die koningin omhels hom en hy haar. Sy kniel, en laat verstaan dat sy hom liefhet. Hy trek haar op en lê sy kop op haar skouer; dan gaan hy op 'n sooibank tussen die blomme lê en slaap; as sy merk dat hy slaap, verlaat sy hom. Kort daarna kom 'n kêrel, verwyder sy kroon, kus dit, gooi gif in die koning se ore en gaan voort. Die koningin kom terug, ontdek dat die koning dood is en maak hartstogtelike gebare. Die vergiftiger, deur twee of drie stomme persone begelei, kom weer in en maak asof hy met haar weeklaag. Die lyk word weggedra. Die vergiftiger maak met geskenke die koningin die hof; eers lyk sy traag en onwillig, maar eindelijk neem sy sy liefde aan. Spelers af.)

OPHELIA: Wat beteken dit, my prins?

HAMLET: Wraggies, dis 'n geheime skelmstreek; dit dui ³⁷ op misdaad.

OPHELIA: Miskien gee dit die inhoud van die spel weer.

(Die Proloog op)

HAMLET: Ons sal dit wel van hierdie knaap verneem; toneelspelers kan geen geheim bewaar nie; hul blaker gewoonlik alles uit.

OPHELIA: Sal hy ons vertel wat hierdie vertoning beteken?

HAMLET: Ja, of elke ander vertoning wat u hom mag toon: as u nie skaam is om iets te vertoon nie, sal hy nie skaam wees om u te sê wat dit beteken nie.

OPHELIA: U is ondeund, ondeund. Ek sal my aandag aan die spel gaan wy.

PROLOOG: Hier is ons met ons spel bereid,
en vra ons u goedgunstigheid;
by aanhoor, u geduldigheid.

HAMLET: Is dit 'n proloog of 'n ringvers?

OPHELIA: Dis kort genoeg, my prins.

HAMLET: Soos die liefde van 'n vrou.

(Twee spelers — die koning en koningin op.)

TONEEL-KONING: Reeds dertig keer het Phoebus weer sy wa
oor Neptunus se soute meer geja,
om Tellus se geronde bol laat rol;
en 'n dosyn maal dertig het die maan
met geleende glans die wêreld omgegaan,
sinds liefde ons en Hymen onse hande
verenig het met hul gewyde bande.

SPELER-KONINGIN: Mag son en maan nog soveel reise maak
eerdat ons troue liefde op sal raak;
maar ag, u is in die laaste tyd so krank,
so sonder vrolikheid — u gaan so mank
aan opgewektheid dat ek onrus voel;
maar, my gade, my onrus mag u doel
nooit dwarsboom nie, want die liefde van 'n vrou
en haar angs word ewewydig uitgebou.
Hoe groot my liefde is, het ek getoon;
maar ewe groot die angs wat in my woon.
Is liefde groot, wek kleinste twyf'ling vrees,
word kleine angste groot, groot liefde moet daar wees.

SPELER-KONING: My lief, my uur van heengaan naak met spoed,
my lewensband verslap, ek't nie meer moed;
maar in hierdie skone wêreld sal u bly
geëerd, geliefd; en kry u nog daarby
'n goeie eggenoot —

SPELER-KONINGIN: O swyg; niks meer!
Dis boesemverraad teen u, min ek ooit weer;
vervloek is sy wat 'n tweede toebehoor;
wie dit doen, het haar eerste man vermoor.

HAMLET:

(tersyde) Gal en alsem.

TONEEL-KONINGIN: Want aanleiding tot 'n tweede huw'lik is
gemene baatsug, geen liefde nie gewis;
ek laat my oorlede gade nog eens sterf
eer 'n tweede 'n kus van my in bed verwerf.

TONEEL-KONINGIN: Ek glo u is oortuig van wat u spreek,
maar ons besluite word, ag, telkens verbreek.
Goeie beloftes, sterk by geboorte, is
maar net 'n slaaf van ons geheuenis —
onstandvastig soos die groen vrug aan 'n tak,
wat afval as dit ryp is, vermuf en swak.
Noodsaaklik is dit dat ons die skuld vergeet
wat ons verskuldig aan onsselwe weet;
want wat ons in ons drif besluit, beloof,
sy doelpunt mis as die drif word uitgedoof.
Die heftigheid van droefenis of vreug
vernietig beide deur eie daad of deug;
hoe groter die vreugde, hoe dieper die leed meesal;
leed juig en vreugde treur by blote toeval.
Die wêreld wissel steeds; geen wonder dan
dat die liefde met ons lot verander kan.
Die vraag bly: wie is leier van die twee,
sleep liefde ons lot of ons lot die liefde mee?
'n Groot man val, sy gunst'ling gaan op vlug;
die arm man styg; sy vyand, so gedug,
word vriend: die liefde neig geluk toe heen,
want wie geen vriend behoef, ontbeer ook geen;
en wie in nood 'n swakke vriend beproef,
maak hom 'n vyand wat hy as vriend behoef.
Om tot die aanvang t'rug te keer: altyd
is wil en lot so teenmekaar in stryd,
dat ons beplannings steeds oor boord moet gaan;
ons gedagtes bly, hul trefkrag is verslaan.
Dink dus nie aan 'n tweede eggenoot;
laat sterf u droom met u eerste man se dood.

TONEEL-KONINGIN: Brood, nog lig, skenk my die aarde en hemel
[dus!

Ontneem my bedags my pret en snags my rus!
Geloof en hoop word my deur wanhoop ontsteel;
'n kluis'naar's lot, gekerker, sy my deel!

Al wat die vreugde se aangesig verbleek
tref wat ek liefste het, en dit verbreek!
Mag ew'ge pyn my volg, hierna en nou,
as ek, eens weduwee, ooit weer mag trou.

HAMLET:

(Aan Ophelia) As sy haar belofte sou verbreek!

TONEEL-KONING: 'n Dure eed; verlaat my 'n rukkie, skat,
vermoeiend was die dag: ek is so mat
en wil graag slaap.

TONEEL-KONINGIN: Slaap sag, en nooit mag daar
iets tussen ons gebeur wat onheil baar.

(Toneelkoningin af)

HAMLET: Wel, moeder, hoe geval die spel u?

KONINGIN: Die koningin, dink ek, betuig te veel.

HAMLET: O, maar sy sal haar woord gestand tog doen.

KONING: Ken u die inhoud van die spel? Daar is tog niks in wat aan-
stoot kan gee nie, is daar?

HAMLET: O nee, nee, alles is korswil; vergiftiging in skerts; geen die
minste aanstoot nie.

KONING: Wat is die titel van die stuk?

HAMLET: Die Muisval. En waarom? Figuurlik. Hierdie spel is 'n getroue
naboetsing van 'n moord in Wenen gepleeg. Gonzago is die hertog
se naam: sy gemalin is 'n Baptista: U sal dit strakkies sien; dis 'n
skurkagtige stuk werk, maar wat daarvan? U majesteit en ons wat
'n skoon gewete het, behoef ons dit nie aan te trek nie; laat die
geslane knol maar gril; ons skouers is tog nie geskaaf nie.

(Lucianus op)

Dit is 'n sekere Lucianus; die koning se neef.

OPHELIA: U is 'n goeie verteller, soos 'n koor, prins.

HAMLET: O, ek sou alles tussen u en u minnaar kon vertolk as ek maar
net die marionette kon sien dans.

OPHELIA: U is skerpsinnig, prins, baie skerpsinnig.

HAMLET: Dit sal u 'n gil kos om my stomp en bot te maak.

OPHELIA: Nog skerpsinniger en erger.

HAMLET: So moet julle, vroue, jul mans kies. Begin, moordenaar; om
liefdeswil, hou op met afskuw'like gesigte trek en begin. Komaan:
„die kwakende kraai roep krassend om sy wraak.”

LUCIANUS: Gedagtes swart; die hand gereed; gif sterk;
die tyd geleë — geen loerende oog wat merk;
goor stooksel onkruid te middernag gegaar,
drie maal deur Hecate se vloek beswaar,

toon hoe met julle dodende towerkrag
jul 'n frisse lewe deur die dood bemag.

(Hy drup die vergif in die oor van die slapende koning).

HAMLET: In sy eie tuin is hy vergiftig om 'n erflating. Sy naam is
Gonzago: die geskiedenis is bekend en is in uitmuntende Italiaans
geskrywe; u sal aanstonds nog sien hoe die moordenaar die liefde
van Gonzago se vrou verkry.

OPHELIA: Die koning staan op.

HAMLET: Wat, deur valse brandalarm verskrik? ³⁸

KONINGIN: Wat makeer u, my gemaal?

POLONIUS: Staak die spel.

KONING: Gee my lig — weg!

ALMAL: Lig, lig, lig.

(Almal af, behalwe Hamlet en Horatio.)

HAMLET:

Die gekweste hert soek hygend rus;
die ongedeerde speel;
want een het leed en die ander lus,
dit is die wêreld se deel. ³⁹

Sou dit, en 'n bos vere, met twee rose van Provence, uitgewerk op
my skoene as versiersel, my — gestel my rake sou uiters versleg —
nie 'n aandeel in 'n teatergeselskap kan besorg nie?

HORATIO: 'n Halwe aandeel.

HAMLET: 'n Hele een vir my.

My Damon, ag, u weet tog dit:
dat hierdie ryk, deur Zeus self
onttakel, tans is in besit
van 'n regte, regte aap.

HORATIO: U kon dit laat rym het.

HAMLET: O, beste Horatio, ek sal 'n duisend pond op die spook se
woord wil wed. Het jy gemerk?

HORATIO: Alte goed, my prins.

HAMLET: Toe daar van gif gepraat is?

HORATIO: Ek het hom goed in die oog gehou.

HAMLET: Aha, 'n bietjie musiek — kom bring die fluite:

Want as die klug die koning nie behaag,
wel dán, dis duid'lik, moet dit hom mishaag.

Kom maak musiek!

(Rosenkrantz en Guildenstern weer op.)

GULDENSTERN: My goeie prins, vergun my 'n woord met u.

HAMLET: Meneer, 'n hele geskiedenis.

GULDENSTERN: Die koning, prins.

HAMLET: Ja, meneer, wat van hom?

GULDENSTERN: Is in sy kamer en gans van stryk.

HAMLET: Deur drank, meneer?

GULDENSTERN: Nee, prins, maar eerder deur gal.

HAMLET: Dan sou jy 'n des te gesonder verstand toon as jy dit aan sy geneesheer meedeel; want as ek hom 'n purgasie gee, sou die gal hom gewis meer pla.

GULDENSTERN: My goeie prins, hou tog u antwoord 'n bietjie in toom en moenie so wild afspring van wat ek aan u wil sê nie.

HAMLET: Ek is geheel mak, meneer; praat.

GULDENSTERN: Die koningin, u moeder, het my in die grootste bekommernis na u toe gestuur.

HAMLET: Jy is welkom.

GULDENSTERN: Nee, goeie prins, hierdie beleefdheid is nie van die regte soort nie. As dit u behaag om my 'n redelike antwoord te gee, sal ek u moeder se bevel uitvoer; so nie, sal my taak met u verlof ten einde wees en sal ek terugkeer.

HAMLET: Meneer, ek kan nie.

GULDENSTERN: Wat nie, prins?

HAMLET: Jou 'n redelike antwoord gee nie; my gees is in die war; maar so 'n antwoord as ek jou kan gee, meneer, is tot jou, of tewens, tot my moeder se beskikking; derhalwe niks meer nie, maar ter sake asseblief; jy sê, my moeder —

ROSENKRANTZ: Nou, dit is wat sy sê: u gedrag het haar met verbasing en verwondering vervul.

HAMLET: O wonderbare seun wat sy moeder só kan verbaas! Maar is daar nie 'n vervolg op die hiele van hierdie moeder se verbasing nie? Kom voor die dag daarmee.

ROSENKRANTZ: Sy versoek dat u haar in haar kamer kom spreek voor u te ruste gaan.

HAMLET: Was sy tien maal ons moeder, sou ons gehoorsaam. Het jy iets verder om ons mee te deel?

ROSENKRANTZ: Prins, daar was 'n tyd toe u van my gehou het.

HAMLET: Ek hou nog van jou, ten spyte van hierdie grypers en stellers.

ROSENKRANTZ: Beste prins, wat is die oorsaak van u ongesteldheid? U sluit self die deur van u vryheid as u u leed nie aan u vriend wil openbaar nie.

HAMLET: Meneer, ek word gestrem in my vooruitgang.

ROSENKRANTZ: Hoe kan dit wees, wanneer u die stem van die koning self het ter ondersteuning van u opvolging op die troon van Denemarke?

HAMLET: Ja, meneer, maar „terwyl die gras groei” — die spreekwoord is al erg verroes.

(Toneelspelers kom op met fluite.)

O, die fluite — gee een hier. Tussen ons, waarom draai jy so om my, asof jy onderkant die wind wil kom om my in 'n lokval te lei?

GULDENSTERN: O, my prins, as ek in die uitvoering van my plig te voorbarig is, dan is dit my liefde wat te onbeskeie is.

HAMLET: Dit begyp ek nie goed nie. Sal jy op hierdie fluit speel?

GULDENSTERN: Ek kan nie, prins.

HAMLET: Ek bid jou.

GULDENSTERN: Glo, my, ek kan nie.

HAMLET: Ek soebat jou.

GULDENSTERN: Ek is geheel onkundig, prins.

HAMLET: Dis net so gemaklik as om te lieg; beheer die windgate met jou vingers en duim; blaas in die fluit met jou mond en dit sal die welluidendste musiek voortbring. Kyk, hier is die kleppe.

GULDENSTERN: Maar ek besit die mag nie om daar enige harmoniese tone aan te ontlok nie; ek verstaan die kuns eenvoudig nie.

HAMLET: Nou kyk watter onwaardige ding jy van my maak! Jy sou graag op my wil speel; dit skyn asof jy my kleppe ken; jy sou die hart van my geheim wil uitpluk; jy sou my van die laagste tot die hoogste noot van my register wil uithoor; en daar is baie musiek, uitmuntende musiek, in hierdie klein instrument; en tog kan jy daar geen geluid uit kry nie; deksels, dink jy miskien dat ek makliker bespeel kan word as 'n fluit? Verbeel jou ek is watter instrument ook al, jy sal my miskien kan ontstem, maar nie op my kan speel nie, nee, nooit nie.

(Polonius op)

POLONIUS: Prins, die koningin wil u dadelik spreek.

HAMLET: Sien u daardie wolk wat byna die fatsoen van 'n kameel het?

POLONIUS: So waarlik, dit lyk regtig op 'n kameel.

HAMLET: Ek dink dit lyk na 'n wesel.

POLONIUS: Dit het 'n rug soos 'n wesel s'n.

HAMLET: Of 'n walvis?

POLONIUS: Baie soos 'n walvis.

HAMLET: Nou, dan kom ek by my moeder aanstons. Hul skeer die gek met my tot bo my uithou vermoë. Ek kom terstond.

POLONIUS: Ek sal dit sê.

(Polonius af.)

HAMLET: „Terstond” is maklik om te sê. Verlaat my, vriende.

(Almal behalwe Hamlet af.)

Dis nou die regte spookuur van die nag
 dat graftes gaap, die hel sy peswalm
 op aarde blaas. Ek kon nou warm bloed drink
 en sulke bitt're gruwels pleeg, die dag
 sou by aanskouing sidder. Stil! Nou moeder toe!
 O hart versaak nie jou natuur nie. Laat nooit
 Nero se siel in hierdie boesem dring nie:
 Laat ek wreed wees, nooit onnatuurlik nie.
 Ek wil oor dolke praat, hul nie gebruik nie,
 my tong en siel wees hierin huigelaars;
 hoe ook my woorde haar mag priem, verslaan,
 beseël hul tog nooit nie, siel: laat staan.

DERDE TONEEL

('n Kamer in die kasteel. Die Koning, Rosenkrantz en Guildenster op.)

KONING: Ek hou nie van hom nie en dis vir ons

onveilig om sy waansin vrye teuels te gee.

Wees dus gereed, u lasbrief word terstond
 besorg; hy moet met u na Engeland.

Die staatsorg durf nie die gevaar te duld
 wat deur sy waansinvlae van uur tot uur,
 hoe naderby, des te gedugter word.

GULDENSTERN: Ons sal gereed wees. Heil'ge, vrome sorg

is dit om soveel lewens te beskerm,

wat deur U Majesteit bestaan en leef.

ROSENKRANTZ: Die enk'le besond're lewe is verplig

met alle krag en wapens van die gees

om sigself teen onheil te bewaar; veel meer

die gees op wie se heil so baie lewens

berus en steun. Die dood van 'n majesteit

is nie alleen die end nie, maar dit sleur

al wat naby is mee. Dis 'n reusewiel

gevestig op die hoogste bergetop

wat aan sy speke 'n duisend kleiner dinge

geheg en vasgeklink dra; val die wiel,

word elke kleinlike en nietige

gevolg in skrik'bre puin gesleep. Alleen

sug die koning nie, of die kreun is algemeen.

KONING: Ek bid u hou u vir die snelle reis

gereed. Ons moet die skrikbeeld in boeie slaan
wat tans te vry beweeg.

ROSENKRANTZ, GULDENSTERN:

Ons sal ons haas.

(Rosenkrantz en Guildenstern af)

(Polonius op)

POLONIUS: My vors, hy gaan na sy moeder se kamer toe;

ek skuil hier agter die gordyn en hoor
wat plaasvind; wis lees sy hom dan 'n les,
en soos u wyselik gesê het, dis
gepas dat ook 'n ander as 'n moeder —
altyd partydig van natuur — die gesprek
sorgvuldig beluister — vaar u wel, my vors,
voor u te ruste gaan, kom ek terug
en meld u wat ek weet.

KONING:

Dankie my vriend.

(Polonius af)

KONING: O walglik is my skuld, dit skrei ten hemel;

die eerste, oudste vloek rus nog daarop —
'n broedermoord! — Bid kan ek nie, al is
my neiging en my wil ook ewe skerp:
my sterkre skuld verlam my sterke drang;
soos iemand wat op twee gedagtes hink
is ek in twyfel waar om eerste te
begin en doen ek niks nie. Was hierdie
vervloekte hand selfs meer as eie dikte
vol broederbloed, is daar geen reën genoeg
uit sagte hemels om dit so wit as sneeu
te was nie? Waartoe dien genade as
om sondeskuld te delg? En wat is die
gebed as dubb'le krag — tot voorbrand vóór
en tot vergiff'nis na 'n val? Ek kyk
na bo: my wandaad is verby: maar, o,
hoe sal ek bid? „Vergeef die snode moord”?
Dit kan ek nie, want ek besit nog dit
waarom ek moord gepleeg het — hierdie kroon,
my eersug, my koningin. Vind hy vergiff'nis
wat nog die sondeloon behou? In die
korrupte strome van die wêreld kan
die misdaad met vergulde hand die reg
opsy stoot, en die sondeloon koop dikwels
die wette om. Daarbo is dit nie so nie;

dáár's geen kans vir skuifmeul nie; nee, dáár
word elke daad in wesenswaarheid ontbloot
en moet ons teen onself van elke fout,
van elke vergryp, getuig — wat bly dan oor?
Berou? Ja, wat kan dit tog nie vermag?
Maar wat baat dit as ons berou nie ken nie?
O, diepe ellende; o, boesem swart soos die graf!
O siel wat worstel om bevryding en
nog meer verstrik raak! O, Eng'le, help, en stramme
knieë, buig! O, hart van staal, word week
soos spiere van 'n pasgebore kind.
Miskien kom alles reg!

(Die koning kniel; Hamlet op)

HAMLET: Terwyl hy bid, kan ek dit maklik doen;
ek doen dit nou; dan vaar hy hemel toe,
en so is ek gewreek. Laat ek oorweeg:
'n skurk vermoor my vader; en daarvoor
stuur ek, sy enigste seun, dieselfde skurk
hemel toe.
O, dit is diens en loon — geen weerwraak nie.
Hy het my vader wreed oorval — versadig
met al sy sondes in hul meimaandbloei.
En hoe sy reek'ning staan, weet God alleen;
maar, na die mens bereken, en na ons vermoed,
ly hy erg swaar; en sou dit wraak kan wees
as ek hom dood, na lout'ring van sy siel
tot oorgang toegerus en voorberei?
Nee;
t'rug in jou skede, swaard; kies 'n wreder straf:
as hy beskonke, aan 't slaap of woedend is
of in die lus is van sy bloedskendige bed;
of as hy dobbel, vloek of iets verrig
wat hom die kans op saligheid ontnem,
plof hom dan neer met hakke hemelwaarts
dat sy siel swart en vervloek kan wees, net soos
die hel waarheen hy vaar. Nou moeder toe, sy wag;
hierdie middel verleng u sieke dag.

KONING: Ek bid, maar my gedagtes bly steeds aards.
(Staan op) siellose woorde styg nooit hemelwaarts.

VIERDE TONEEL

(Die Koningin se kamer. Die Koningin en Polonius op.)

POLONIUS: Hy kom onmidd'lik. Peper hom goed in.

Sê dat sy streke onverdraaglik word
en dat u liefde soos 'n skild gedien het
tussen felle toorn en hom. Ek versteek my hier.
Sê hom die waarheid goed.

HAMLET:

(Binne) Moeder, Moeder, Moeder!

KONINGIN: My waarborg gee ek jou; wees onbesorg.

Onttrek jou, ek hoor hom kom.

(Polonius versteek hom agter die gordyn, Hamlet op)

HAMLET: En toe, Moeder, waar gaan dit oor?

KONINGIN: Hamlet, jy het jou vader diep gegrief.

HAMLET: Moeder, u het my vader diep gegrief.

KONINGIN: Kom, kom, jy antwoord met 'n dwase tong.

HAMLET: Toe, toe, u ondervra met bese tong.

KONINGIN: Hoe so, Hamlet?

HAMLET: Wat is daar op die spel?

KONINGIN: Vergeet jy wie ek is?

HAMLET: By God, nie ek nie;

U is die koningin, vrou van u ega's broer,
en — was dit tog nie so nie— my moeder ook.

KONINGIN: Mag and're dan jou tot besinning bring.

HAMLET: Kom, kom, gaan sit: van hier verroer u nie
eer ek voor u 'n spieël gehou het
waarin u self u diepste siel kan sien.

KONINGIN: Wat wil jy aan my doen? My nie vermoor nie?

POLONIUS *(agter die gordyn)*: Help, help, help!

HAMLET:

(Trek sy swaard uit) Wat's daar? 'n Rot? Dood, dood, om 'n
[dukaat!

(Hy steek deur die gordyn)

POLONIUS: *(Agter die gordyn) Ag, ek sterf.*

KONINGIN: O, wee, wat het jy nou gedoen?

HAMLET: Nee, ek weet nie; is dit die koning?

KONINGIN: O wat 'n roekelose, bloedige daad!

HAMLET: 'n Bloedige daad? Byna so erg, my moeder,
as koningsmoord en 'n huw'lik met sy broer.

KONINGIN: 'n Koningsmoord?

HAMLET:

Moeder, dis wat ek sê.

(Hy lig die gordyn op, sien Polonius.)

HAMLET: O onbesonne, bemoeisieke dwaas, vaarwell!

Ek dag dit was jou meer'dre, dis jou lot;
sien, te gedienstig wees, bring steeds gevaar.

(Aan die koningin)

Hou op met handewring, sit hier; laat ek
u hart nou wring; en dit doen ek sodra
sy stof deurdringbaar is en nie deur die
gewoonte so verhard is nie dat dit
gepantser is teen elke gevoel.

KONINGIN: Wat het ek gedoen dat jy durf waag om my
met soveel ruheid aan te spreek?

HAMLET:

'n Daad

wat aan beskeidenheid haar blos ontnem; ⁴⁰
wat deug geveinsdheid noem; die skone roos
op reine liefdesvoorhoof laat verwelk ⁴¹
en 'n blaar daar laat; wat huweliksbeloftes
so vals as dobb'laarsvloeke maak; die wese
van 'n huweliksverbond die siel ontruk,
en godsdiens 'n rapsodie van woorde maak.
Die hemel bloos; ja hierdie vastigheid,
die saamgestelde aarde — sy gelaat
so somber asof die oordeelsdag genaak —
betreur die daad.

KONINGIN: Wee my, om watter daad
word ek so luid en dond'rend aangekla? ⁴²

HAMLET: Kyk hier, na hierdie skilderstuk en dán

na dié: twee broers na die lewe afgebeeld;
kyk watter adel dra hierdie gelaat!

Hyperion se lokke, Jupiter se voorhoof,
die oog van Mars om te beveel en dreig
en staande soos die heraut Mercurius, ⁴³

pas neergesweef op 'n hemelhoë berg;

'n goedbedeelde, fors gestalte, ja,

wat skynbaar die stempel dra van elke god
om aan die wêreld'voor te hou: 'n man.

Dit was u gade! Let nou op wat volg:

Hier is u gade, 'n roesbevlekte aar

wat sy gesonde broer besmet. Het u oë?

Hoe kon u daardie skone berg verlaat

om in hierdie moeras te wei? Ha! het u oë?
 Noem dit geen liefde nie, want op u leeftyd
 is reeds die bloed se hoogty heen — dis mak,
 dis need'rig; dit oorweeg; en watter oorweging
 sou dwing van die na die? U het gewis
 verstand, want anders kan niks u ontroer nie;
 maar dis verlam; want waansin sou nie daal nie,
 nog word verstand deur waansin so verkneg
 dat dit geen keuse laat nie om te dien
 by so 'n onderskeid. Wat vir 'n duiwel
 het u dan só bedrieg by blindemolspel?
 Sien sonder voel, voel sonder sien, en ore
 sonder hande of oë, reuk sonder iets:
 'n siek'like deel van 'n enkele sintuig is
 nooit so swaarmoedig nie!
 Waar is jou blos, o skaamte? Wilde hel,
 kan jy matronebeend're in opstand bring,
 laat vir die jeug die deug dan wees soos was
 wat smelt in eie gloed — Geen skande nie
 as ywerige gloed ten aanval storm,
 want kille ryp brand ewe erg en fel
 en rede swig steeds vir die wil.

KONINGIN: O, Hamlet, swyg;

Jy werp die soeklig op my bange siel
 en donker, swarte vlekke sien ek daar
 wat onuitwisbaar is.

HAMLET: Nee, om te leef
 in gore sweet van 'n besoedelde bed,
 met ontug deurweek; te liefkoos en te kus
 oor 'n vuile varkehok —

KONINGIN: O, Hamlet, swyg:
 Soos dolke priem jou woorde deur my ore;
 tog nie meer nie, Hamlet.

HAMLET: 'n Moordenaar, 'n skurk,
 'n slaaf nie 'n tiende van die twintigste
 van u vorige gemaal werd nie;
 'n Hanswors-koning, 'n sakkeroller van
 die Ryk en die bewind, wat van 'n rak
 die kosb're diadeem gesteel het en
 dit in sy sak gestek het.

KONINGIN: O, tog nie meer nie!

HAMLET: 'n Koning van vodde en toiings.

(Die spook op)

Red my en strek u vleuels oor my uit,
o hemelskaar! Wat wil u, eed'le skim?

KONINGIN: Helaas, hy is waansinnig.

HAMLET: Kom u miskien u trae seun berispe
wat, met verspilling van tyd en hartstog u
gevreesde skrikbevel nie uitvoer nie?
O, spreek!

SPOOK: Vergeet nie, dié besoek beoog maar slegs
verskerping van u stompgeworde doel.
Maar kyk, u moeder toon ontsteltenis.
O, tree tussen haar en die worst'ling van haar siel.
Verbeeldingsangs skok swakkes allermees:
Spreek tot haar, Hamlet!

HAMLET: Moeder, wat kwel u?

KONINGIN: Helaas, en wat kwel jou
dat jy op leë ruimte staar en hier
met liggaamlose lug gesprekke voer?
Ontsetting straal daar uit jou oë; en
soos slapende soldate by alarm
staan jou gladgekamde hare penregop
asof hul lewe had. My dierb're seun,
besprinkel die gloed en vlam van jou versteuring
met koele lydsaamheid. Op wat staar jy?

HAMLET: Op hom, op hom! O kyk hoe bleek staar hy!
Sou hy sy saak aan klippe voordra, hul
sou leef en roer. Kyk my nie aan nie, dat
u jammervolle blik my strengheid nie
verswak nie, anders verloor wat ek moet doen
sy ware kleur; vloei trane dalk, nie bloed nie.

KONINGIN: Met wie praat jy hier so?

HAMLET: Sien u dan niks nie?

KONINGIN: Niks hoegenaamd nie; tog sien ek daar alles.

HAMLET: En het u niks gehoor nie?

KONINGIN: Nee, niks nie, net onself.

HAMLET: O kyk tog daar! kyk net hoe sluip hy weg!

My vader, geklee soos in sy lewe.

Kyk, kyk, daar gaan hy by die deur uit, daar! (Spook af)

KONINGIN: Dis niks nie as 'n sinsbegogeling;
die liggaamlose skepping van 'n brein

baie geslepe in —

HAMLET: Verrukking!

My pols soos dié van u klop maatgetrou;
tik net so reëlmstig; dis geen waansin
wat ek geuiter het nie; toets my nou
en elke woord herhaal ek wat die waansin
die wyk laat neem. Moeder, om liefdeswil,
lê nie die vleisalf op u siel nie, dat
tog nie u sonde, maar my waansin spreek:
dit dek die etterbuil slegs met 'n vliesie
waaronder kwaai ondermynende verderf
onsigbaar woeker. Bely u sonde voor God;
Betreur wat reeds verby is; vermy wat nog
mag kom; bemes die onkruid nie, waardeur
dit geiler groei. Vergeef my hierdie deug
van my; want in hierdie ryk, verwende tyd,
moet die deug die ondeug om vergifnis smeek,
ja, kruipend verlov vra om haar goed te doen.

KONINGIN: O, Hamlet, jy't my hart in twee geklief!

HAMLET: Verwerp dan maar die slegt're deel daarvan
en reiner met die ander helfte leef.

Nou goeie nag; vermy my oom se bed.
Is u nie kuis nie, stel u die kuisheid voor.
Die monster, Gewoonte, wat die sinne verteer
en duiwels is, is tog 'n engel hierin
dat in die doen van dade, goed en skoon,
hy ons 'n kleed, 'n livrei, leen wat ons
gemaklik pas. Beproef vannag onthouding,
dan is die tweede onthouding makliker,
die volgende daarna nog makliker.
Gewoonte kan selfs die natuur verander,
ja selfs die duiwel oorwin, hom uitwerp met
'n wonderbare krag; — nogeens, goeie nag?
Wanneer u eers 'n seën self verlang
bid ek u 'n seën toe; oor daardie heer

(Wys na Polonius)

het ek berou; maar God het dit beskik
om my deur hom en hom deur my te straf,
dat ek sy gésel en dienaar tegelyk moes wees!
Ek sal hom eers besorg, en dan die dood
hom toegedien, verantwoord. Dus goeie nag!

Wreed moet ek wees om liefde te betrag;
boos die begin, nog boser dinge wag.
Nog 'n woordjie, moeder.

KONINGIN: Wat moet ek doen?

HAMLET: Veral nie dit wat ek u tans versoek nie.

Nee, laat die opgeblase koning weer
u bed toe lok en speels u wange knyp,
u noem sy muis en vir 'n paar nat soene⁴⁴
of halsgekielie met sy vloekb're vingers,
van u ontlok dat ek nie waarlik mal
is nie, maar mal uit lis. Goed sou dit wees
as hy dit weet, want watter koningin,
so skoon, kuis en so wys, sou sulke geheime
van so 'n padda, vlermuis, kater, ooit
verberg? Wie sou dit doen? Nee, trots verstand
en heimlikheid, maak oop die korf bo-op
die huis se dak en laat die voëls wegvlie;
kruip dan soos die beroemde fabelaap
self in die korf om alles na te gaan
en breek al vallende u nek.

KONINGIN: Glo my
as woorde asem is en asem lewe,
sou ek geen lewe hê om uit te asem
wat jy aan my gesê het nie.

HAMLET: Ek moet
na Engeland; u weet dit tog.

KONINGIN: Helaas,
ek het vergeet: daartoe is reeds besluit.

HAMLET: Ja, briewe is verseël, my skoolmakers —
die twee wat ek soos giftand-adders vertrou —
hul voer die opdrag uit en baan die weg
wat my na skurkery toe lei. Laat dit so wees.
Hoe prettig as 'n myn sy delwer self
die lug laat invlieg! Dit mag moeilik wees,⁴⁵
maar ek gaan drie voet dieper delf as hul
en gaan hul opblaas na die maan. Hoe soet,
ja, o hoe soet is dit as lis teen lis
te staan kom! Hierdie man wys my my koers:
ek sleep die lummel die naaste kamer in.
Goeienag, moeder; wat 'n dwase babbelkous
was hierdie raadsheer, tans so uiters stil,

so heimlik, ernstig, só styf en kil.
Kom, heer, om met u tot 'n end te kom.
Goeie nag, Moeder.

*(Hamlet sleep Polonius se lyk.
Die Koningin bly agter — diep verslae.)*

VIERDE BEDRYF

EERSTE TONEEL

*(’n Kamer in die kasteel. Die Koning, Koningin, Rosenkrantz en
Guildenstern op.)*

KONING: Daar is ’n rede vir u diep gesug;
Verklaar dit, want ons moet die oorsaak weet.
Waar is u seun?

KONINGIN:

(Aan Rosenkrantz en Guildenstern)

Laat my ’n rukkie met die koning alleen. ⁴⁶

(Rosenkrantz en Guildenstern af)

My gade, o, wat moes ’k vannag beleef?

KONING: Wat, Gertruida? Hoe gaan dit met Hamlet nou?

KONINGIN: Rasend soos die wind en see wat kragte meet
in onbeteuelde woede, want toe hy
’n geritsel agter die gordyn hoor, trek hy
sy swaard en skree „’n rot, ’n rot!”,
en in sy waansin dood hy blindelings
die goeie oue man.

KONING: O snode daad!

Ons lot sou dit gewees het, was ons daar!
Solank hy vry bly, dreig gevaar ons almal,
u, ons, elkeen. Helaas! hoe sal die daad,
so bloedig, ooit verantwoord word? Dit sal
ons toegedig word, ons moes hierdie mal
jong man onder beheer, uit bereik van mense ⁴⁷
gehou het; maar ons liefde was so groot,
ons wou nie insien wat die beste was nie,
en soos ’n lyer aan ’n bouse kwaal
het ons dit stil gehou en voort laat knaag
tot aan die lewenspit. Waar is hy heen?

KONINGIN: Om die ontsielde liggaam te verwyder,
want in sy malheid pryk die adel nog
soos edele metaal se glans pryk tussen
die onedele; want hy betreur sy daad.

KONING: O, Gertruida, kom hier weg!
Die son sal skaars die heuweltoppe kleur
of ons sal hom verskeep; sy gruweldaad

moet ons met al ons majesteit en kuns
gedoog, bedek, verskoon. Hier, Guildenstern!

(Rosenkrantz en Guildenstern weer op.)

My beide vriende, gaan, verkry nog hulp.
Hamlet het in waansin Polonius gedood,
en uit die kamer van sy moeder het hy hom gesleep;
Soek hom; praat mooi en bring
die lyk na die kapel. Ek bid jul, spoed.

(Rosenkrantz en Guildenstern af.)

Gertruida, laat ons ons wysste vriende roep
en meedeel wat ons plan is, en wat hier
ontydig nou gebeur het. Miskien sal laster,
wat oor die wêreld sy pyl, in gif gedoop,
reguit soos 'n koeël na sy mikpunt stuur,
nie óns naam tref nie, maar onkwesb're lug.
O, laat ons gaan, o, kom tog weg, dis tyd,
My siel is vol van angs en selfverwyd.

(Af.)

TWEEDE TONEEL

('n Ander kamer in die kasteel)

HAMLET: Veilig weggeleê.

ROSENKRANTZ en GULDENSTERN:

(Agter die toneel) Hamlet! Prins Hamlet!

HAMLET: Wat vir geraas is dit? Wie roep Hamlet?

O, hier kom hulle.

(Rosenkrantz en Guildenstern op.)

ROSENKRANTZ: Prins, wat het u met die lyk gedoen?

HAMLET: Dit met die stof, sy nouverwant, gemeng.

ROSENKRANTZ: Sê waar dit is sodat ons dit kan haal
en oorbring na die kapel.

HAMLET: Glo dit nie.

ROSENKRANTZ: Glo wat nie?

HAMLET: Dat ek jou geheime kan bewaar, en nie my eie nie. Bowen-
dien, om van 'n spons uitgevra te word! Watter antwoord sal 'n
koningseun hom gee?

ROSENKRANTZ: Hou u my vir 'n spons, my prins?

HAMLET: Ja, meneer; een wat die koning se gunste, belonings en bevele
opsuig. Maar op die lange duur kry die koning tog die beste diens

uit sulke amptenare; hy hou hulle, soos 'n aap neute hou, in sy kieste, om ⁴⁸ later ingesluk te word. As hy wat jul versamel het jul benodig, hoef hy maar net te druk en, spons, jul is weer droog.

ROSENKRANTZ: Ek begryp u nie, my prins.

HAMLET: Dit verheug my; 'n spitsvondige woord is verlore in 'n dwase oor.

ROSENKRANTZ: Prins, u moet ons sê waar die lyk is en met ons na die koning gaan.

HAMLET: Die lyk is by die koning, maar die koning is nie by die lyk nie. Die koning is 'n ding —

GULDENSTERN: 'n Ding, prins? ⁴⁹)

HAMLET: Van nietigheid; neem my na hom toe.

Wegkruip, vos, en almal op die soek.

DERDE TONEEL

('n Ander kamer in die Kasteel. Die koning op, met sy gevolg.)

KONING: Hom het ek laat soek en ook die lyk. O hoe gevaarlik dat die man op vrye voet nog is! Tog mag ons nie op hom die wet streng toepas nie; deur die verwarde massa wat sonder oordeel volg, word hy bemin. En waar dit so is, word die straf geweeg maar nooit die skuld nie. Om opspraak te vermy moet hierdie snelle afreis lyk of dit beplan was. Kwale wat wanhopig is word soms verlig deur hopelose middels of ganslik nie.

(Rosenkrantz op)

Wel, wat kan u ons meld?

ROSENKRANTZ: U Majesteit, waar hy die lyk versteek het kan ons nie uit hom kry nie.

KONING: Waar is hy?

ROSENKRANTZ: Goed bewaak, my vors, hier in die voorportaal, afwagende u welbehae en wil.

KONING: Laat hom voor ons verskyn.

ROSENKRANTZ: Hier, Guildenstern, gelei die prins hierheen.

(Hamlet en Guildenstern op)

KONING: En toe, Hamlet, waar is Polonius?

HAMLET: By aandete.

KONING: By aandete! Waar?

HAMLET: Nie waar hy eet nie, maar waar hy geëet word; 'n sekere politieke vergadering van wurms hou hul tans met hom besig. So 'n wurm is tog die enigste ware keiser wat sy dieet betref; ons maak alle kreature vet om onself vet te maak — vir maaiers. Die vet koning en die maer bedelaars is slegs twee verskillende geregte aan dieselfde dis; en dis die einde van die deuntjie.

KONING: Helaas, helaas!

HAMLET: Mens kan visvang met 'n wurm wat van 'n koning gesmul het en die vis eet wat op die wurm geas het.

KONING: Wat bedoel u?

HAMLET: Niks nie, behalwe om aan te toon hoe 'n koning 'n rondreis deur die ingewande van 'n bedelaar kan doen.

KONING: Waar is Polonius?

HAMLET: In die hemel; stuur gerus daarheen om te gaan kyk; as u boodskapper hom daar nie vind nie, gaan dan maar self na die ander plek om hom op te spoor. Maar inderdaad, vind u hom gedurende hierdie maand nie, sal u neus hom wel bespeur as u die trappe opgaan na die voorportaal.

KONING:

(Tot bediendes) Gaan soek hom daar.

(Bediendes af)

HAMLET: Hy sal daar wag totdat u kom.

KONING: Hamlet, hierdie daad eis dat jy so snel soos blits vir eie veiligheid wat ek jou aanbied — hoe dit wat jy gedoen het my ook grief — van hier vertrek! Wees dus bereid, die skip is seilgereed, die wind is gunstig, jou geleides wag en alles dring jou tot die reis na Engeland.

HAMLET: Engeland?

KONING: Ja, Hamlet.

HAMLET: Goed.

KONING: Goed sou dit wees, wis jy ons ware doel.

HAMLET: Ek sien 'n gerub wat hierdie spel begryp.

Na Eng'land dus; vaarwel, my liewe moeder.

KONING: Groet ook jou liefdevolle vader, Hamlet.

HAMLET: My moeder; vader en moeder is man en vrou;

man en vrou is één vlees; dus, my moeder.

Komaan, na Engeland!

(Af)

KONING: Vólǵ hom op die hak; lok hom snel aan boord;
moenie talm nie; hy moet vannag nog weg.
Vóórt! want alles is geseël en voorberei
wat hiermee samehang; ek bid jul spoed.

(Rosenkrantz en Guildenstern af)

En Eng'land, is my liefde jou iets werd —
dit sal my magsvermoë jou wel leer,
want die verwonding deur die Deense swaard
jou toegedien, lyk steeds nog rou en rooi
en jou ontsag bring ongedwonge ons
jou skatting — lê my soewerein' besluit
nie koel tersy nie; wat ten volle dui
op Hamlet se snelle dood. Doen dit, Eng'land,
want in my bloed woel hy soos 'n teringkiem
en u moet my genees. Hoe my geluk ook straal
ek het geen rus tot ek my doel behaal.

VIERDE TONEEL

*('n Vlakte in Denemarke. Fortinbras, 'n kaptein en soldate, op mars,
kom op.)*

FORTINBRAS: Kaptein, gaan bring die Deense vors my groete;
sê hom dat Fortinbras, met sy verlof,
die deurtog deur sy koninkryk versoek,
soos hy beloof het. Jy ken die rendezvous.
Indien sy majesteit dit mag verlang
sal ons pligmatig hom graag self begroet:
laat hom verstaan.

KAPTEIN: Dit sal geskied, my prins.

FORTINBRAS: Gaan langsaam voort.

*(Fortinbras en soldate af; Hamlet, Rosenkrantz,
Guildenstern en ander op)*

HAMLET: Wie se troepe is dit dié, meneer?

KAPTEIN: Hul kom van Noorweë, my heer.

HAMLET: En mag ek vra met watter doel?

KAPTEIN: Dit geld 'n deel van Pole.

HAMLET: En wie voer die bevel, meneer?

KAPTEIN: Die neef van die oue Noor, Fortinbras.

HAMLET: Is dit gerig teen Pole as geheel, meneer,
of teen 'n grensdistrik?

KAPTEIN: Om u die waarheid sonder meer te meld,
ons gaan 'n lappie grond verower wat
'n naam besit, maar waarde nie. Vir vyf
dukate, vyf, sou ek dit nie wil pag nie,
en meer sal dit aan Noorweë of Pole,
word dit as erfpag verkoop, nie inbreng nie.

HAMLET: Dan sal die Pool dit nooit verdedig nie.

KAPTEIN: Nee, want dit is reeds sterk beset.

HAMLET:

(Tersyde) Twee duisend siele, twintig duisend dukate
besleg die vraagstuk van hierdie strooitjie nie.
Dis die geswel van weelde en vrede wat
inwendig deurbreek, uitwendig geen oorsaak laat
waarom die man moes sterf nie. — Need'rig dank ek u.

KAPTEIN: God seën u, heer!

(Kaptein af)

ROSENKRANTZ: Vergun u dat ons deurgaen, prins?

HAMLET: Ek volg u daadlik — gaan gerus vooruit.

(Almal af behalwe Hamlet)

Hoe fel getuig elke geval teen my
en spoor my trae wraak! Wat is die mens
as steeds sy hoogste goed, sy lewensgewin
uit slaap en eet bestaan! 'n Bees, meer nie.⁵⁰
Hy wat ons so 'n groot begrip skenk om
vooruit en terug te sien, het ons gewis
nie dié talent en godd'like verstand
gegee om ongebruik in ons te muf nie.
En of dit dierlike vergetelheid
of bange twyfel is wat ons die uitslag
te ernstig laat bedink — 'n denke wat
slegs één kwart wysheid, driekwart lafheid is —
ek weet nie waarom ek nog leef en sê:
dit moet ek doen, daar'k wil en krag en midd'le het
om dit te doen; talryke voorbeelde spoor
my aan; getuie: die groot en magtige leër
tans aangevoer deur 'n jonge, tenger prins —
sy gees deur godd'like eersug angeblaas —
wat smalend die onsigb're uitslag tart
en alles sterflik en onseker aan
die lot, die dood, die gevaar ontbloot, selfs vir
'n eierdop. Om waarlik groot te wees⁵¹

is, nie om sonder groot betoog te roer nie
 maar om in 'n strooitjie grond tot stryd te vind
 sodra die eer op die spel is. Hoe staan ek⁵²
 dan met 'n vader vermoor, 'n moeder onteer,
 my rede en bloed tot wraakneem aangespoor?
 Ek sus hul aan die slaap, en kyk met skaamte
 hoe twintigduisend man, met die dood in sig,
 vir 'n gril, 'n droom van roem, na hul graftes gaan
 asof na bed — om 'n stuk grond, te klein
 om daar met hul getal hul twis op uit
 te veg; te klein om vir elkeen wat val
 'n graf te delf; voortaan bedink ek bloed,
 of dwaas is my gedagtes, nooit nie goed.

VYFDE TONEEL

*(Elsinoor, 'n kamer in die Kasteel. Die Koningin, Horatio en 'n heer
 kom op.)*

KONINGIN: Ek wil nie met haar praat nie.

HEER: Sy is besonder lastig en verward.

Haar toestand is beklaenswaardig.

KONINGIN: Wat wil sy?

HEER: Sy praat steeds van haar vader, sê sy hoor
 die wêreld is boos; sy snik, slaan op haar bors;
 word om 'n strooihalm kwaad; haar spraak is verward;
 half sin, half onsin; wat sy sê is niks nie;
 en tog, hoe onsaamhangend ook haar woorde,
 hul wek vermoedens by haar hoorders wat
 hul aan hul eie gedagtes knoop en wat,
 versterk deur haar knipoë, haar knikke en
 gebare, werklik kan laat dink aan dinge
 gans onbewese, tog ongelukkig steeds.

HORATIO: Mens moet tog met haar praat; sy kan dalk argwaan
 in onheil-broeiende gemoedere wek.

KONINGIN: Laat haar dan binnekom.

(Heer af)

(Tersyde)

Dis vir my bange siel — so doen die sonde,
 of elke nietigheid groot onheil wek;
 so vol van dwase nyd is skuld, dit stort
 sigself — uit vrees om uitgestort te word.

OPHELIA: Waar is die skone Deense majesteit?

KONINGIN: Hoe gaan dit, Ophelia?

OPHELIA:

(Sing): Hoe moet ek u soetlief erken
uit al die ander?
Aan sy skulpehoed, sy pelgrimstaf
en sy sandaleskoen.

KONINGIN: Ag, beste juffrou, wat bedui die lied?

OPHELIA:

(Sing): Hy 's dood en weg, jonkvrou,
is dood en word beweene;
aan sy hoof 'n gras-groen sooi,
aan sy voete 'n steen.
O, o!

KONINGIN: Maar, ag, Ophelia, —

OPHELIA: Maar 'k bid u, hoor.

(Sing): Sy bergsneeuwitte lykekleed, —

(Die koning op)

KONINGIN: Aanskou dit tog, my heer!

OPHELIA:

(Sing): Met blomme ryk versier,
is graf toe onder blyke van leed,
met liefdestrane van hier.

KONING: Hoe gaan dit, skone jonkvrou?

OPHELIA: Goed, mag God u beloon. Hul sê die uil was 'n bakker se
dogter. O God, ons weet wat ons is, maar nie wat ons kan word
nie. Mag God u aan u tafel seën.

KONING: Sy fantaseer nog oor haar vader.

OPHELIA: Geen woorde hieroor nie, ek bid u; maar as hulle vra wat dit
beteken, dan sê u:

„Dis môre die Sint Valentynsdag:
betyds, in vroeë oggendskyn,
staan ek, 'n maagd, by jou venster
as jou eie Valentyn.

Toe spring hy op, hou haar goed dop,
klee aan, maak oop, vol hoop,
die kamerdeur; laat binne 'n maagd
wat nooit nie weer as maagd uitloop.⁵³

KONING: Uitstekend, Ophelia!

OPHELIA: Nee, werklikwaar, maar sonder eed, ek gaan daaraan 'n end
maak:

(Sing) By Sus en by die heil'ge skaar
dis 'n skandvlek op haar naam!
Jongmanne doen dit as hul kan,
voorwaar hul dra die blaam.
Sê sy: eer jy my kon verlei
moes jy belooft om my te trou.
Hy antwoord: Dit was my plan, nou niks daarvan,
te vroeg was jy my vrou.

KONING: Hoe lank is sy al so?

OPHELIA: Ek hoop alles sal weer reg kom. Ons moet maar geduldig
wees: maar ek kan my trane nie bedwing nie; om daaraan te dink
dat hul hom in die koue grond weggeleë het! My broer moet dit
weet. En nou wil ek u vir u goeie raad dank. Kom, my koets.
Goeienag, dames; goeienag, liewe dames; goeienag, goeienag.

(Af)

KONING: Volg op haar hakke, bewaak haar goed, ek bid u.

(Horatio af)

O, dis die gif van diepe leed; dit spuit
gans uit haar vader se dood. O, my Gertruida,
as sorg kom, kom hul nie enkel soos
verspieders nie, maar steeds in skare! Eers
haar vader vermoor; daarna jou seun verban —
deur heftigheid die oorsaak van sy eie
verdiende straf —; die volk ontroerd, verward
en onheilspellend in gedagtes en
in fluisterings omtrent Polonius se dood,
wat ons te haastig sluiks begrawe het.
Die arme Ophelia — die rede en oordeel kwyf,
waarsonder ons slegs beelde, ja, diere is;
ten laaste, meer as alles, haar broer, heim'lik
uit Frankryk t'rug, word deur verbasing gevoed
en is in wolke omhul, — sonder gebrek aan
fluisteraars wat giftige dinge in
sy ore blaas omtrent sy vader se dood.
Hul sal uit nood en sonder grond dit waag
om ons aan te klaf van oor tot oor. Dis dit,
Gertruida, wat my op baie plekke soos
'n moordtuig tref.

(Geraas)

KONINGIN: O, wat vir 'n geraas?

KONING:

Waar is my Switsers?

Laat die deur bewaak word.

(’n Heer op)

Wat is gaande hier?

HEER: Red uself, my vors;
die oseaan, oorskrydende sy perke,
verslind die laagtes nie met feller spoed
as jong Laertes met sy muitsieke skuim
u wagte oorheers nie; die gepeupel noem hom vors,
en asof die wêreld nou eers ’n aanvang neem
en daardie steunpilare van gesag —
die oudheid en tradisie — gans vergeet
en onbekend is, roep hul uit „Laertes
moet koning wees; musse, hande, tonge
meld aan die wolke: Laertes, koning, koning, Laertes.”

KONINGIN: Hoe tierend blaf jul op ’n valse spoor!
Jul sny aweregs, valse Deense hondel!

KONING: Die deure is oopgebreek.

*(Hewige lawaai agter die toneel. Laertes storm
gewapen binne, gevolg deur ’n aantal Dene.)*

DENE: Nee, laat ons binnekom.

LAERTES: Ek bid, gee my verlof.

DENE: Nou goed, ons sal.

(Hul gaan na buite.)

LAERTES: Ek dank u; hou
die deur beset; o, lae koning, gee my
my vader terug.

KONING: Bly kalm Laertes!

LAERTES: Die druppel bloed wat kalm bly, verklaar
my oneggebore, my vader as bedrieg;
dit brand die sletmerk op die reine voorhoof
van my kuise, troue moeder.

KONING: Sê my, Laertes,
waarom lyk jou opstand so reusagtig?
Gertruida, laat hom gaan en koester tog
geen vrees oor ons nie. ’n Koning word so goed
deur godd’likheid beskut, dat vuig verraad
maar slegs kan roer en min kan uitrig. Sê,
Laertes, waarom so gebelg? Nee, Gertruida,
laat hom begaan; en spreek, man, spreek!

LAERTES: Waar is my vader?

KONING: Dood.

KONINGIN: Maar nie deur hom nie.

KONING: Laat hom maar vra tot hy versadig is.

LAERTES: Hoe kom hy dood? Ek laat my niet begoël nie.

Getrouheid: hel toe! Geloftes, die diepste duiwel toe!

Gewete en genade: die diepste poel toe!

Ek tart selfs die verdoemenis en die

of daardie gindse wêreld skeel my nie!

Laat kom wat wil, ek sal my vader wreek,

en dit terdeë.

KONING: En wie wil jou belet?

LAERTES: My eie wil, die hele wêreld nie.

Wat middele betref, sal ek hul so

bestee dat 'n weinig ver sal gaan.

KONING: Laertes,

as jy die waarheid van jou vader se dood

wil weet, vereis die wraak van jou dan dat,

soos in 'n dobbelspel, jy vriend en vyand

moet meesleur, wenner of verloorder?

LAERTES: Alleen

sy vyande.

KONING: Sal jy hulle dan ken?

LAERTES: Met ope arms wil ek sy vriende ontvang,

en, soos die pelikaan, my lewe opoffer

om hulle met my bloed te voed.

KONING: Nou praat jy soos

'n goeie seun, 'n waardige edelman.

Dat ek geen skuld aan jou vader se dood het nie,

ja, dat ek daaroor diep gegrief voel selfs,

sal net so seker deurdring tot jou sinne

as die daglig tot jou oog.

DENE: (*Agter die gordyn*) Laat haar nou binne.

LAERTES: Wat vir 'n rumoer is dit?

(*Ophelia weer op*)

O hitte verskroei

my brein! O trane sewevoudig silt,

brand uit my oë hul krag en deug. By God,

jou waansin word vergeld met oorgewig

toddat die skaalbalk buig! O lenteroos,

o skone maagd, geliefde suster Ophelia!

O hemel, kan 'n jonge maagd se sinne

so broos as 'n ou man se lewe wees?

Teer is die natuur in liefde, en so stuur sy
kosb're gedeeltes van haar wese weg
na hul wat sy bemin.

OPHELIA:

(Sing): Met sy gesig ontbloot dra hul
hom op die baar; helaas, helaas!
En in sy graf het trane vergaar
Vaarwel, my duif.

LAERTES: Was jy by jou sinne en het jy om wraak geroep,
sou dit my dieper nooit getref het nie.

OPHELIA: Nee, jy moet sing: „Na onder toe, na onder.” O, hoe pas
die spinnewiel daarby! Dit is die trouelose rentmeester wat sy heer
se dogter ontvoer.

LAERTES: Hierdie onsin sê veel meer as alle sin.

OPHELIA: Daar is roosmaryn — dis vir herinnering; ek bid jou, my
lief, onthou; en gesiggies ook, hul is vir gedagtenisse.

LAERTES: Wysheid en waansin; herdenking en trou aan geloftes aaneen-
gevoeg.

OPHELIA: Daar's vinkel vir jou en akelei.

(Aan die Koning)

Wynruit vir u, en iets daarvan nog oor vir my. Op Sondae kan
ons dit genadekruid noem. O, maar u moet die tekens van berou
op 'n ander wyse dra as ek. Daar is 'n madeliefie. Graag sou ek
'n bossie viooltjies wou gee, maar toe my vader dood is, het hul
verwelk; dit word gesê dat hy 'n goeie uiteinde gehad het.

(Sing weer)

Want die liefste Robin is geheel my vreug.

LAERTES: Bekommernis, verdriet, hartstog, ja selfs die hel
betower my so, dat hul aantreklik word.

OPHELIA:

(Sing): En kom hy nooit weer t'rug?
En kom hy nooit weer t'rug?
Nee, nee, hy's in sy graf,
daal self ook daarin af
want nooit kom hy weer t'rug.

Sy baard so wit as sneeu;
sy hoof so blond as vlas;
hy 's dood, ja, hy is dood
niks help ons uit die nood:
Mag God hom tog genadig wees.

En ook alle Christensiele, dis my gebed. Mag God met u wees.

LAERTES: Het u dit gesien, o God?

KONING: Laertes, laat ek in jou smart tog deel,
want anders ontsê jy my 'n reg. Gaan heen,
kies uit jou wysste vriende wie jy wil;
laat hulle oordeel tussen jou en my,
en as hul regstreeks of onregstreeks vind
dat ek vir hierdie moord die skuld moet dra,
dan gee ek jou my koninkryk, my kroon,
my lewe, en alles wat my toebehoort
as boeteloon; dog blyk dit anders, wees
met my bereid om lydsaamheid te toon
tot ek jou siel bevredig kan.

LAERTES: Laat dit so wees.

Sy vreemde dood, sy beskeie begrafnis,
sonder ereteken, swaard, of wapenbord,
geen riddermatige uitvaart met prag en praal,
dit alles roep my, as uit die hemel, toe
om navorsing te doen.

SESDE TONEEL

('n Ander vertrek in die kasteel. Horatio en 'n bediende op.)

HORATIO: Wat vir soort mense kom om my te spreek?

BEDIENDE: Matrose, Meneer; hul sê hul het briewe vir u.

HORATIO: Laat hul binne kom.

(Bediende af)

Ek kan nie begryp van watter wêrelddeel
ek groete kan verwag nie, tensy van Hamlet.

(Die matrose op)

EERSTE MATROOS: Mag God u seën, meneer.

HORATIO: Ook jou, my vriend.

EERSTE MATROOS: Hy sal, meneer, as dit Hom behaag. Hier is 'n
brief vir u, meneer; dit kom van die gesant op weg na Engeland;
dit wil sê, as u naam Horatio is, soos ek verstaan.

HORATIO

(Lees): Horatio, as jy hierdie brief gelees het, verskaf aan hierdie
manskappe toegang tot die koning; hul het briewe vir hom. Voor
ons twee dae op see was, het 'n seerower met uitstekende krygs-
uitrusting ons agtervolg. Daar ons nie met ons seile kon voorbly

nie, het ons ons toevlug tot gedwonge dapperheid geneem en by die aanklamping het ek by hul aan boord gespring; dadelik het hulle van ons skip losgeraak en weggeseil met my as hul enigste krygsgevangene. Hulle het my soos barmhartige diewe behandel, maar het geweet wat hulle doen; ek moes hulle 'n goeie diens bewys. Sien toe dat die koning die briewe ontvang wat ek gestuur het; en kom oor na my toe, met spoed. Ek het woorde om jou in die oor te fluister wat jou sal verstom; en tog is hul veels te lig vir die gewig van hul inhoud. Hierdie flukse kêrels sal jou na my toe bring waar ek my bevind. Rosenkrantz en Guildenstern hou nog koers na Engeland. Omtrent hulle het ek baie om te vertel. Vaarwel. Hy wat jou as die syne ken, Hamlet."

Kom aan, ek baan die weg vir jou bestelling;
en des te spoediger, sodat jy hom
na my kan bring van wie die briewe kom.

(Af)

SEWENDE TONEEL

(*'n Ander vertrek in die kasteel. Die koning en Laertes op.*)

KONING: Laat nou jou oordeel tog my onskuld seël
en in jou hart my sluit as vriend, daar jy
met goedsbegrypende oor verneem het hoe
hy wat jou eed'le vader vermoor het,
nie hom nie, maar my, wou dood.

LAERTES: So blyk dit wel;
maar sê my, waarom u nie teen sy dade —
so snood, doodswaardig — opgetree het nie,
wat deur u veiligheid, u wysheid, alles,
'n dringende vereiste was?

KONING: Om twee besondere redes
miskien in jou oog swak, in myne sterk:
Sy moeder, die koningin, leef byna net
daarvan om hom te sien, en ek — laat dit
my tot 'n deug of kruis wees — is so één
met haar, dat, soos 'n ster wat uit sy baan
nie ooit beweeg nie, ek nie sonder haar
kan lewe nie; 'n ander grond waarom
ek 'n openbare verhoor vermy het, was

omdat die volk hom op hul hande dra,
sy foute met hul liefde dekkende;
en, soos die bron wat hout na steen herlei,
sou hul sy boeie in sierade herskep het;
my pyle — te lig vir hierdie sterke wind —
sou teruggevlie het na my boog en nie
hul mikpunt ooit getref het nie.

LAERTES: En so is ek 'n eed'le vader kwyt,
sien ek tot raserny gedryf 'n suster, wie
se waarde, as lofbetuigings terug mag blik,
uitdagend, tot volkomendheid, in heel
ons eeu gestyg het. Maar my wraakuur kom!

KONING: Slaap rustig hieromtrent; dink nie ons is
so lomp en stomp gemaak om toe te laat
dat by gevaar ons baard gepluk word, en
dan dink dis tydverdryf nie. Strakkies hoor
jy meer. Ek het jou vader gelief, en ons
bemin onself; en dit, hoop ek, leer jou —

('n Bode met briewe daag op)

Wat bring jy daar?

BODE: Briewe van Hamlet, my heer:
Dit vir u majesteit; dit vir die koningin.

KONING: Van Hamlet! wie het hulle gebring?

BODE: Matrose, my heer; ek het hul nie gesien nie:
Claudio het hul aan my gegee; hy 't hul ontvang
van hom wat hul gebring het.

KONING: Laertes, jy moet
hul hoor. Laat ons alleen. *(Die bode uit)*
(Lees) „Gedugte en magtige heer, u moet weet dat ek nakend in
u ryk gekom het. Ek sal m'ore verlof vra om onder u koninklike oë
te kom en nadat ek eers vergunning daartoe verkry het, sal ek die
rede vir my vreemde en plotselinge terugkeer meedeel. Hamlet.”

LAERTES: Ken u die handskrif?

KONING: Dis Hamlet s'n. „nakend”!
En in 'n naskrif sê hy „alleen”
Wat kan u my aanraai?

LAERTES: Ek is ten einde raad, my vors. Maar laat
hom kom; dit sal my kranke siel goed doen
as ek mag leef om in sy aangesig
hom toe te snou: „Dis jy wat dit gedoen het”.

KONING: As dit dan so is, Laertes — en hoe

sou dit dan anders wees? — sal u uself
van my laat lei?

LAERTES: Gewis, u Majesteit —
mits u my nie tot vrede maan nie.

KONING: Slegs tot jou eie vrede. Is hy t'rug
en is hy traag, of dink hy om nie weer
die seereis te hervat nie, dan oorreed
ek hom tot 'n avontuur, tans in my brein
geryp, wat gewis sy val berei; en wel
só, dat sy dood geen agterdog of blaam
wek nie; en selfs sy moeder sal vermoed
dat dit by blote toeval was.

LAERTES: U, Majesteit,
ek sal u leiding volg, temeer as u
dit so beskik dat ek die werktuig is.

KONING: Dit sal ek, want sedert u reis is u
seer hoog geroem — en dit in bysyn van Hamlet —
om 'n kuns, so word gesê, waarin u uitblink.
Die som van al u gawes het hom nie
met groter nyd vervul dan juis die een nie
wat na my mening die laagste is in rang.

LAERTES: En watter een is dit, my heer?

KONING: O, slegs 'n stukkie lint op die jeug se mus;
tog nodig ook, want ligte, losse drag
pas by die jeug nie minder goed nie dan
by rustige ouderdom die sabelbont,
wat welvaart, aansien, toon. Twee maande t'rug
was hier 'n edelman uit Normandië;
ek ken die Franse — ek het teen hul geveg;
hul ken die ruiters, maar hierdie ruiters
voeg toorkuns by; hy't in sy saal ontplooi
en met sy perd so wonderlik vertoon,
dit was of hy één was met die fiere dier
in lyf en aard. So ver oortref hy my
in ruiters, al boots ek dit ook na
by hom skiet ek te kort.

LAERTES: 'n Normandiër, sê u?

KONING: Ja, 'n Normandiër.

LAERTES: So waar, dit was Lamond!

KONING: Ja, juis, dit was.

LAERTES: Ek ken hom goed; hy is die sieraad en

die kleinnood en juweel van gans sy volk.

KONING: Oor u het hy hom uitgelaat: so hoog
u skermkuns by oef'ning met sy wapens —
met die rapier veral — geroem, dat hy
moes uitroep: dit sou 'n skouspel waarlik wees
as iemand kragte met u sou meet; die volk
se skermhere, het hy gesweer, sou nòg
in aanval, nòg in afweer, of vlugheid van oog,
hul man teen u kon staan. Heer, hierdie
berig het Hamlet met sulke nyd vergiftig
dat hy niks anders kon nie as om te bid
dat u onmidd'lik sou oorkom om u swaard
teen syne te trek; en hieruit —

LAERTES: Hieruit, my vors?

KONING: Laertes, was u vader vir u dierbaar?
of is u soos die beelt'nis van verdriet —
wel 'n gelaat, geen hart nie?

LAERTES: Waarom die vrae?

KONING: Nie dat ek dink u het u vader nie
bemin nie, maar ek weet die liefde is
'n kind des tyds en dit word steeds bewys
dat ook die tyd die liefdesvonk en vlam
verflou; want daarin leef gewis 'n pit
of dief wat steeds die liefde matig, niks
bly ooit voortdurend ewe goed nie, want
die goedheid wat oormatig word, sterf vaak
deur eie oordaad. En wat ons wil dit moet
ons doen wanneer ons wil, want hierdie wil
het net so veel verdragings en versuim
as tonge, hande, toeval; en hierdie „moet”
is soos 'n sug verspil wat skade doen
by slaking; laat ons diep die sweer tans peil:
Hamlet kom t'rug; wat wil u onderneem
met dade meer as woorde om uself
'n seun, u vader waardig, te toon?

LAERTES: Sy strot
in die Kerk afsny.

KONING: Moord mag voorwaar geen toevlugsoord hê nie;
laat wraak geen perke ken nie, maar vriend Laertes,
wil u dit doen, sluit dan uself op in
u kamer, want met Hamlet terug weet hy

u is weer tuis; dan sorg ons dat die lof
u deur die Fransman toegeswaai, geroem
en hoog gekleur word; in kort, ons bring die twee
van u byeen en wed op albei. Hy,
agteloos, van argwaan vry en edel,
keur nie die degens nie; dan kies u met
gemak of met behendigheid 'n skerp
onafgestompte swaard en só wreek u
u vader in 'n oefenstoot.

LAERTES: Ek sal;
met hierdie doel ontvang my swaard 'n salwing.
Van 'n kwaksalwer het ek 'n middel gekoop,
so dodelik dat as 'n mes, daarin
gedoop, 'n weinig bloed laat vloei, geen pleister
van al die kruie ondermaans, hoe dit
ook saamgestel is, die voorwerp van die dood
kan red nie, al word dit net lig geskram.
Ek doop my swaard se punt in die verderf
sodat as ek hom liggies prik dit dan
sy dood veroorsaak.

KONING: Kom, laat ons oorweeg
hoe ons die tyd en middele sal kies
wat ons die beste dien; want slaag dit nie,
of word ons doel deur slegte uitvoering
deursigtelik, dan moes dit liewers nie
beproof gewees het nie. Die aanslag moet
gerugsteun word deur een wat opvolg as
die eerste wyk. Stil, laat ek sien; ek wed
met erns op albei se vaardigheid. Ek het dit!
Word hy deur sy bewegings warm en dorstig —
en hiertoe moet u des te heftig veg —
en wil hy drink, laat ek vir hom berei
'n kelk waarvan één teug — as hy miskien
die gifstoot afweer — oorgenoeg sal wees
tot uitvoer van my doel. Maar stil! Wie's daar?

(Koningin op)

Wat is dit, my geliefde gade?

KONINGIN: Die een ramp volg die ander op die hiel
verbyst'rend snel. U suster is verdrink,
Laertes.

LAERTES: Wat! Verdrink? verdrink? o waar?

KONINGIN: Ginds neig 'n wilgerboom skuins oor 'n beek
wat in die vliet sy grys-grou blare spieël.
Dáár kom sy aan, fantasties bekrans met netels,
maad'liefies, botterblomme en lang pers tulpe
wat ruwe herders 'n growwer naam voor het,
maar skugter meisies dooimansvingers noem:
Dáár, klimmend oor gebuigde takke om
haar kroon van onkruid op te hang breek sy
'n valse tak, en met haar tooisels val sy
in die wenende beek. Haar klere, wyd gesprei,
hou haar, asof sy 'n meermin was,
'n rukkie vlot, wyl sy nog brokkies van
ou wysies sing, soos één wat nie haar nood
besef nie en vir wie daardie element
natuurlik en ingebore is. Dit duur
nie lank of haar gewaad, nou swaar deurweek,
trek dié arme kind, nog singende haar lied
vol melodie, na 'n modderige graf.

LAERTES: Helaas, is sy verdrink?

KONINGIN: Verdrink, verdrink.

LAERTES: Ag, te veel water het jy in — Ophelia,
my arme suster; ek weerhou my trane dus.
Maar dis ons swak; die natuur behou haar reg
wat ook die skaamte sê; die tranevloed
verby, dan uit met vrou-wees. Adieu, my vors,
ek sou 'n vurige, oplaaierende rede kon voer
blus hierdie dwaasheid nie my woorde uit nie.

(Af)

KONING: Laat ons hom volg, Gertruida. Hoe veel moes
ek tog nie doen om sy woede te besweer!
Nou vrees ek dit laai weer op; laat ons dus volg.

(Af)

VYFDE BEDRYF

EERSTE TONEEL

(*'n Kerkhof. Twee grafdelwers op.*)

EERSTE GRAFDELWER: Moet sy wat met opset haar eie saligheid soek 'n Christelike begrafnis ontvang?

TWEEDE GRAFDELWER: Ek sê jou sy moet, en dus maak dadelik haar graf: die lykskouer wat oor haar geval gesit⁵⁴ het, het beslis dit moet 'n Christelike begrafnis wees.

EERSTE GRAFDELWER: Hoe kan dit wees tensy sy haarself in selfverdediging verdrink het?

TWEEDE GRAFDELWER: Omdat dit sy bevinding was.

EERSTE GRAFDELWER: Dit moet wees *se offendendo*. Dit kan niks anders wees nie. Want hier lê die knoop: as ek my met opset self verdrink, pleeg ek 'n daad: en 'n daad het drie vertakkinge: dit is, om te handel, om te doen, om uit te voer; dus, sy het haar met opset self verdrink.

TWEEDE GRAFDELWER: Nee, maar luister hier, goeie delwer.

EERSTE GRAFDELWER: Gee my 'n kans. Hier is die water; goed: hier staan die man; goed; as die man na hierdie water stap en hom self verdrink, is dit, wil hy, wil hy nie, hy gaan; onthou dit; maar as die water na hom toe kom en hy verdrink, dan verdrink hy hom nie self nie; dus, hy wat nie aan sy eie dood skuldig is nie, verkort nie sy eie lewe nie.

TWEEDE GRAFDELWER: Maar is dit die wet?

EERSTE GRAFDELWER: Ja, seker, dis lykskouingwet.

TWEEDE GRAFDELWER: Wil jy die waarheid hoor? As sy nie 'n edelvrou was nie, sou sy sonder 'n Christelike begrafnis begrawe moes gewees het.

EERSTE GRAFDELWER: Maar kyk, nou praat jy mos: dis tmeer te betreure dat die hoë lui van hierdie wêreld aangemoedig word om hulself te verdrink of op te hang meer as hul mede-Christene. Kom, my graaf. Daar is geen edelliede behalwe tuiniers, slootgrawers en grafdelwers nie; hulle handhaaf Adam se bedryf.

TWEEDE GRAFDELWER: Was hy 'n edelman?

EERSTE GRAFDELWER: Hy was die heel eerste wapendraer.

TWEEDE GRAFDELWER: Ag kom, hy het geen wapens gehad nie.

EERSTE GRAFDELWER: Wat, is jy 'n heiden? Hoe lê jy die Skrif uit? Die Skrif sê dat Adam gedelf het. Hoe kon hy gedelf het as hy nie

met 'n graaf gewapen was nie? Ek stel jou 'n ander vraag: as jy my nie kan antwoord nie, bely dan.⁵⁵

TWEEDE GRAFDELWER: Gaan na die hoenders.

EERSTE GRAFDELWER: Wie is hy wat stewiger bou as die messelaar, die skeepsbouer of die timmerman?

TWEEDE GRAFDELWER: Die galgbouer; want sy werk oorleef 'n duisend bewoners.

EERSTE GRAFDELWER: Ek hou van jou gevatheid, dit moet ek sê; die galg is goed en wel; maar hoe goed? Dis goed vir kwaaddoeners: Nou, hy doen kwaad as hy sê die galg is sterker gebou as die Kerk; daarom, die galg mag vir jou goed wees. Toe, probeer weer.

TWEEDE GRAFDELWER: „Wie bou stewiger as 'n messelaar, 'n skeepsbouer of 'n timmerman?”

EERSTE GRAFDELWER: Juis! Sê my, en span dan maar uit.

TWEEDE GRAFDELWER: Gedorie waar, nou weet ek.

EERSTE GRAFDELWER: Nou toe, sê.

TWEEDE GRAFDELWER: By die mis, dit kan ek nie.

(Hamlet en Horatio van veraf op)

EERSTE GRAFDELWER: Moenie jou harspan daaroor martel nie, want jou dooierige esel sal nie deur stokslae sy pas versnel nie; en as hierdie vraag weer aan jou gedoen word, sê „'n grafbouer”; die huise wat hy bou, duur tot die jongste dag. Toe, gaan na Yaughan en bring my 'n stoop brandewyn.

(Tweede grafdelwer af)

(Eerste grafdelwer grawe, onderwyl hy sing)

Ek't liefde geken reeds in my jeug
en, o, niks was so soet nie;
geen tydverdryf — a, liewe deug,
het ek gedink so goed nie.

HAMLET: Het hierdie vent geen gevoel vir sy werk dat hy kan sing terwyl hy grawes grawe nie?

HORATIO: Die gewoonte is oorsaak dat hy so ligsinnig omtrent sy handewerk is.

HAMLET: Dis waar; die hand wat weinig werk verrig, het 'n fyner gevoel.

EERSTE GRAFDELWER:

(Sing) Die jare met hul sluipende tred
het hul klou op my geslaan,
en my na die graf toe ingeskeep;
en dit was die end van my bestaan.

(Hy werp 'n skedel op)

HAMLET: Daardie skedel het eens 'n tong gehad en kon sing; hoe smyt die vent dit op die grond asof dit Kain se kakebeen was — hy wat die eerste moord gepleeg het! Dalk is dit nog die harspan van 'n politikus wat hierdie esel wou uitoorlê; een wat ons liewe Heer self om die bos wou lei.

HORATIO: Bes moontlik, my prins.

HAMLET: Of van 'n howeling wat kon sê: Goeie môre, geliefde prins. Hoe gaan dit met u geliefde prins? Dit mag my prins so en so gewees het, wat die perd van my prins so en so geprys het toe hy dit wou leen, nie waar nie?

HORATIO: O ja, my prins.

HAMLET: Presies; en nou behoort dit aan mevrou wurm — ontvlees, en op die kaak geslaan, met die graaf van 'n grafdelwer; hier is nou vir jou 'n merkwaardige ommekeer, as ons maar net die kuns verstaan het om dit gade te slaan. Het hierdie bene dan nie te veel gekos om te verwek en groot te maak as om jukskei daarmee te speel nie? Ek ys as ek daaraan dink.

EERSTE GRAFDELWER:

(Sing) 'n Kielhouer, 'n graaf, of grawe
en ook 'n lykekleed;
'n diepe gat uit die klei gegrawe,
is vir so 'n gas gereed.

(Hy werp nog 'n skedel op)

HAMLET: Daar's nog een: waarom sou dit nie die dop van 'n regsgeleerde wees nie? Wat het nou geword van al sy spitsvondighede, sy haarklowery, sy sake, sy regstitels en sy streke? Waarom laat hy hierdie ruwe vent hom so met 'n vuil skop op sy dop tik en vervolg hom nie weens aanranding nie? Hm! Hierdie kêrel kon in sy leeftyd 'n groot aankoper van vaste eiendom gewees het, met sy eiendomsbewyse, sy hipoteke, sy rekonies, sy boetes, sy dubbele waarborge, sy invorderingseise; is dit die boete van sy boetes, die opheffing van sy heffings, dat sy fyn kop so met fyn slyk gevul word? Sal sy waarborgaktes, al is hul dubbele waarborge, hom niks meer van al sy aankope waarborg nie, as die lengte en breedte van 'n paar ooreenstemmende kontrakte? Selfs die transportaktes van sy gronde sal nouliks in hierdie kis kan lê, en mag die eienaar self dan nie meer ruimte hê nie?

HORATIO: Nie 'n jota meer nie, my prins.

HAMLET: Word perkament nie van skaapvel gemaak nie?

HORATIO: Jawel, my prins, en van kalfsleer ook.

HAMLET: Hulle is skape en kalwers wat hul sekuriteit daarin gaan soek.

- Ek wil met hierdie vent praat, — Wie se graf is dit, kêrel?
- EERSTE GRAFDELWER: Myne, meneer.
- (Sing) „'n Diep gat uit die klei gegraaf,
is vir so 'n gas gereed.”
- HAMLET: Ek dink dis joue inderdaad, want jy staan daarin en lieg.
- EERSTE GRAFDELWER: En u, meneer, staan daarbuite en lieg, en dus kan dit nie aan u behoort nie; wat my betref, ek lê en lieg nie daarin nie, en tog is dit myne.
- HAMLET: Jy lê en lieg daarin, omdat jy daarin is en sê dit behoort nie aan jou nie; dis vir die dode en nie vir die lewende nie; en dus lieg jy.
- EERSTE GRAFDELWER: Dis 'n lewendige leuen, meneer; hy sal vlug van my na u.
- HAMLET: Vir watter man grawe jy dit?
- EERSTE GRAFDELWER: Vir geen man nie, meneer.
- HAMLET: Wie word daarin begrawe?
- EERSTE GRAFDELWER: Een wat 'n vrou gewees het, meneer; maar mag haar siel in vrede rus, sy is dood.
- HAMLET: Hoe gevat is die vent! Ons moet in ons pasoppens wees of dubbelsinnigheid kan ons ondergang wees.⁵⁶ Waaragtig, Horatio, gedurende die afgelope drie jaar het ek opgemerk hoe kieskeurig ons tyd geword het: die toon van die boer volg so naby op die hakke van die edelman, dat hy telkens op sy wintervoete trap. Hoe lank is jy al 'n grafdelwer?
- EERSTE GRAFDELWER: Wel, vanaf die dag en jaar toe ons vorige koning, Hamlet. Fortinbras verslaan het.
- HAMLET: Hoe lank gelede is dit?
- EERSTE GRAFDELWER: Weet jy dit nie? Elke dwaas weet dit: dit was dieselfde dag waarop jong Hamlet gebore is; hy wat mal is en na Engeland gestuur is.
- HAMLET: Ja, waarlik, waarom is hy na Engeland gestuur?
- EERSTE GRAFDELWER: Waarom? Omdat hy mal was; daar moet hy weer tot sy sinne kom; maar as dit nie gebeur nie, dan kom dit nie daarop aan nie.
- HAMLET: Waarom?
- EERSTE GRAFDELWER: Dit sal daar nie opgemerk word nie; daar is hul net so mal as hy.
- HAMLET: Hoe het hy mal geword?
- EERSTE GRAFDELWER: Op eienaardige wyse, sê hul.
- HAMLET: Hoe „eienaardig”?
- EERSTE GRAFDELWER: By my siel, omdat hy sy verstand verloor het.

HAMLET: Op watter grond?

EERSTE GRAFDELWER: Wel, hier op Deense grond; ek is al vir die laaste dertig jaar koster hier — man en seun.

HAMLET: Hoe lank moet 'n mens in die grond lê voor hy verrot?

EERSTE GRAFDELWER: Wel, as hy nie reeds verrot is voor hy sterf nie; ons kry dikwels lyke wat skaars hou tot hul gekis is. Ander hou sowat agt of nege jaar: 'n looier kan nege jaar hou.

HAMLET: Waarom hou hy langer as 'n ander?

EERSTE GRAFDELWER: Wel, meneer, deur sy beroep word hy so gelooi dat hy vir 'n lange tyd waterdig is; en water kan die lyk van so 'n hondsvot net gou vernietig. Hier is 'n kopbeen; hierdie kopbeen het drie-en-twintig jaar in die aarde gelê.

HAMLET: Wie s'n was dit?

EERSTE GRAFDELWER: 'n Malle hondsvot van 'n vent: Wie s'n dink u was dit?

HAMLET: Nee, ek weet nie.

EERSTE GRAFDELWER: Die pes van 'n malle duiwel! Hy het eenmaal 'n fles Rynse wyn op my kop omgekeer. Hierdie selfde kopbeen, meneer, was dié van Yorick, die grapmaker van die koning.

HAMLET: Dit?

EERSTE GRAFDELWER: Ja, dit.

HAMLET: Gee aan (*neem die skedel*). Ag, arme Yorick! ek het hom geken, Horatio; 'n vent met onbeperkte humorsin, ryk aan verbeelding; hy het my 'n duisend maal op sy rug gedra; en nou, hoe afskuwelik kom dit my in my verbeelding voor! Ek word daar mislik van. Hier was die lippe wat ek gesoen het — ek weet nie hoeveel keer nie. Waar is jou grappe nou? Of jou bokkespronge? Jou liedjies? Jou kwinkslae wat so 'n skaterlag aan tafel uitgelok het? Nie een enkele bly oor om jou eie gryns te spot nie? Jou wange ingeval? Gaan na die kamer van 'n dame en sê aan haar, al plak sy verf 'n duim dik op, só sal sy eendag lyk; bring haar daartoe om daaroor te lag. Ek bid jou, Horatio, sê my een ding.

HORATIO: Wat is dit, my prins?

HAMLET: Dink jy Alexander het ook so in die aarde daar uitgesien?

HORATIO: Net so, ja.

HAMLET: En ook so geruik? Gá!

(*Hy lê die skedel neer*)

HORATIO: Ja, net so, my prins.

HAMLET: Tot watter aaklighede kan ons terugdink, Horatio! Waarom sou ons verbeelding nie die edel stof van Alexander kan naspoor tot waar dit gebruik word om 'n sponsgat mee toe te stop nie?

HORATIO: Om so denkbeeldig te wees, is om spitsvondig te wees.

HAMLET: Nee, nie in die minste nie; intendeel, dit beteken om nederig te volg waarheen hy lei. Alexander het gesterf, Alexander is begrawe, Alexander keer tot stof terug; die aarde is stof; van aarde maak ons leem; en waarom sou 'n mens nie daardie stof waartoe hy herlei is, gebruik om 'n biervatspleet mee toe te stop nie?

Heerssugtige Caesar, dood, tot klei vergaan,
stop barste toe om die wind te keer; welaan,
hy wat met geweld die wêreld wou regeer,
moet splete lap bestand teen winterweer.

Maar stil, maar stil, tersy; hier kom die koning.

(Priesters ens. in plegtige optog; die lyk van Ophelia, gevolg deur Laertes en roudraers; die koning, koningin en hul gevolg)

Die koningin, die hof; wie volg hul daar?

en dit met so 'n verminkte statigheid?

Dit toon dat daardie dode in sy wanhoop
sy hand geslaan het aan sy eie lewe.

Iemand van 'n sek're rang — ons skuil en kyk.

(Hamlet gaan opsy met Horatio)

LAERTES: Watter ander plegtigheid?

HAMLET: Dis Laertes daardie, 'n eed'le jongeman.

Let op.

LAERTES: En watter plegtighede nog?

EERSTE PRIESTER: Die begrafnisplegtighede is uitgebrei
so ver ons kon; haar dood was twyfelagtig;
had hoë gesag die reël nie ingetrek,
sou sy in ongewyde grond moes rus
tot op die jongste dag; geen seënbede nie,
maar onder potskerwe en gruis en klip;
en tog word haar haar maagdekrans gegun ⁵⁷
met blombestrooiing oor haar graf, en is
die klokgebom, die gewyde graf, haar deel.

LAERTES: Volg daar dan niks meer nie?

EERSTE PRIESTER: Nee, niks meer nie.

Die lykdiens sou ontheilig word as ons
'n requiem haar toe sou sing, soos vir
die vrome afgestorwenes.

LAERTES: Lê haar hier in die graf
en mag daar uit haar rein en vlekkelose vlees
viooltjies spruit. Ek sê u, lompe priester,
my suster sal 'n dienende engel wees

wanneer u kners en huil.

HAMLET: Hoe, wat? die skoon Ophelia!

KONINGIN:

(Strooi blomme) 'n Soete geur vir 'n reine siel — vaarwell!
My hoop was u sou Hamlet se vrou nog word
en ek sou, liewe kind, u bruidsbed tooi,
nie blomme oor u grafkuil strooi.

LAERTES: O wee!

Drievoudig wee, daal tien maal drie keer neer
op die vervloekte hoof van hom wat deur
sy gruweldaad haar van gesond' verstand
ontrowe het. Hou t'rug die grond 'n wyl
en laat ek in my arms haar nog eens sluit.

(Hy spring in die graf)

Hoop nou die grond op lewende en dode
totdat op hierdie vlak 'n berg verrys
hoër dan Pelion of die hemeltop
van blou Olympus.

HAMLET: Wie is hy wat daar

sy leed so luid laat hoor, wie se jammergeklag
die swerwende sterre se loop besweer en hul
laat stilstaan soos verskrikte luisteraars?
Ek, Hamlet, die Deen, is hier.

(Hy spring in die graf)

LAERTES: Die duiwel haal jou siel! *(Hul worstel)*

HAMLET: Geen vroom gebed nie.

Ek bid jou, neem jou vingers van my keel;
want wel is ek nie knorrig of roek'loos nie,
maar iets gevaarliks skuil daar tog in my
wat jou wyse vrees verdien. Neem weg jou hand!

KONING: Skei hul van mekaar.

KONINGIN: Hamlet, Hamlet!

ALMAL: Menere, Menere!

HORATIO: Wees kalm, bedaar, my prins.

*(Die gevolg skei hulle van mekaar.
Hul kom uit die graf uit)*

HAMLET: Ek wil om hierdie saak hom hier beveg,
totdat my ooglede nie langer knip nie.

KONINGIN: Om watter saak tog, o my seun?

HAMLET: Ek het Ophelia so teer bemin;

Ja, veertigduisend broers se liefde saam

kon myne nie oortref nie. Wat wil jy doen?

KONING: O, hy is gek, Laertes.

KONINGIN: Om godeswil, verdra dit tog.

HAMLET: Om Godsnaam, sê, wat wil jy doen? Wil jy hier ween? of veg? of vas? of selfmoord pleeg? asyn verswelg? 'n krokodil verorber? Dit kan ook ek. Kom jy om hier te weekla? My uit te tart met inspring in haar graf? Met haar begraaf te word? Ook dit doen ek. En babbel jy van berge, laat op ons gooi miljoene akkers grond, totdat die berg sy kruin verseng aan daardie vuursfeer bo en Ossa soos 'n vrat laat lyk. En praat jy groot, ook dit kan ek.

KONINGIN: Dis skone waansin:
So sal die vlaag in hom 'n rukkie woed,
maar strakkies, soos 'n wyfieduif wanneer
haar goudbedonsde paar verskyn sal hy
geduldig, gelate, swygsaam sit.

HAMLET: My heer,
hoor my! Waarom behandel u my so?
Ek't altyd van u gehou; maar laat dit vaar.
Laat Herkules doen wat hy ook al vermag
'n kat sal miaau, 'n hond kry ook sy dag.

(Hamlet af)

KONING: Ek bid u, vriend Horatio, volg hom.

(Horatio af; aan Laertes)

Laat jou geduld deur ons gesprek gist'raand
versterk word. Daad'lik sal ons hierdie saak
beproof. Gertruida, lief, laat jou seun bewaak;
hierdie graf kry 'n lewende monument.
'n Uur van stilte breek ras vir ons aan;
tot dan geduldig, versigtig voortgegaan!

TWEEDE TONEEL

(*'n Saal in die kasteel. Hamlet en Horatio op.*)

HAMLET: Genoeg hiervan; nou van die ander een.

Onthou jy die omstandighede nog?

HORATIO: Of ek hul nog onthou, my heer!

HAMLET: 'n Soort van stryd het in my hart gewoed,
ek kon nie slaap nie; my was dit of ek
in boeie erger as 'n muit'ling s'n⁵⁸
geknel was. Haastig — en loof die haastigheid,
wat toon hoe soms die onbesonnenheid
ons dien waar slim beplanninge misluk;
en dit leer ons: daar is 'n Godheid wat
ons planne afrond, hoe ru ons hul ook al
ontwerp —⁵⁹

HORATIO: Ja, seker.

HAMLET: — Haastig opgestaan
uit my kajuitbed en in my skeepsjapon
gekleed, het ek in donkerte getas
en hul gevind, hul pakket gegryp en na
my hut teruggesnel, waar ek, uit vrees
my hoflikheid vergetende, stoutmoedig
die seëls van hul hoë lasbrief breek;
daar vind ek 'n konings-skurkery, Horatio —
'n streng bevel, deurspek met baie redes
wat Denemarke en Engeland se heil
behels, en, ho, met sulke goggas wat
sou dreig as ek sou leef, dat by die lees
daarvan — geen tyd gegun om eers 'n byl
te slyp nie — my hoof moes rol.

HORATIO: Is dit dan moontlik?

HAMLET: Hier is die lasbrief; lees op jou gemak.

Maar wil jy hoor wat ek gedoen het toe?

HORATIO: Ek smeek u.

HAMLET: Aldus omring deur skurkery —
hul het die spel begin nog voor my brein
die proloog kon ontwerp — het ek gesit
en 'n nuwe lasbrief uitgedink en dit
in skoonskrif uitgeskryf. Voorheen het ek
die skoonskrif — soos ons staatslui dikwels doen —⁶⁰
benede my geag, maar nou het dit
my leenmansdiens bewys. En wil jy weet
watter gevolg my skrywe had?

HORATIO: Ja graag, my prins.

HAMLET: Die ernstigste beswering van die koning,
daar Engeland sy troue leenman is;
daar vriendskap tussen hulle welig soos

'n palm moes groei en die vrede steeds
haar tarwekrans moes dra, hul saam moes voeg;
en met baie ander „daars” van groot gewig;
dat hy, na kennisname van die inhoud
van hierdie geskrif, die draers dadelik
en sonder debat of biegyd hul te gun
moes laat onthoof.

HORATIO: En hoe was dit verseël?

HAMLET: Ja dit ook het die hemel voorbeskik.

My vader se seëlring was in my beurs
wat as model van die Deense seël gedien het.
Ek vou en seël die brief soos die ander een;
ek maak die opskrif na en sit hom op
sy plek terug; die wisseling bly onbekend.⁶¹
Die volgende dag vind toe die seestryd plaas;
wat volg, dit weet u reeds.

HORATIO: En so

het Guildenstern en Rosenkrantz gesterf?

HAMLET: Wel, man, hul het die werkie uitgelok,

oor hulle kwel ek my gewete nie.

Hul val beloon hul slaafse inmenging.

Gevaarlik is dit vir 'n mindere

om tussen stoot en felle sabelpunt

van magtige meerderes te kom.

HORATIO: God, wat 'n koning!

HAMLET: En dink u nie dit staan my vry om hom, —

wat so my koning gedood, my moeder onteer

en hom so ingelaat het met die kiesing

van die koning en van my hoop; wat so

sy angel na my lewe uitgewerp het, —

sy uitvaart met hierdie arm te laat neem nie?

Is dit nie doemelik dat hierdie kanker

in ons nog verder onheil werk nie?

HORATIO: Hy sal uit Eng'land seker binnekort

die uitslag van die sending daarheen weet.

HAMLET: Ja, binnekort; die tussentyd is myne;

die mens se lewe is een telling slegs;

maar ek betreur dit seer, Horatio,

dat ek my so vergeet het teenoor Laertes;

want in die skrikbeeld van my ramp sien ek

ook syne afgebeeld; ek sal hom om

vergifnis vra; dis grootspraak van sy smart
wat my so briesend kwaad gemaak het.

HORATIO:

Stil, wié is daar?

(Osric op)

OSRIC: U hoogheid is seer welkom terug in Denemarke.

HAMLET: Ek dank jou nederig, meneer.

(Tersyde aan Horatio)

En ken jy hierdie watermot?

HORATIO: Nie ek, my goeie prins.

HAMLET: Des te beter vir jou sieleheil, want om hom te ken is 'n ondeug. Hy besit 'n groot en vrugbare landgoed; laat 'n bees die heerskappy oor beeste voer; sy krip sal aan die koning se tafel staan: Hy is 'n kouvoël, maar soos ek sê, met uitgestrekte besittings van mishope.

OSRIC: Genadige prins, as u 'n oomblik tot u beskikking het, sou ek graag 'n opdrag van sy Majesteit aan u wou meedeel.

HAMLET: Ek sal dit met die grootste genoeë ontvang, meneer. Maak die regte gebruik van jou hoed: dis vir die hoof bedoel.

OSRIC: En dank u, prins; dis erg warm.

HAMLET: Nee, glo my, dis baie koud; die wind is noord.

OSRIC: Dis middelmatig koud, my prins, inderdaad.

HAMLET: En tog, soos ek voel, dink ek dis baie bedruk en warm.

OSRIC: Uitermate, my prins, dis baie bedruk, asof daar — ek kan nie sê wat nie. Maar, my prins, sy Majesteit het my opgedra om u mee te deel dat hy 'n groot weddenskap op u gemaak het: prins, die saak is so —

HAMLET: Ek smeek jou, onthou, —

(Hamlet oorreed hom om sy hoed op te sit)

OSRIC: Nee, waarlik, my goeie prins; vir my gemak, waarlik. So pas het hier by die hof aangekom Laertes; glo my, 'n egte heer, vol van die voortreflikste onderskeidings, besonder aangenaam en van pragtige voorkoms; inderdaad, om met fyne insig van hom te praat, hy is die kaart of kalender van die adelstand, want in hom sien u die kontinent waarvan enige gedeelte die aanskouing van 'n edelman werd is.

HAMLET: Meneer, sy afbeelding word deur jou toedoen nie bederwe nie, hoewel, moet ek jou sê, dit die rekenkunde van die geheue duislingwekkend op die proef sou stel om 'n inventaris te maak van al sy voortreflikhede en nie van koers deur sy vlugtige verbyseil te slinger nie. Maar in die waarheid van verheerliking⁶², beskou ek hom 'n gees van groot betekenis, en so deurtrokke van kostelike

en seldsame hoedanighede dat, om reg aan hom te laat geskied, sy gelyke alleen in sy spieël gesien kan word en wie poog om op sy spoor te volg, verkry slegs sy skaduwee, niks meer nie.

OSRIC: U lordskap teken hom onfeilbaar juis.

HAMLET: Die sinspeling, meneer? Waarom die heer so toedraai met ons ruwe woorde?

OSRIC: U edelagbare?

HORATIO: Is dit nie moontlik om mekaar in 'n ander taal te verstaan nie? Dit kan u tog seker doen, nie waar nie?

HAMLET: Wat beteken die vermelding van hierdie edelman?

OSRIC: Van Laertes?

HORATIO: Sy beurs is leeg, sy goue woorde uitgegee.

HAMLET: Ja, syne, meneer.

OSRIC: Ek weet u is nie onkundig nie.

HAMLET: Ek wou dat jy dit wis, meneer; en tog as jy dit wis, sou dit my inderdaad in aansien nie laat styg het nie. Wel, meneer?

OSRIC: U is tog nie onkundig wat betref Laertes se doeltreffendheid nie?

HAMLET: Ek sou dit nie ooit durf beken nie, tensy ek my eie uitstekendheid met syne kon vergelyk. Maar om iemand goed te ken is om homself goed te ken.

OSRIC: Ek bedoel, prins, wat sy wapen aanbetref; want volgens lof hom toegeswaai, is hy in hierdie opsig sonder weerga.

HAMLET: Wat is sy wapen?

OSRIC: Rapier en ponjaard.

HAMLET: Dis twee van sy wapens; maar goed.

OSRIC: Die koning, prins, het hom ses Barbarynse hingste gewed; waarteen hy, na ek verstaan, ses Franse rapiere en ponjaards, kompleet met hul toebehore, soos gordels, hangers en so meer, ingesteek het; drie van die tuie is besonder aantreklik en met goeie smaak afgerond; baie handig ingerig vir dié geweste en op uiters delikate en pragtige wyse ontwerp en versier.

HAMLET: Wat noem jy die tuie?

HORATIO: Ek het geweet u sou eers nog deur die kanttekeninge geïmponeer moes word voor u end-uit was.

OSRIC: Die tuie, prins, is die hangers. ⁶³

HAMLET: Hierdie uitdrukking sou ter sake gewees het as ons 'n kanon aan ons sy gedra het; tot dan sou ek hul liewers hangers wil noem. Maar toe, gaan voort! Ses Barbarynse hingste teen ses Franse swaarde, hul toebehore, en drie fraai versierde tuie; dit is die Franse weddenskap teenoor die Deense. Waarom is dit „ingesteek”

soos jy dit noem?

OSRIC: Die koning, prins, het gewed, prins, dat in 'n dosyn rondtes tussen u en hom hy u met geen drie treffers sou oortref nie; hy het twaalf teen nege gewed; en die kragmeting sou dadelik kan plaasvind as u hoogheid so goed wil wees om hierop te antwoord.

HAMLET: Gestel ek sê „nee”?

OSRIC: Ek bedoel, prins, as u hoogheid die persoonlike teenstander van die edelman wil wees.

HAMLET: Meneer, ek sal hier in die saal op en af wandel; as dit sy Majesteit behaag, dit is my oefentyd; bring die skermdegens; en as die edelman gewillig is en die koning volhard in sy plan, sal ek ten behoeve van hom wen as ek kan; so nie, wen ek daar niks by nie, behalwe my eie skande en die orige stote.

OSRIC: Moet ek u boodskap só verklaar?

HAMLET: In hierdie gees, meneer, met fraiings, volgens jou eie smaak.

OSRIC: Ek beveel my pligsgetrou by u hoogheid aan.

HAMLET: Die uwe, geheel die uwe. *(Osric af)*

Dis net so wel dat hy hom aanbeveel; geen ander tong mag andersins daarvoor te vinde wees nie.

HORATIO: Hierdie kiewiet loop weg met die skulp op sy ⁶⁴ kop.

HAMLET: Hy het seker sy moeder se borste komplimente gemaak voor hy daaraan gaan drink het. So het hy — en baie meer van dieselfde soort wat ek ken, op wie hierdie eeu van uitgeworpe skuim versot is — so het hy die modetoon van die tyd en die uiterlike vorm van omgang — tot sy eie gemaak; 'n soort van gistende mengsel wat hul soos uitgewande kaf deur hul uitgewande denkbeelde sleep; maar blaas net daarop en die lugbel bars.

(Edelman op)

EDELMAN: Prins, sy Majesteit het hom by u deur die jonge Osric laat aanbeveel, wat hom medeel dat u hom in hierdie saal verwag: hy stuur my om te vra of u daar genoeg mee neem om met Laertes te speel, dan wel of u nog wat uitstel verlang.

HAMLET: Ek bly standvastig by my besluite ooreenkomstig die koning se wense. As dit vir hom geleë is, is ek gereed — nou of wanneer ook, mits ek daar dan ewe in staat toe sal wees as tans.

EDELMAN: Die koning, die koningin en almal kom hierheen.

HAMLET: Op die gepaste tyd.

EDELMAN: Die koningin verlang dat u 'n bietjie hoflikheid teenoor Laertes moet betoon vòòr die stryd begin.

HAMLET: Haar raad is goed.

(Edelman af)

HORATIO: U gaan hierdie weddenskap verloor, my prins.

HAMLET: Ek glo nie, vandat hy na Frankryk gegaan het, het ek gereeld geoefen; ek sal met die voorgee wen. Maar jy kan nie dink hoe seer my hart is nie: maar dit maak ook nie saak nie.

HORATIO: Nee, goeie prins.

HAMLET: Dis niks as dwaasheid nie; 'n soort van voorgevoel wat eie is aan 'n vrou.

HORATIO: As u gemoed teen iets gekant is, gehoorsaam dit. Ek sal hul koms hierheen voorkom deur te sê dat u nie daarna voel nie.

HAMLET: Volstrek nie; ons trotseer verbodes; geen mossie val sonder die voorbeskikking van die Voorsienigheid nie. Moet dit nou wees, dan lê dit nie in die toekoms nie; is dit in die toekoms, dan kom dit tog; bereid wees — dit is alles. Aangesien 'n mens tog niks besit wat hy verlaat het nie, waarom sou hy dit dan nie betyds verlaat nie? Laat kom wat wil.

(Die koningin, koning, Laertes, lords, Osrice en ander gevolg op, met skermdegens, ens.)

KONING: Kom Hamlet, kom; neem hierdie hand uit myne.

(Die koning sit Laertes se hand in Hamlet s'n)

HAMLET: Skenk my vergiff'nis, vors; ek het u veronreg;

vergeef my want u is 'n edelman.

Elkeen hier weet, —

en dit het u gewis ter ore gekom —

hoe deur verwarring ek geteister word.

Wat ek gedoen het om u gevoel, u eer, so wreed te kwes, dit was waansinnigheid.

Het Hamlet Laertes veronreg? Nie Hamlet nie.

As Hamlet weggevoer word van sigself —

sigself nie is nie wanneer hy Laertes krenk —

dan doen Hamlet dit nie; dan ontken hy dit.

Wie doen dit dan? Sy waansin! Is dit so,

dan hoort Hamlet aan die veronregtes;

die stomme Hamlet se vyand is sy waansin.

Laat ek, my vors, voor hierdie gehoor ontken

dat ek met opset kwaad bedoel het ooit;

en spreek my daarvan vry in u gemoed —

skoon ek my pyl geskiet het oor die huis

en so my broer getref het.

LAERTES: Wat my gevoel —

die prikk'ling allermees tot wraak — betref,

is ek tevrede; maar my eerbegrip

hou my terug en duld versoening nie
totdat ervare ererigters my
tot vrede maan, en my verseker dat
my naam steeds onbevlek sal bly. Tot dan,
neem ek vir eg die vriendskap aan wat jy
my bied, ek krenk dit nie.

HAMLET: Dit neem ek aan
volgaarne, en hierdie broer se weddenskap
betwis ek eerlik. Gee aan die degens. Kom.

LAERTES: Kom, een vir my.

HAMLET: Kom, Laertes, laat ek jou skerm wees.
My onbedrewenheid sal steeds jou kuns
laat skitter soos 'n ster in donk're nag.

LAERTES: U bespot my nou, meneer.

HAMLET: Glo my, nie ek nie.

KONING: Gee hul die degens, jong Osric. Kom, neef Hamlet,
jy ken die weddenskap, nie waar?

HAMLET: Seer goed.

U hoogheid het die swakste voorgegee.

KONING: Ek het geen vrees; ek ken jul beide goed;
en daar hy beter afgerig is, kry hy voor.

LAERTES: Hierdie is te swaar; laat ek 'n ander sien.

HAMLET: Hierdie geval my. Is almal ewe lank?

(Hulle maak klaar om te skerm)

OSRIC: Jawel, my prins.

KONING: Sit die flesse wyn op daardie tafel neer.

Tref Hamlet by die eerste of tweede beurt,
of vergeld hy 'n treffer in die derde rondte,
laat grofgeskut van alle vestings bulder
en werp dan in die kelk 'n pèrel meer werd
as vier opvolgende Deense konings ooit
gedra het in hul kroon. Gee my die bekers hier.
Laat die tamboer aan die trompet vermeld,
die trompet weer aan die kanonniërs daar ginds;
die grofgeskut dan aan die hemele,
die hemel aan die aarde: „Die koning drink
op Hamlet.” Kom en neem 'n aanvang nou.
En jul, die strydregters, hou 'n wakker oog.

HAMLET: Komaan, Meneer.

LAERTES: Ek is gereed, my prins.

HAMLET: Een.

LAERTES: Nee.

HAMLET: Uitspraak!

OSRIC: Raak,

dis onmiskenbaar raak.

LAERTES: Nou kom, dan weer.

KONING: Wag; wyn hier; Hamlet, hierdie pêrel
is joue. Jou gesondheid!

(Trompetgeskal, kanonskote agter die gordyn. Reik hom die beker.)

HAMLET: Ná hierdie beurt. Sit dit tot dan opsy.

(Hulle skerm.)

Kom. 'n Treffer weer. Dit erken jy tog.

LAERTES: 'n Tikkie, gee ek toe.

KONING: Ons seun sal wen.

KONINGIN: Hy is geset en kort van asem.

Hier, Hamlet, neem my sakdoek, vee af jou gesig;

Die koningin drink op jou heil, Hamlet.

HAMLET: Ek dank u, moeder.

KONING: Gertruida, moenie drink nie.

KONINGIN: Ek wil, my gade; ek bid u laat my toe.

KONING:

(Tersyde) Dit is die beker met die gif! Te laat!

HAMLET: Ek durf dit nog nie drink nie, Moeder; later straks.

KONINGIN: Kom laat ek jou gesig afvee.

LAERTES: My vors, ek sal hom nou 'n treffer gee.

KONING: Dit glo ek nie.

LAERTES: *(Tersyde)* En tog hou my gewete my terug.

HAMLET: Kom, Laertes, vir die derde maal; jy speel slegs.

Ek bid jou, val met heftigheid nou aan;

dis my of jy my vir 'n papbroek hou.

(Hulle skerm.)

LAERTES: Só, dink jy so?

OSRIC: Aan beide kante nul.

LAERTES: Nou toe, neem dit.

(Laertes wond Hamlet; laasgenoemde gryp Laertes se degen en ruk dit uit sy hande; Laertes kry Hamlet se degen in hande, maar word deur Hamlet gewond.)

KONING: Maak hulle uitmekaar; hul verloor hul humeur.

(Die koningin sak neer.)

HAMLET: Nee, toe! Kom weer!

OSRIC: Die koningin! Hou op.

HORATIO: Hul bloei albei; hoe is dit met u prins?

OSRIC: En hoe met u, Laertes?

LAERTES: Ag, soos 'n houtsnip in sy eie strik;
tereg bring my verraad myself die dood.

HAMLET: Die koningin word flou —

KONING: van bloed te sien.

KONINGIN: Nee, nee, die drank, die drank, o beste Hamlet!
Die drank, die drank, ek is vergiftig.

HAMLET: O skurkery — sluit al die deure toe.
Verraad! Soek waar dit skuil.

(Laertes val)

LAERTES: Dis hier Hamlet; Hamlet, dis klaar met jou;
niks in die wêreld kan jou nou red nie;
nog skaars 'n halfuur het jy om te leef;
die vloek'bre wapen is nog in jou hand,
onafgestomp, vergiftig; die gemene spel
kom op my eie hoof; kyk, hier lê ek
om nooit weer op te staan nie: jou moeder vergiftig;
Ek kan nie meer nie, die koning se skuld; die koning s'n.

HAMLET: Die punt, ook dit vergiftig!

(Hy deursteek die koning)

Nou toe dan gif, voltooi jou werk.

ALMAL: Verraad! Verraad!

KONING: O staan my by, my vriende! — Slegs 'n wond.

HAMLET: Hier! jou bloedskandige moorddadige, vervloekte Deen,
drink hierdie drank. Is dit jou pèrel?
Volg nou my moeder.

(Koning sterf)

LAERTES: Sy verdiende loon!
Dit is die moorddrank deur homself berei.
Laat ons vergifnis omruil, eed'le Hamlet:
My en my vader se dood rus nie op jou nie,
nòg joue op my nie.

(Hy sterf)

HAMLET: Die Hemel spreek jou daarvan vry. Ek volg.
Ek sterf, Horatio. Vaarwel, vaarwel,
armsaal'ge koningin! En jul wat bleke,
stomme toeskouers is by hierdie bedryf!
O! ek sou graag aan jul wou sê — had ek
slegs tyd, want daardie felle beul, die dood,
verleen geen uitstel nie — maar laat dit vaar.
Ek sterf Horatio, jy leef: Verklaar

my saak aan dié wat lig verlang.

HORATIO: Ek glo dit nie.

Eerder is ek 'n ou Romein as Deen;

Hier is nog drank wat oor is.

HAMLET: Is jy 'n man,

gee my die beker aan en laat my los;

die hemel weet, ek sal dit drink. O, vriend

Horatio, wat 'n gekrenkte naam,

as dinge onbekend bly, laat ek ná!

Het jy my in jou hart gekoester ooit,

bly van die saal'ge oord nog 'n rukkieweg

en meld met pynlike versugtinge

my aardse lot.

(Mars in die verte — kanongebulder)

Watter krygsrumoer is dit?

OSRIC: Die jonge Fortinbras, seëvierend t'rug

uit Pole, bring sy krygsmansgroete oor

aan Engeland se afgesante hier.

HAMLET: O, ek sterf, Horatio; die felle vergif

oormeester gans my gees. Ek kan nie leef⁶⁵

om nuus uit Engeland te hoor nie, maar

ek wil voorspel die koningskeuse val

op Fortinbras; en sterwend stem ek toe.

Vertel hom alles, klein en groot, wat hier

gebeur en hierop uitgeloop het. Dan stilte.

(Hy sterf)

HORATIO: Nou breek 'n eed'le hart. Slaap sag, eed'le prins,

en mag die eng'leskaar u nou ter ruste sing.

(Mars agter die toneel)

Maar waarom kom die trom hierheen?

(Fortinbras, die Engelse afgesante en ander op)

FORTINBRAS: Waar is die skouspel?

HORATIO: Wát kom u hier sien?

Iets droewigs, wonderbaar? Soek dan nie verder nie.

FORTINBRAS: Hierdie lyke dui op moord. O trotse dood,

wat vir 'n fees het u in u ew'ge sel

berei; dat u op één slag, en so bloedig,

so baie prinse neergevel het hier?

EERSTE GESANT: Ontsettend is die skouspel, en te laat

bring ons rapporte oor uit Engeland.

Doof is die ore tans wat moes gehoor het

dat sy bevel volbring, en Rosenkrantz
en Guildenstern gedood is. Wié, ja wie
kan ons nou dank betuig?

HORATIO: Sy lippe nie,
al was hul in die lewe in staat daartoe!
Hy't nooit beveel dat hul gedood moes word nie.
Maar juis na afloop van die bloedbad hier
kom u hier aan — u van die Poolse kryg,
en u uit Engeland. Gelas dus nou
dat hierdie lyke op 'n verhewe stelling
vertoon word, en laat ek die onwetende volk
gaan meedeel wat gebeur het. Dan hoor u
van dade — vleeslik, bloedig, onnatuurlik;
van regsprake by toeval; terloopse slagtings;
van moord, deur lis of dwang teweeggebring,
en, eindelik, van mislukte planne wat
op die beplanners se hoofde neergekom het;
dit alles kan ek met gesag vermeld.

FORTINBRAS: Haas u dan om ons daaroor in te lig
en roep die adel ter vergaad'ring op.
Ek omhels my lot met leed, hoe smartvol ook.
Van oudsher het ek regte op die Ryk gehad;
tans wink my lot om hulle te aanvaar.

HORATIO: Ook hiervan het ek rede om te praat
en uit die mond van hom wat nie meer is nie.
Maar laat dit dadelik geskied terwyl
elkeen verbyster is, sodat daar nie
nog meer vergissings of komplotte kom nie.

FORTINBRAS: Laat vier kapteins Hamlet verhoog toe dra
met krygseer passend by 'n troue soldaat.
Gewis sou hy, het hy die troon bestyg,
hom waardiglik gekwyt het van sy taak.
Laat by sy uitvaart dus die krygsgebruike
en die oorlogsritus luid van hom getuig.
Neem weg die lyke; 'n skouspel soos hierdie
pas by 'n slagveld, maar dis skriklik hier.
Laat nou die troepe salvo's vuur.

*('n Dodemars — Die lyke word weggedra: almal af;
daarna kanongebulder.)*

A ANTEKENINGE

- 1) „'n Stuk van hom! Steevens merk op: „A piece of him is, I believe, a cant expression". Horatio sê dit terwyl hy sy hand na Bernardo uitsteek.
- 2) „Bekragtig deur die heraldiese wet". Die Engelse teks lui: „Well ratified by law and heraldry". Steevens merk op: „law and heraldry" beteken „herald law".
- 3a) „Dis 'n splinter om die geestesoog te ontrus". Engelse teks: „A mote it is to trouble the mind's eye". Die eerste kwarto-uitgawe praat van „moth" en Malone verduidelik dat „moth" die oorspronklike spelling van „mote" was.
- 3b) „In die grootse seëvierende Romeinse ryk".
Engelse teks: „In the most high and palmy state of Rome". Pope sê „Palmy state" beteken „victorious state of Rome. Palmy for victorious".
Die Duitse vertaling gebruik die woord „palmreiche" en die Nederlandse „bloeiende".
- 4) „Soos sterre met vuur'ge sterte" ens. Ek het hier die oorspronklike teks getrou gevolg en die gestippelde reël staan in die plek van 'n reël of 'n versie wat verlore gegaan het. Die Engelse teks lui:
.....
„As, stars with trains of fire and dews of blood"
„Disasters veiled the sun", ens.
Rowe het dit verander om te lees:
„Stars shone with trains of fire, dews of blood fell,
„Disasters veiled the sun" etc.
Warburton merk op dat hierdie passasie nie in die folio is nie. Hy sê:
„By the quartos therefore our imperfect text is supplied; for an intermediate verse being evidently lost, it were idle to attempt a union that never was intended. I have therefore signified the supposed deficiency by a vacant space." „As" word verduidelik as „for instance".
Die Nederlandse en ook die Duitse vertalings poog om die leemte aan te vul. Ek kan geen regverdiging hiervoor sien nie. Dit wyk te ver af van die gangbare uitgawes. Dit kan gerus maar aan die verbeelding gelaat word om die gestippelde reël by die volgende reël en wat volg, te laat aansluit.
Warburton is van mening dat, hoewel die 1604-folio lui „Disaster in the sun" behoort dit te wees „Disasters dimm'd the sun" en hy haal dan 'n reeks van deskundiges aan om hierdie stelling te bewys.
- 5) „... Kos dit my dood, ek kruis sy pad. Gedaante staan!"
„I'll cross it though it blast me. Stay, illusion".
Collanz verduidelik die woord „cross": „to cross the path of a ghost was to come under its evil influence. „Illusion": Duitse vertaling „Phantom"; Nederlandse „Skynbeeld".
- 6) „met heil in die een en wee in die ander oog".
Engels: „With an auspicious and dropping eye" wat volgens Malone beteken „with eyes depressed and cast downwards". Nederlandse vertaling „Met een gelukkig en een schreiend oog" en die Duitse „Mit einem heitern, einem nassen Aug'".
- 7) „deur hierdie droom van eie voordeel gestut".
Engels: „colleagued with this dream of his advantage". Warburton verduidelik: „He goes to war so indiscreetly and unprepared, that he has no allies to support him but a dream, with which he is colleagued or confederated".
- 8) „En toe Laertes, wat deel jy ons mee?"
Die verhouding tussen die koning en Laertes en ook eersgenoemde s'n

teenoor Hamlet regverdig die ,jy'-aanspreekvorm.

- 9) „'n Weinig meer as neef en minder kind.”

In die Engelse teks is daar 'n woordspeling op „son” en „sun” ... „And now my cousin Hamlet and my son”, sê die koning, en Hamlet antwoord: „I am too much i' the sun”.

Tersyde het Hamlet gesê: „A little more than kin and less than kind” en hier, verduidelik Johnson, beteken ,kind' — „child”, en hy sê: „Hamlet answers with propriety to the titles ,cousin' and ,son'.” Dit was nie vir my moontlik om die woordspeling in die vertaling weer te gee nie.

Die eerste uitgawes bevat die woord „cannon” en Theobald merk op „as” if the poet's thoughts were „Or that the Almighty had not planted his artillery, or arms of vengeance, against self murder”. Steevens sê daar is baie wat meen dat dit die regte vertolking is en dit, sê hy, word bevestig deur die woord „fix'd”. Maar Malone betwis hierdie stelling en sê dat in Shakespeare se tyd „canon” (norm) „cannon” gespel is. Die woord „sul-lied” (bedorwe) word deur een kommentator aan die hand gedoen. Ek verkies die gewone teks.

- 10) „...met liefde teenoor jou

nie minder eg as die beste vader s'n.”

Engelse teks: „with no less nobility of love than that which dearest father bears his son.” ,Nobility', sê Johnson, beteken hier ,generosity'. Malone sê dit beteken ,eminence and distinction of love'. Steevens sê: „The king means, that as Hamlet stands the fairest chance of being next elected, he will strive with as much love to ensure the crown to him, as a father would show in the continuance of heirdom to his son.”

- 11) „Wees soos onself in Denemarke”. „Leef als wyzelf” (Burgersdyk), „Seid wie wir selbst” (Schlegel). Ek volg hier die Duitse vertaling „said”. Of sou ,bly' beter wees? „Bly (woon?) soos onself in Denemarke”?

- 12) „O, dat die alte vaste vlees wou smelt...”

„O, that this too too solid flesh would melt”.

Thaw, and resolve itself into a dew!

Or that the Everlasting had not fix'd.

His canon against self-slaughter”.

- 13) „Hy was 'n man, alles in ag geneem,
sien ek nie sy gelyke ooit weer nie.”

Engels „He was a man, take him all in all

I shall not look upon his like again.”

Sir Thomas Samwell sê dit behoort te wees:

„Eye shall not look upon his like again”,

en dat dit meer in die ware gees van Shakespeare is. Dan sou die vertaling gelui het „Geen oog sien sy gelyke ooit weer nie”. Ek het egter besluit om die bekende teks te volg.

- 14) „Uit vrees byna tot jellie verstol’

„...door schrik skier tot gelei gestold” (Burgersdyk).

„Geronnen fast zum Gallert durch Furcht (Schlegel)

..... distill'd

Almost to jelly with the act of fear”

(Die folio lui „bestill'd” (Steevens).)

- 15) „En het jul hom dan nie daar aangespreek nie?”

Die teks lui „Did you not speak to it?”

Steevens sê klem moet op die woord ,speak' val: „Did you not speak to it'. Hy vervolg: „The drift of Hamlet's question is, whether his father's shade had been spoken to; and not whether Horatio, as a particular or privileged person, was the speaker to it.” 'n Verwarring het blykbaar destyds ontstaan deurdat toneelspelers gewoon was om te sê: „Dit not you speak to it” met

- klem op you. Hy sê dis heeltemal verkeerd.
- 16) „My vader se gees, gewapend!” ens.
 „My father's spirit in arms! All is not well.”
 So staan dit in die kwarto's. Whalley sê: „I once hinted to Mr Garrick that these words might be spoken in this manner: „My father's spirit! in arms! all is not well —” wat nogal 'n interessante vertolking is.
 „Meines Vaters Geist in Waffen!” (Schlegel);
 „Myn vaders geest, gewapend?” (Burgersdyk).
 Die Duitse vertaling volg die oorspronklike letterlik met die uitroep-teken na „in Waffen!” Die Nederlandse het 'n komma na „geest” en 'n vraag-teken na „gewapend”. Ek behou die komma, soos in Nederlands, maar die uitroep-teken soos in Duits en in die oorspronklike teks. (Gelyke regte?)
- 17) „en eie raad verloën.”
 Engelse teks: „And reeks not his own rede.”
 In Johnson en Steevens se Shakespeare is dit „read”. Pope se verduideliking is: „heeds not his own lessons.”
- 18) „Die wind blaas smekend in die skouer van jou seil.”
 Engelse teks: „The wind sits in the shoulder of your sail.” Nederlands: „De wind blaast ongeduldig in uw zeil.” Duits: „Der wind sitzt in dem Racken Eures Segels.” Coertze: „die seile bol reeds in die wind.”
- 19) „And these few precepts in thy memory:
 Look thou character”
 Shakespeare gebruik in sy 122ste sonnet die volgende woorde:
 „ . . . the tables are within my brain,
 Full character'd with lasting memory.”
 Ek moet bekén ek kan nie verstaan waarom die woord „character” en nogal „look thou character” gebruik word nie. Die kommentators wat ek geraadpleeg het werp geen lig op hierdie vreemde uitdrukking en beide die Nederlandse en Duitse vertalers laat lê dit links: „Zorg dat gy deze enkele regels in uw geheugen grift.” „Und diese Regeln prag in dein Gedachtnis.” Coertze vertolk dit so: „Met hierdie raad in jou geheue ingegrif, vind jy karakter.”
 Ek het verkies om die Duitse en Nederlandse vertolkings te volg.
- 20) „En hul in Frankryk van die beste stand
 is keurig op hul klere en fyn van smaak.”
 Die Engelse teks lui:
 „And they in France, of the best rank and station,
 Are most select and generous, chief in that.”
 Steevens merk op: „Let the reader who can discover the slightest sense, harmony, or metre, in this second line, adhere to the old copies.”
- 21) „ . . . my seën maak dit ryp in jou.”
 „My blessing season this in you.” „„Season', for „infuse' ” — Warburton.
- 22) „my blyke van sy liefde getoon.”
 „Blyke” vir „tenders” („Do you believe his tenders'")
 „Geloof gy dit vertoon” (Burgersdyk).
 „Er hat seit her Antrage mir gethan
 . . . glaubt Ihr den Antragen?”
- 23) „ . . . strikke vir die snippe.”
 „As springes to catch woodcocks . . . a proverbial saying. Everybody has a springe to catch a woodcock.” (Steevens)
- 24) „ . . . skynheil'ge koppelaars' wat vroom voordoen”
 „Mere implorators
 Breathing like sanctified and pious bonds the better to beguile.”
 Warburton sê: „This reading . . . is certainly corrupt.” Hy bewys dit egter nie voldoende nie, maar gee sy eie vertolking.

- 25) „... The king
keeps wassail and the swaggering up-spring reels.”
„Die koning hou vannag 'n drinkparty.”
„De koning nachtbraakt en houdt drinkgelag” (Burgersdyk).
„Der König wacht die Nacht durch, zecht vollauf,
Halt Schmaus und taumelt den gerauschgaen walzer” (Schlegel).
- 26) „U kom in 'n gedaante so vraagwaardig.”
„Thou comest in such questionable shape.”
Steevens verduidelik: „Questionable shape' means ,capable of being conversed with.”
Schlegel se vertaling:
„Du komst in so fragwürdiger Gestalt”, wat ooreenstem met Steevens se verduideliking. Ek het dit gevolg.
- 27) „Die hemel sal hier uitkoms gee...”
Engelse teks: „Heaven will direct it.” Farmer meen dit moet wees „Heaven will detect it.”
- 28) „... wat wortel aan die Letheskaai.”
Die Engelse teks lees: „That rots itself in ease on Lethe's wharf” ...
Malone verkies die woord ,roots' en ek het hierdie vertolking gevolg.
- 29) „Hemel en aarde hou meer in, Horatio...”
„There are more things in heaven and earth, Horatio,
Than are dreamt of in your philosophy.”
„Es gibt mehr Ding in Himmel und auf Erden,
Als eure Schulweisheit sich traumt, Horatio” (Schlegel).
„Er is meer in aarde en hemel, vriend Horatio,
Dan gy wel in uw schoolse wysheid droomt' (Burgersdyk).
„In hemel en
op aarde is daar baie meer as u
en filosofe oor kan droom” (Coertze).
- 30) „Die tyd's ontwrig; dat ek, o vloek'bre wraak,
gebore is om dit weer reg te maak.”
„De tyden zyn ontwricht; vervloekte bevel
dat my als man aanwyst voor hun herstel” (Burgersdijk).
„Die Zeit ist aus den Fugen: Schmach und Gram,
Dass ich zu welt, sie einzurichten, kam” (Schlegel).
- 31) Die koning en koningin praat met hul howelinge en gebruik die aanspreekvorm ,u'.
- 32) Drieduisend krone: „Three thousand crowns”. In die ou kwarto's (vanaf 1605) lui dit: „three score three thousand.”
- 33) „die hanswors sal diegene laat lag' ens.
Engelse teks: „The clown shall make those laugh, whose lungs are tickled o'er the sere” i.e. those who are asthmatical and to whom laughter is most uneasy”.
- 34) „... hy moet lawwe gewaagde grappe of 'n verhaal van ontug hoor.”
Engelse teks ,He's for a jig or a tale of bawdry'. Johnson verduidelik: „A jig signified a ludicrous metrical composition, as well as a dance. Here it is used in the former sense'. Die Duitse vertaling lui: „Er mag gern eine Posse oder Botengeschichte” en die Nederlandse vertaling omskryf dit soos volg: „hy moet zang- en danskluchten, of ontuchtige geschiedenis hebben, anders — ”
In 'n latere passasie roep Hamlet uit, nadat hy 'n gewaagde gesprek met Ophelia probeer aanknoop het en sy hom beslis afwysend geantwoord het ,O, God, our only jigmaker' (kyk no. 41). „Ach, ich reise Possen wie kein anderer'. Hier verduidelik Steevens dat 'n ,jig' nie alleen 'n dans was nie, maar ook 'n verspotte dialoog in versmaat, en dit van die laagste ge-

halte.

Ek hoop my vertaling voldoen so ver moontlik aan die verduideliking van die kommentators; ek meen dat die Duitse vertaling nader aan die oorspronklike is, maar dat dit nie genoegsaam die begrip van onfatsoenlikheid, of gewaagdheid, uitdruk nie.

- 35) „Dink u ek het verkeerde bedoelings gehad?”
„Do you think I meant country matters?” Johnson sê dit behoort te wees „country manners”. Malone sê: „What Shakespeare meant, must be too obvious to every reader to require explanation.”
- 36) „O, God, die enigste grapmaker!” „O, God, your only jig’ Kyk no. 38. Die Duitse woord „Posse” beteken ‚klug’ ‚n grap’.
- 37) „Wraggies dis ’n geheime skelmstreek”
Engelse teks: „Marry, this is miching mallecho” wat volgens Warburton beteken: ‚a concealed wickedness’.
- 38) „Wat! deur valse brandalarm verskrik?”
Engels: „What? Frightened with false fire?”
Nederlands: „Wat! door vals brandalarm verskrikt?”
Duits: „Wie! durch falschen Feurlärm geschreckt?”
Daar word gesê ‚false fire’ verwys hier na die nalatige afvuur van ’n kanon, maar ek kon geen bewys vir hierdie vertolking vind nie.
- 39) „Why, let the stricken deer go weep,
The hart ungalled play,
For some must watch, while some must sleep,
Thus runs the world away.”
Duits: „Ei, der Gesunde hupst und lacht,
Dem Wunden ist’s vergält;
Der eine schläft, der andre wacht,
Das ist der Lauf der Welt.”
Nederlands: „’t Gekweste hert zoek’ hygend rust,
En ’t ongedeerde speel’,
Want de een heeft leed en de ander lust,
Dat is zo des werelds deel.”
Ek het in hierdie geval die Nederlandse vertaling vryelik gevolg.
- 40) „’n Daad
wat aan beskeidenheid haar blos ontnem,” ens.
Engelse teks: „Such an act
as blurs the grace and blush of modesty,
Calls virtue hypocrite; takes off the rose.”
- 41) Warburton verduidelik: „Takes off the rose, i.e. alluding to the custom of wearing roses on the side of the face.”
Steevens: „I believe Dr. Warburton is mistaken, for there is a difference between an ornament worn on the forehead and one exhibited on the side of the face.”
- 42) „Wee my, om watter daad word ek so luid en dond’rend aangekla”:
Engelse teks: „Ah me, what act
That roars so loud and thunders in the index?”
Johnson verduidelik: „The meaning is, what is this act, of which the discovery or mention, cannot be made, but with the violence of clamour?”
Malone verduidelik: „And thunders in the index. The indexes of many old textbooks were at that time inserted at the beginning, instead of at the end, as is now the custom. „Index” is defined by Bullohar: ‚A table in a booke’ (sic) . . .”
- 43) „die oog van Mars om te beveel en dreig
en staande soos die heraut Mercurius . . .”
Engelse teks: „An eye like Mars to threaten and command;

A station like the herald Mercury . . ."

Steevens verduidelik: „Station in this instance, does not mean the spot where any one is placed, but the act of standing." Vandaar my vertaling „staande soos," ens.

In *Anthony and Cleopatra*: „her motion and her station are as one."

„U het gewis . . .

verstand, want anders kan niks u ontroer nie."

Engelse teks: „Sense sure you have,

Else could you not have motion . . ."

Steevens merk op: „From what philosophy our editors learnt this, I cannot tell. Since motion depends so little upon sense, that the greatest part of motion in the universe is amongst other bodies devoid of sense, we should read:

„Else could you not have notion'

i.e. intellect, reason."

Ek het my egter verplig gevoel om die teks (*motion*) in 'n groot mate te volg; dus „ontroer"

Burgersdyk: „Gy hebt gewis gevoel,
anders hadt gy geen driften . . ."

Schlegel:

„Sinn habt Ihr sicher,

Sonst kontte keine Regung in Euch sein."

Die Engelse teks lui: „ . . . Sense sure you have,

else could you not have *motion*.

but sure that sense is apoplex'd."

44) „U noem sy muis . . ."

Call you his mouse: „Mouse was a term of endearment." (Steevens)

„die opgeblase koning"

„*The bloat king* i.e. the swollen king" (Steevens)

„'n Paar nat soene": „Reechy kisses." „Reechy" is „smoky".

Volgens Steevens beteken dit: „to convey a coarse idea."

„Want watter koningin, so skoon, kuis," ens.

„For who, that's but a queen, fair sober, wise

Would from a paddock, from a bat, a gib . . ."

„Gib" was die algemene naam vir 'n kat.

45) „For tis the sport to have the engineer

Hoist with his own petar . . ."

„*Hoe prettig* as 'n myn sy delwer self

die lug laat invlie . . ."

„petar" — „an engine, more like a bell or mortar, wherewith strong gates are burst open." (Collancz)

Nederlands: „Toch heerlijk, list te kanten tegen list."

Duits: „O, es ist gar zu schön

Wenn so zwei Listen sich entgegen gehen."

„Hoist" beteken oplik, ophys, opblaas. „with his own petar", volgens Bosman en V. d. Merwe, „self in die put val wat hy vir 'n ander gegrawe het."

Maar as „hoist" ook „opblaas" beteken, dan dink ek eerder aan 'n ont-ploffing in 'n myn waardeur die delwer opgeblaas word. Ek hou van die Nederlandse en Duitse bewoording, maar wyk hul nie van die oorspronklike teks af nie?

46) Aan Rosenkrantz en Guildensterne:

„Laat my 'n rukkie met die koning alleen."

Engelse teks: „bestow this place on us a litte while." Dis duidelik dat die koningin graag alleen met die koning wil wees om hom mee te deel wat met haar gebeur het. In hierdie geval het ek die Nederlandse vertaling gevolg: „Laat my zolang alleen met de koning."

- 47) „uit bereik van mense”: „out of haunt” beteken volgens Steevens ‚out of company’, maar Johnson sê dit moet lui: „out of harm”. Ek volg Steevens se vertolking.
- 48) „soos ’n aap”: ‚like an ape’. Die kwarto gebruik die woord ‚apple”; die folio gebruik ‚ape’ wat gewoonlik gevolg word.
Malone sê ‚like an ape’ is die regte sinsnede en dit het betrekking op die koning wat met ’n aap vergelyk word.
- 49) „’n Ding, prins?”
Engelse teks: „A thing, my lord?”
 „Of nothing . . .”
Johnson vra of dit nie behoort te lui: „Or nothing . . .”
Steevens sê egter dat die teks korrek is. Ek het dit gevolg:
 „’n Ding, my heer?”
 „Van nietigheid.”
- 50) „What is a man
If his chief good and market of his time
Be but to sleep and feed?”
 „Wat is die mens
as steeds sy hoogste goed, sy lewensgewin
uit slaap en eet bestaan?”
„Market here I think means profit . . . (Malone).
- 51) „Om waarlik groot te wees,” ens.
 „Rightly to be great
Is, not to stir without great argument,
But greatly to find quarrel in a straw,
When honour ’s at stake . . .”
Theobald het hierdie passasie soos volg gewysig:
 „T’is not to be great
Never to stir without great argument,
But greatly” . . . ens., sê Johnson.
„That have a father killed, a mother stain’d
Excitements of my reason and blood . . .”
Johnson verduidelik: „Provocations which excite my reason and my passions to vengeance.”
- 52) . . . ‚sodra die eer op die spel is’ . . . „When honour is at the stake’ . . .
Johnson se vertolking: „The sentiment of Shakespeare is partly just, partly romantick (sic). Rightly to be great is, not to stir without great argument,” sê hy, filosofies. „But greatly to find quarrel in a straw, when honour is at the stake’ . . . dit sê hy is die idee van ’n moderne held.
„my rede en bloed tot hand’ling aangespoor” . . .
„Excitements of my reason and my blood.”
Johnson sê dit beteken: „Provocations which excite both my reason and my passions to vengeance.”
- 53) „Tomorrow is Saint Valentine’s day
All in the morning betime,
And I a maid at your window,
To be your Valentine.
Then up he rose, and donn’d his clothes,
And dupp’d his chamber-door;
Let in the maid, that out a maid
Never departed more.”
 (Dup . . . to do up, to raise the latch, i.e. to open.)
„KING: Pretty, Ophelia.”
In ’n uitgawe van Shakespeare se werke in 1813 uitgegee heet dit: „To-morrow is Saint Valentine’s day” . . . ens.

Volgens Steevens het die ou uitgawes die woorde soos in die teks aangehaal, bevat; hul is egter gekorrigeer deur dr. Farmer, wat „Good morrow” vir „tomorrow” gesubstitueer het. Dit kom my voor dat „Good morrow” beter by die inhoud pas. Hierdie vertolking stem ook ooreen, volgens Malone, met die ou tradisies. Dan sou die volgende wysiging in die vertaling moet plaasvind:

„Goeimore, dis Sint Valentynsdag;
betyds, met oggendskyn,
Kom ek, 'n maagd, na jou venster
as jou eie Valentyn.” —

en wat volg

„By Sus en by die heil'ge skaar”
„By Gis and by Saint Charity,”
„Alack and fye for shame!
Young men will do 't if they come to 't,
by cock they are to blame.”

„Gis”: 'n verkorting van Jesus. (Daar was egter 'n St. Gislen.)

„By cock”: Steevens verduidelik: „This is likewise a corruption of the sacred name. Many instances are given in a note at the beginning of the 5th act in the 2nd part of King Henry IV . . .”

„Alack and fye for shame’ het betrekking op die maagd wat na sy kamer-venster gekom het.

54) „Maak dadelik haar graf.”

Engelse teks: . . . make her grave straight.’

Johnson sê dit beteken dat die graf van oos na wes in 'n reguit lyn parallel met die kerk gemaak moet word; nie van noord na suid, dwarsoor die reguit lyn, nie.

Steevens sê hy stem glad nie saam nie. Al wat dit beteken, is dat die graf dadelik gemaak moet word.

Steevens se vertolking is ongetwyfeld reg, meen ek. Dit word ook in die Nederlandse en Duitse vertalings so vertolk.

55) „as jy my nie kan antwoord nie,

bely dan —”

Engelse teks: „Confess thyself.” „Go to . . .”

Nederlands: „Als je me daar niet het juiste antwoord geeft, kun je naar de pomp lopen.”

Duits: „Ich wil dir noch eine ander Frage vorlegen: wenn du mir nicht gehorig antwortet, so bekenne”.

Hier weer verkies ek die Duitse vertaling.

56) „Ons moet in ons pasoppens wees of dubbelsinnigheid kan ons ondergang wees.”

Engelse teks: „We must speak by the card or equivocation will undo us.” i.e. „We must speak with the same precision and accuracy as is observed in making the true distances of coasts, heights, courses etc. in a sea-chart.” (Malone).

„To do anything by the card, is, to do it with nice observation.” (Johnson).

Nederlands: „Wy moeten op onze tellen passen.”

Duits: „Wir müssen nach der Schuur sprechen.”

57) „Word haar haar maagdekrans gegun.” Engelse teks „Yet . . . she is allowed her maiden crants.” So staan dit in die kwarto 1604. Malone en Johnson twyfel omtrent die woord ‚crants’. Johnson meen dis afkomstig van Duits en beteken ‚garlands’ of ‚wreaths’. Johnson sê ‚to carry garlands before the bier of a maiden, and to hand them over the grave, is still the practice in rural parishes.’ Die Nederlandse vertaling gebruik die woord

- „maagdenkrans”; die Duitse: „Madschenkrantz”.
- 58) „In boeie erger as 'n muit'ling s'n.” Engels: „...methought I lay worse than the mutines in the bilboes.”
 „Mutines' — a French word for seditious or disobedient fellows” (Johnson).
 Bilboes: ... the ship's prison (Malone).
- 59) „Daar is 'n Godheid wat ons planne afrond, hoe ru ons hul ook al ontwerp.”
 Engelse teks: „There's a divinity that shapes our ends
 Rough-hew them how we will.”
 Nederlands: „...er 'n voorzienigheid is, die de plannen die wij ruw schetsen, afmaakt.”
 Duits: „Dass eine Gottheit unsre Zwecke formt,
 Wie wir sie auch entwerfen.”
 Dr. Farmer, 'n tydgenoot van Steevens, merk op: „A woolman, butcher and dealer in ‚skewers’ (wat beskryf word as „a pin of wood or iron for fastening meat to a spit”) had observed that his nephew (an idle lad) could assist him in making them, but he was obliged to *shape their ends*” after his nephew had „rough-hewed them”.
 Collancz se definisie van „rough-hew” is „a technical term in carpentry.”
- 60) Staatslui... Engelse teks „statists”. „A ‚statist’ is a stateman,” volgens Steevens.
 „soos
 'n palmboom moes groei en die vrede steeds...”
 Dit is na aanleiding van psalm 92 vers 12.
- 61) „Die wisseling bly onbekend.” Engelse teks: „The chang'ling never known.”
 Malone merk op: „A changeling is a child which the fairies are supposed to leave in the room of that which they steal.”
- 62) „Maar in die waarheid van verheerliking beskou ek hom 'n gees van groot betekenis.” Engels: „But in the verity of extolment, I take him to be a soul of great article.”
 „... a soul of great article”, sê Johnson, is onduidelik. Hy het gedink dit was „a soul of great altitude”, maar hy het tot die gevolgtrekking gekom dit beteken „a soul of great comprehension”, „of many contents. The particulars of the inventory are called articles.”
- 63) ‚hangers’. Dieselfde woord word in die Engelse teks gebruik. Steevens sê: „Under this term were comprehended 4 graduated straps that hung in a belt on each side of the receptacle for the sword”.
- 64) „Hierdie kiewiet loop weg met die skulp op sy kop.”
 Engelse teks: „This lapwing runs away with the shell on his head.”
 „Hy het seker sy moeder se borste komplimente gemaak voor hy daaraan gedrink het.”
 Engelse teks: „He did comply with his dug before he sucked it.”
 Malone sê: „for comply” Dr Warburton and the subsequent editors read *compliment*.
- 65) „die felle vergif
 oormeester gans my gees...”
 Engelse teks: „The potent poison quite o'ercrows my spirit.”
 Steevens sê „o'ercrows” het blykbaar betrekking op 'n hanegeveg, waar die haan die ander oormeester „exulting over his conquered antagonist.”
 Die Nederlandse vertaling volg blykbaar hierdie vertolking waar dit lui: „Het felle gif kraait de oorwinning uit.”
 Die Duitse vertaling lui „Das starke Gift bewältigt meinen Geist.”
 As Steevens se vertolking, gevolg deur die Nederlandse, korrek is, dan het Shakespeare iets verspots gesê. Ek verwerp dit.